

**DWALING WEENS FOUTIEWE KOMMUNIKASIE BY DIE ELEKTRONIESE  
KONTRAKTERINGSPROSES**

Navorsingsverslag ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die LLM  
graad In- en Uitvoer aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-  
Universiteit

deur

**F.J. Coetzer**  
**12795860**

Module: LLMS873

Studieleier: Prof. GTS Eiselen

Medestudieleier: Prof. SPLR de la Harpe

Mei 2011

## Inhoudsopgawe

Dankbetuigings.....	3
Lys van afkortings.....	4
1      Inleiding en probleemstelling .....	5
2      Die Suid-Afrikaanse reg sposisie.....	7
2.1 <i>Gemenereg.....</i>	7
2.2 <i>Die Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies, 25 van 2002 .....</i>	26
3      Die Verenigde Nasies Konvensie oor Kontrakte vir die Internasionale Koop van Goedere (1980).....	47
4      UNIDROIT-beginsels .....	65
5      Die Verenigde Nasies Konvensie oor die Gebruik van Elektroniese Kommunikasie in Internasionale Kontrakte (2005) .....	75
6      Vergelyking .....	85
7      Gevolgtrekking .....	90
Bibliografie.....	92
Taalversorgingsbrief .....	103

## **Dankbetuigings**

### **GLORIA IN EXCELSIS DEO**

Hiermee wil ek graag die volgende persone bedank:

Professor GTS Eiselen, my studieleier vir sy ondersteuning en leiding.

Professor SPLR de La Harpe, vir sy hulp en bystand.

## Lys van afkortings

CILSA	<i>The Comparative and International Law Journal of South Africa</i>
CISG	<i>United Nations Convention on Contracts for the International Sale of Goods 1980</i>
CLSR	<i>Computer Law &amp; Security Report</i>
EDI LR	<i>EDI Law Review</i>
EKT-wet	Die Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies, 25 van 2002
JILT	<i>Journal of Information, Law &amp; Technology</i>
JICLT	<i>Journal of International Commercial Law and Technology</i>
JLC	<i>Journal of Law and Commerce</i>
JT	<i>Juridisk Tidskrift</i>
KIKG	Verenigde Nasies Konvensie oor Kontrakte vir die Internasionale Koop van Goedere 1980
PER	<i>Potchefstroom Electronic Law Journal</i>
SALJ	<i>South African Law Journal</i>
SA Merc LJ	<i>South African Mercantile Law Journal</i>
SMS	<i>Short Message Service</i>
Stell LR	<i>Stellenbosch Law Review</i>
THRHR	Tydskrif vir die Hedendaagse Romeins Hollandse Reg
ULR	<i>Uniform Law Review</i>
UNCITRAL	<i>United Nations Commission on International Trade Law</i>
UNIDROIT	<i>International Institute for the Unification of Private Law</i>
UNESCO	<i>United Nations Educational, Scientific and Cultural Organization</i>
VJICLA	<i>Vindobona Journal of International Commercial Law and Arbitration</i>
VJTL	<i>Vanderbilt Journal of Transnational Law</i>
VN	Verenigde Nasies
YJIL	<i>Yale Journal of International Law</i>

## 1 Inleiding en probleemstelling

Internasionale handel is aan die toeneem, ook in Suid-Afrika. Met die toename in inligtingstegnologie word baie van hierdie internasjonale ooreenkomste elektronies gesluit. Daar word dikwels in die gewone omgangstaal daarna verwys as e-handel. Hierdie vorm van kontraksluiting en onderhandeling is baie gerieflik en ook baie gewild.<sup>1</sup>

Probleme kan egter ontstaan met elektroniese onderhandelinge en die sluit van elektroniese kontrakte. By elektroniese kommunikasie is foute meer algemeen as by die ander meer tradisionele vorms van kontraksluiting.<sup>2</sup> Sulke foute kan veroorsaak word deur menslike handelings of deur foutiewe elektroniese toerusting.<sup>3</sup> Voorbeeld van foute veroorsaak deur elektroniese toerusting sluit in boodskappe wat dubbel gestuur en ontvang word, boodskappe wat aan die verkeerde adres gestuur word, data wat korrumpeer word,<sup>4</sup> of waar probleme in die transmissieproses veroorsaak dat die boodskap laat of glad nie of onvolledig gestuur of ontvang word.<sup>5</sup> Voorbeeld van foutiewe menslike kommunikasie is waar verkeerde bedrae of hoeveelhede ingesleutel word of waar sleutel per ongeluk gedruk word.<sup>6</sup> Sodanige foute kan groot onsekerheid veroorsaak en demper plaas op internasjonale handel. Regsekerheid op hierdie gebied is noodsaaklik om internasjonale handel te bevorder.

Die studie sal fokus op die regsposisie waar foutiewe kommunikasie tydens die proses van kontraksluiting voorkom. Spesifiek gaan daar gekyk word na die posisie waar natuurlike persoon fout tydens die elektroniese

---

<sup>1</sup> Kerr *Law of Contracts* 241; Eiselen 2007 PER 2.

<sup>2</sup> *United Nations Convention on the Use of Electronic Communications in International Contracts* nota op a 14 par 224.

<sup>3</sup> *United Nations Convention on the Use of Electronic Communications in International Contracts* nota op a 14 par 224.

<sup>4</sup> Dit gebeur waar 'n databoodskap gestuur word en die oorspronklike boodskap iewers in die elektroniese proses bederf word. Die boodskap word dan so verander en maak dit vir die geadresseerde moeilik of onmoontlik om die boodskap te verstaan of gebruik.

<sup>5</sup> Eiselen 1995 SA Merc LJ 12.

<sup>6</sup> *United Nations Convention on the Use of Electronic Communications in International Contracts* nota op a 14 par 224.

kommunikasieproses begin en nie waar rekenaar of elektroniese toerusting die fout veroorsaak het nie. Daar sal dan gekyk word na watter effek die foutiewe kommunikasie op die kontrak het. Die foutiewe kommunikasie kan lei tot dwaling tussen die kontrakterende partye wat gevvolglik die wilsooreenstemming tussen hulle kan uitsluit en die geldigheid van die kontrak beïnvloed. Die studie sal net fokus op situasies waar die fout en dwaling *bona fide* gemaak is en sluit gevalle van opset uit. Daar sal verder ook net gekyk word na waar die kommunikasiemetode indirek van aard is, soos e-pos, sms, faks, teleks, gevallen waar daar met muis op webwerf gekliek word, asook ander variasies van kontraksluiting soos elektroniese data-uitruiling (EDU) en die gebruik van elektroniese agente.<sup>7</sup>

Die Suid-Afrikaanse regsposisie ten aansien van dwaling weens foutiewe kommunikasie in die kontrakteringsproses sal analyseer en vergelyk word met die van die 1980 *Weense Konvensie (KIKG)*, die *UNIDROIT-beginsels* en die *2005 Konvensie van Elektroniese Kommunikasie in Internasionale Kontrakte*. Laasgenoemde instrumente is spesifiek geskep vir die internasionale handel en kan gebruik word om die regsposisie van partye te reguleer.<sup>8</sup>

Ten slotte sal die Suid-Afrikaanse regsposisie aan die hand van die bogemelde vergelyking geëvalueer word, en indien nodig, aanbevelings gemaak word.

---

<sup>7</sup> Van der Merwe ea *Kontraktereg 73 - Kommunikasiemetodes* wat indirek van aard is, is waar die betrokke partye elektronies met mekaar kommunikeer en die kommunikasie nie noodwendig direk of oombliklik is nie. Die een party kan byvoorbeeld 'n e-pos stuur en die ander party kan die boodskap dalk eers later ontdek en later daarop antwoord/reageer. Tipiese kommunikasiemetodes wat direk van aard is, sluit gesels-, video-, konferensie- en internet-telefoonfasilitete in. By hierdie kommunikasiemetodes kommunikeer die partye direk met mekaar en is die kommunikasie oombliklik.

<sup>8</sup> Die KIKG is geskep met die doel om eenvormige reëls by internasionale koopkontrakte daar te stel. Die konvensie word as die suksesvolste een tot dusver beskou en is tot op datum deur 76 state onderteken. Die UNIDROIT-beginsels is geskep met die doel om 'n stel reëls te skep wat oor internasionale kommersiële transaksies reguleer. Dit gee algemene reëls vir internasionale kommersiële kontrakte en verskaf goeie oplossings vir probleme op die gebied. Die 2005-UNCITRAL-konvensie is spesifiek geskep met die doel om elektroniese kommunikasie in internasionale kontrakte te reguleer. Die konvensie bied kommersiële voorspelbaarheid en praktiese oplossings rondom kwessies by die gebruik van elektroniese kommunikasie in internasionale kontrakte.

## 2 Die Suid-Afrikaanse regsposisie

### 2.1 Gemenereg

Kontrak in sy eenvoudigste vorm kan uitgedruk word as ooreenkoms wat deur die reg afdwingbaar is of poog om afdwingbaar te wees.<sup>9</sup> Volgens die Suid-Afrikaanse reg is daar aantal vereistes waaraan kontrak moet voldoen voordat dit as geldig geag word. Die partye moet handelingsbevoegd wees, hulle moet aan alle formaliteite voldoen wat die reg voorskryf, daar moet wilsooreenstemming tussen hulle wees, die prestasie moet moontlik wees, die ooreenkoms moet geoorloof wees en die prestasie moet bepaald of bepaalbaar wees.<sup>10</sup>

Om die aanspreeklikheid wat uit kontrak voortvloeи te bepaal is dit nodig om na die grondslag van die kontrak te kyk. Die kontraktuele aanspreeklikheid het te doen met die bepaling van die regte en verpligte wat uit die kontrak voortspruit en regverdig die afdwingbaarheid van die kontrak.<sup>11</sup>

Om die grondslag van kontrak te bepaal word daar van subjektiewe en objektiewe benaderings gebruik gemaak.<sup>12</sup> Daar bestaan tans drie verskillende teorieë in die Suid-Afrikaanse reg om die grondslag van kontrak te bepaal. Daar is die subjektiewe wilsteorie en dan is daar die objektiewe verklarings- en vertrouensteorieë.<sup>13</sup> Hierdie teorieë blyk baie verskillend van

---

<sup>9</sup> Christie *The Law of Contract* 2.

<sup>10</sup> De Wet en Van Wyk *Kontraktereg en Handelsreg* 83; Snail 2008 *JILT* 5 - Alhoewel die meeste konakte gesluit word waar aanbod en aanname teenwoordig is, is dit egter nie 'n vereiste dat daar 'n uitdruklike aanbod en aanname moet wees nie. Partye bereik dikwels ooreenstemming deur menigte kommunikasies heen en weer te stuur sonder dat daar 'n uitdruklike aanbod en aanname is.

<sup>11</sup> Pretorius 2004 *CILSA* 97; Pretorius 2004 *THRHR* 179.

<sup>12</sup> Pretorius 2004 *THRHR* 383.

<sup>13</sup> Christie *The Law of Contract* 1; Pretorius 2004 *THRHR* 385; Pretorius 2005 *THRHR* 449 en 260; In kort bepaal die subjektiewe wilsteorie dat die grondslag van kontrak geleë is in die *consensus ad idem* of wilsooreenstemming tussen die partye. Die verklaringsteorie bepaal dat die grondslag geleë is in die verklaarde bedoelings van die partye terwyl die vertrouensteorie bepaal dat die grondslag geleë is in die redelike verwagtinge wat geskep word tussen die partye.

mekaar te wees en daar bestaan ondersteuning vir al drie bogenoemde teorieë.<sup>14</sup>

### 2.1.1 *Die grondslag van kontraktuele aanspreeklikheid*

#### 2.1.1.1 Die subjektiewe benadering

Die bedoelings-, of te wel die wilsteorie, bepaal dat die grondslag van 'n kontrak geleë is op die subjektiewe wilsooreenstemming of ware ooreenstemmende bedoelings tussen die kontrakspartye.<sup>15</sup> Daar is reeds in die Romeinse en Romeins-Hollandse reg bepaal dat die partye se wil of ooreenstemmende bedoelings die algemene grondslag van kontraktuele aanspreeklikheid is.<sup>16</sup> Deur na die Suid-Afrikaanse howe te kyk kan gesien word dat die benadering vanaf die Romeins-Hollandse reg geërf is.<sup>17</sup>

In *Saambou-Nasionale Bouvereniging v Friedman*<sup>18</sup> het Jansen AR sy goedkeuring aan die teorie gegee en bepaal dat:

In die algemeen word geleer dat die grondslag van 'n ooreenkoms *consensus ad idem*, wilsooreenstemming tussen die partye is. Ons bronne, literatuur en regsspraak is deurspek met 'n terminologie en stellings wat daarop dui dat met *consensus* bedoel word die saamval van wat elke party werklik (psigologies) wil.<sup>19</sup>

---

<sup>14</sup> Pretorius 2005 *THRHR* 253; Pretorius 2004 *THRHR* 179.

<sup>15</sup> Van der Merwe ea *Kontraktereg* 22; De Wet en Van Wyk *Kontraktereg en Handelsreg* 9; Christie *The Law of Contract* 1; Pretorius 2005 *THRHR* 442; Hutchison en Pretorius *The Law of Contract* 81; Dit is omrede die klem op die wil of die ooreenstemmende bedoelings van die party val.

<sup>16</sup> De Wet en Van Wyk *Kontraktereg en Handelsreg* 18.

<sup>17</sup> Kerr *Law of Contracts* 4; Pretorius 2004 *CILSA* 388; Pretorius 2004 *THRHR* 179; *Collen v Rietfontein Engineering Works* 1948 (A) par 435 – “*The question at issue really resolves itself into [this:] what was the intention of the parties at the time they entered into the contract?*”; *Jones v Anglo-African Shipping Co* 1972 (A) par 834 D – “*In the interpretation of a contract the general rule is that the court should determine what the true intention of the parties was.*”

<sup>18</sup> *Saambou-Nasionale Bouvereniging v Friedman* 1979 (A) par 993 E-F (Hierna net die *Saambou-saak*).

<sup>19</sup> Christie *The Law of Contract* 1; *Saambou-Nasionale Bouvereniging v Friedman* 1979 (A) par 993 E-F.

Die benadering is al menigmaal deur die Hoogste Hof van Appèl goedgekeur en bevestig.<sup>20</sup> Die teorie behels dat kontraktant slegs gebonde is aan die kontrak vir sover as wat daar ooreenstemmende bedoelings tussen hom en sy mede-kontraktant is.<sup>21</sup> Indien daar nie wilsooreenstemming tussen die kontrakterende partye is nie, het daar nie geldige kontrak tussen hulle ontstaan nie.<sup>22</sup> Vir wilsooreenstemming om tussen die partye te bestaan, moet beide kontraktante eensgesind wees oor die regte en verpligte wat hulle in die lewe wil roep, beide moet die bedoeling hê om regtens tot die ooreenkoms gebind te word en hulle moet ook bewus wees van die eensgesindheid tussen hulle.<sup>23</sup>

Alhoewel die wilsteorie as die algemene grondslag van kontrak beskou word, is die teorie nie sonder kritiek nie. Meeste kontrakte word gesluit met wilsooreenstemming teenwoordig, maar by gevalle waar die wilsooreenstemming afwesig is, ontstaan probleme.<sup>24</sup> Waar 'n dwaling *dissensus* veroorsaak, bestaan daar volgens die wilsteorie geen kontrak nie en 'n streng toepassing van die teorie sal onbillik wees.<sup>25</sup> Indien die teorie konsekwent toegepas sou word kan dit die gevolg hê dat elke wesenlike dwaling tot kontraktuele ongebondenheid lei.<sup>26</sup> Dit kan die gevolg hê dat persone uit kontrakte kan ontsnap deur slegs op gebrek aan wilsooreenstemming te steun.<sup>27</sup>

---

<sup>20</sup> *Spes Bona Bank v Portals Water Treatment of South Africa* 1983 (A) par 345 D-E (Hierna die *Spes Bona Bank*-saak); *Mondorp Eiendomsagentskap v Kemp en De Beer* 1979 (SCA) par 274 I-J (Hierna net die *Mondorp Eiendomsagentskap*-saak); *Tesvern CC v South African Bank of Athens* 2000 (SCA) par 274 I-J; *Cape Group Construction v Government of the United Kingdom* 2003 (SCA) par 226 I-F (Hierna die *Cape Group Construction*-saak).

<sup>21</sup> Van der Merwe ea *Kontraktereg* 22; *Saambou-Nasionale Bouvereniging v Friedman* 1979 (A) par 993 E-F.

<sup>22</sup> Kerr *Law of Contracts* 241.

<sup>23</sup> Van der Merwe ea *Kontraktereg* 22; Pretorius 2005 *THRHR* 443; Hutchison en Pretorius *The Law of Contract* 85.

<sup>24</sup> Pretorius 2005 *THRHR* 446.

<sup>25</sup> De Wet en Van Wyk *Kontraktereg en Handelsreg* 19; Hutchison en Pretorius *The Law of Contract* 90; Pretorius 2004 *THRHR* 188.

<sup>26</sup> Van der Merwe ea *Kontraktereg* 30; Hutchison en Pretorius *The Law of Contract* 90.

<sup>27</sup> Van der Merwe ea *Kontraktereg* 30; Pretorius 2004 *THRHR* 388.

In die *Spes Bona Bank*-saak<sup>28</sup> het die Hoogste Hof van Appèl ook die *consensus ad idem* of wilsooreenstemming tussen die partye as die grondslag van ooreenkoms bevestig, maar verder ook gesê dat die howe nie gebind is tot slegs een spesifieke teorie nie. Die rede hiervoor is dat die howe die reg moet toepas en al die teorieë in aanmerking moet neem, en waar nodig die reg moet ontwikkel om tot besluit te kom.

Hieruit kan gesien word dat die wilsteorie nie die enigste bindende grondslag vir aanspreeklikheid is nie en dat die howe nie onverbiddelik die wilsteorie aanhang nie.<sup>29</sup> Dus is die wilsteorie nie die enigste teorie om die grondslag van kontrak te bepaal nie, gevvolglik is ander benaderings ook ontwikkel.<sup>30</sup>

Die Engelse saak *Smit v Hughes*<sup>31</sup> was belangrik vir die Suid-Afrikaanse reg omdat 'n alternatiewe kontraktuele aanspreeklikheidsteorie anders as die wilsteorie ontwikkel is.<sup>32</sup> In die saak het Blackburn J gesê:

*If the parties are not ad idem, there is no contract, unless the circumstances are such as to preclude one of the parties from denying that he has agreed to the terms of the other.*<sup>33</sup>

Die reël van *Smith v Hughes* is direk so deur die Suid-Afrikaanse howe oorgeneem.<sup>34</sup> Die beginsels van die *Sonap Petroleum (SA) (Pty) Ltd v Pappadogianis*<sup>35</sup>-saak is op die beginsels van *Smit v Hughes* gegrond en deur Harms AR in die Suid-Afrikaanse reg bevestig.<sup>36</sup> Die *Sonap Petroleum*-saak is tans die toonaangewende saak rakende kontrakte wat in die afwesigheid van *consensus* gesluit is en daar word gereeld deur die howe na die saak verwys.<sup>37</sup>

---

<sup>28</sup> *Spes Bona Bank v Portals Water Treatment of South Africa* 1983 (A) par 345 D-E.

<sup>29</sup> De Wet en Van Wyk *Kontraktereg en Handelsreg* 19; Van der Merwe ea *Kontraktereg* 22; Pretorius 2004 *THRHR* 181.

<sup>30</sup> Van der Merwe ea *Kontraktereg* 22; Pretorius 2004 *THRHR* 179.

<sup>31</sup> *Smith v Hughes* 1870 QB par 597.

<sup>32</sup> De Wet en Van Wyk *Kontraktereg en Handelsreg* 22; Pretorius 2004 *THRHR* 188.

<sup>33</sup> Pretorius 2004 *THRHR* 188.

<sup>34</sup> De Wet en Van Wyk *Kontraktereg en Handelsreg* 22; Pretorius 2004 *THRHR* 192.

<sup>35</sup> *Sonap Petroleum v Pappadogianis* 1992 (A) par 238-239 (hierna net die *Sonap Petroleum*-saak).

<sup>36</sup> Pretorius 2004 *THRHR* 192.

<sup>37</sup> Pretorius 2004 *THRHR* 192.

Voordat daar na die ander grondslagteorieë van kontraktuele aanspreeklikheid gekyk word, gaan daar eers gekyk word na wat dwaling is en wanneer dit wilsooreenstemming uitsluit.

### 2.1.1.2 Dwaling

Waar partye met mekaar onderhandel en nie tot ooreenstemming kom nie, is beide partye meestal bewus dat *consensus* nie bereik is nie.<sup>38</sup> Waar beide partye bewus is van die *dissensus*, ontstaan daar gevvolglik geen ooreenkoms tussen hulle nie.<sup>39</sup> Waar party of beide partye egter nie bewus is van die *dissensus* nie, weens foutiewe indruk van party se bedoeling, verkeer die party of partye onder dwaling of *error*.<sup>40</sup> Breedweg kan gesê word dat dwaling bestaan waar verkeerde indruk van die werklike feite voorkom.<sup>41</sup> So dwaling kan veroorsaak dat een of albei die partye onder wanindruk van die werklike feite is en kan daartoe lei dat wilsooreenstemming ontbreek.<sup>42</sup>

Dwaling kan baie vorms aanneem en op verskeie maniere ontstaan.<sup>43</sup> Dit kan gebeur waar persoon hom verspreek met die aanbod of aanname; skryf- of tikfout maak;<sup>44</sup> die gestuurde boodskap verkeerd oordra;<sup>45</sup> die aanbod of aanname verkeerd verstaan; of waar iemand hom misgis oor die betekenis van woorde.<sup>46</sup>

---

<sup>38</sup> Van der Merwe ea *Kontraktereg* 25.

<sup>39</sup> Van der Merwe ea *Kontraktereg* 25; Hutchison en Pretorius *The Law of Contract* 82.

<sup>40</sup> De Wet en Van Wyk *Kontraktereg en Handelsreg* 9; Hutchison en Pretorius *The Law of Contract* 82.

<sup>41</sup> De Wet en Van Wyk *Kontraktereg en Handelsreg* 9; Hutchison en Pretorius *The Law of Contract* 82.

<sup>42</sup> De Wet en Van Wyk *Kontraktereg en Handelsreg* 9, Hutchison en Pretorius *The Law of Contract* 82.

<sup>43</sup> De Wet en Van Wyk *Kontraktereg en Handelsreg* 10.

<sup>44</sup> De Wet en Van Wyk *Kontraktereg en Handelsreg* 10 - Waar iemand byvoorbeeld 56 tik waar hy eintlik 65 wou tik.

<sup>45</sup> De Wet en Van Wyk *Kontraktereg en Handelsreg* 10; *Weiler v Oppenheim* (1856) - Waar makelaar 'n telegram gestuur het om effekte te verkoop en die telegram was verkeerd oorgesein en die makelaar bereik het met "koop" in plaas van "verkoop".

<sup>46</sup> De Wet en Van Wyk *Kontraktereg en Handelsreg* 10.

Waar die dwaling van so aard is dat dit die wilsooreenstemming uitsluit, staan dit bekend as wesenlike dwaling.<sup>47</sup> In die lig van die elemente van wilsooreenstemming sal so dwaling wesenlik wees waar die dwaling ‘n party se besluit om te kontrakteer beïnvloed.<sup>48</sup> Waar die dwaling nie wesenlik is nie, is die partye steeds *ad idem* met mekaar en bestaan daar ‘n geldige kontrak.<sup>49</sup>

Dwaling word ook deur die howe as eensydig,<sup>50</sup> wedersyds<sup>51</sup> of gemeenskaplik<sup>52</sup> geklassifiseer en word verder volgens soort in kategorieë geplaas.<sup>53</sup> ‘n In diepte bespreking hiervan val egter buite die besprekingsgebied van hierdie werk.

---

<sup>47</sup> Van der Merwe ea *Kontraktereg* 25; Hutchison en Pretorius *The Law of Contract* 84.

<sup>48</sup> Van der Merwe ea *Kontraktereg* 25; Hutchison en Pretorius *The Law of Contract* 82.

<sup>49</sup> Hutchison en Pretorius *The Law of Contract* 84.

<sup>50</sup> *Trollip v Jordaan* 1961 (A) - Eensydige dwaling (*unilateral mistake*) is waar slegs een van die betrokke partye onder dwaling verkeer, terwyl die ander party van die regte stand van sake bewus is. Hier is wilsooreenstemming afwesig en geen bestaande kontrak nie.

<sup>51</sup> *Diamond v Kernick* 1947 (A) - Wedersydse dwaling (*mutual mistake*) kom voor waar elke party onder sy eie foutiewe indruk van die ander party se bedoelings is en beide partye dan so onbewus van mekaar se dwaling is. Waar partye wedersyds dwaal is wilsooreenstemming afwesig en gevvolglik geen bestaande kontrak nie.

<sup>52</sup> *Dickinson Motors (Pty) Ltd v Oberholzer* 1952 (A) - Gemeenskaplike dwaling (*common mistake*) kom voor waar beide partye onder dieselfde foutiewe indruk verkeer en beide nie bewus is van die foutiewe indruk nie. So ‘n dwaling lei nie tot *dissensus* nie, omdat die partye in beginsel steeds *ad idem* met mekaar is. Die partye stem steeds ooreen, maar hulle wilsooreenstemming is op foutiewe aanname gebaseer. Dit het die gevvolg dat die kontrak nietig is.

<sup>53</sup> *Maresky v Morkel* 1994 (A) par 414 - *Error in corporae* is ‘n wesenlike dwaling waar daar gedwaal word omtrent die voorwerp van die prestaie; *Venter v Credit Guarantee Insurance Corporation of Africa* 1996 (A) par 974-976 - *Error in negotio*, is waar gedwaal word oor die aard van die betrokke regshandeling tussen die partye. Hierdie vorm van dwaling is wesenlik; *Bird v Summerville* 1961 (A) par 204 G - *Error in persona*, hier word gedwaal oor die identiteit van die kontrakterende partye. Die dwaling ten opsigte van die identiteit van die party kan wesenlik wees; *Trollip v Jordaan* 1961 (A) - *Error in qualitate*, onstaan waar daar dwaling heers rondom eienskap of kwaliteit van die prestatie wat gelewer moet word. Die vorm van dwaling word in die algemeen nie as wesenlik beskou nie; *Maritime Motors (Pty) Ltd v Von Steiger* 2001 (A) - In sommige gevalle is die materiaal waarvan die voorwerp gemaak is so van belang dat die dwaling die wilsooreenstemming tussen die partye kan uitsluit, dit staan bekend as *error in substantia*. Hierdie tipe dwaling is meer as net blote *error in qualitate* en is wesenlik; *Trollip v Jordaan* 1961 (A) - Dwaling in die beweegrede is gewoonlik ook nie wesenlik nie en kom voor waar ‘n party self die *dissensus* veroorsaak het en iets glo wat die ander party nie genoem of gewaarborg het nie.

### 2.1.1.3 Die objektiewe benadering

In teenstelling met die subjektiewe benadering om die grondslag van kontrak te bepaal, staan die objektiewe benadering. By gevalle waar dwaling die *consensus* uitsluit, en die wilsteorie te kort skiet, volg die howe die benadering.<sup>54</sup>

Die benadering behels dat party nie aanspreeklikheid kan vermy deur bloot te beweer dat die ooreenkoms gesluit is op die gronde dat hy nie bedoel het om homself te bind nie.<sup>55</sup> Die objektiewe benadering bestaan egter nie uit eenvormige teorie nie, maar eerder uit verskeidenheid van benaderings, soos die vertrouens- en verklaringsteorieë.<sup>56</sup> Hierdie twee teorieë word nie in die Suid-Afrikaanse reg as algehele alternatiewe vir die wilsteorie beskou nie. Hulle word meestal gebruik om die wilsteorie aan te vul en te kwalifiseer waar dit nie bevredigend is nie en word veral aan die bedoeling van die uitdrukking gebind.<sup>57</sup>

#### 2.1.1.3.1 Die verklaringsteorie

Die teorie is uiterste geval van die objektiewe benadering tot kontraktuele gebondenheid, omdat dit nie enige subjektiewe bedoelings van die partye in ag neem nie.<sup>58</sup> Die teorie bepaal dat die kontraktante nie gebonde is aan kontrak op die grondslag van hulle subjektiewe ooreenstemmende bedoelings nie, maar eerder op hulle objektiewe ooreenstemmende verklarende bedoelings.<sup>59</sup> In sy eenvoudigste vorm is die teorie gebaseer op die blote ooreenstemmende verklarings van die kontraktante.<sup>60</sup> Die gevolg van die benadering kan egter, waar die partye se verklarende bedoelings verkeerd uitgedruk is, veroorsaak dat kontrak afgedwing kan word wat nie een van

---

<sup>54</sup> Pretorius 2005 *THRHR* 453.

<sup>55</sup> Van der Merwe ea *Kontraktereg* 41; Pretorius 2004 *THRHR* 385; Hutchison en Pretorius *The Law of Contract* 90.

<sup>56</sup> Christie *The Law of Contract* 1; Pretorius 2005 *THRHR* 442; Pretorius 2004 *THRHR* 385.

<sup>57</sup> Van der Merwe ea *Kontraktereg* 20; Pretorius 2004 *THRHR* 192.

<sup>58</sup> Pretorius 2005 *THRHR* 457.

<sup>59</sup> Van der Merwe ea *Kontraktereg* 37; Pretorius 2005 *THRHR* 457; Pretorius 2004 *CILSA* 396.

<sup>60</sup> Van der Merwe ea *Kontraktereg* 19; Hutchison en Pretorius *The Law of Contract* 97.

die partye verlang nie.<sup>61</sup> Die benadering is al in sake soos *South African Railways & Harbours v National Bank of South Africa Ltd*<sup>62</sup> gevolg en daar is deur Wessels JA bepaal:

*The law does not concern itself with the working of the minds of parties to a contract, but with the external manifestation of their minds. Even therefore if the minds of the parties do not meet, yet, if by their acts their minds seem to have met, the law will look to their acts and assume that their minds did meet.*<sup>63</sup>

Die benadering geniet egter verder min ondersteuning deur die howe en is saam met die bogenoemde *dictum* van Wessels JA in die Saambou-sak nie goedgekeur nie.<sup>64</sup> Alhoewel die benadering afgekeur is, word daar steeds gereeld na Wessels JA se *dictum* verwys en vorm dit steeds deel van die Suid-Afrikaanse reg.<sup>65</sup>

#### 2.1.1.3.2 Die vertrouensteorie

Die vertrouensteorie, of te wel *quasi mutual assent*, bepaal dat kontrak berus op die bedoelings van party en die redelike vertroue of indruk dat die ander party dieselfde bedoelings het.<sup>66</sup> Met ander woorde, dit behels dat party gebonde gehou kan word aan die redelike vertroue van *consensus* wat hy by die ander kontraktant geskep het.<sup>67</sup> Hierdie teorie is gepas vir situasies

---

<sup>61</sup> Pretorius 2005 *THRHR* 459; Hutchison en Pretorius *The Law of Contract* 98.

<sup>62</sup> *South African Railways & Harbours v National Bank of South Africa* 1924 AD par 715-716.

<sup>63</sup> *South African Railways & Harbours v National Bank of South Africa* 1924 AD par 715-716.

<sup>64</sup> Pretorius 2004 *THRHR* 386; *Saambou-Nasionale Bouvereniging v Friedman* 1979 (A) par 993–995; *Sonap Petroleum v Pappadogianis* 1992 (A) par 238J-239A; *Trollip v Jordaan* 1961 (A) 251; In die *Sonap Petroleum-* en *Trollip v Jordaan*-sake is bepaal dat uitdruklike steun vir die teorie nie in die woorde van Wessels JA ingelees moet word nie.

<sup>65</sup> *Sonap Petroleum v Pappadogianis* 1992 (A) par 238 I-J - In die *Sonap Petroleum*-saak is daar ook na die *dictum* van Wessels verwys en gesê dat: “*The law, as a general rule, concerns itself with the the external manifestations, and not the workings, of the minds of the parties to a contract.*” Hierdie is bloot ‘n aanduiding van die praktiese belangrikheid om na die partye se uitwendige verklarings te kyk om ooreenstemming te bepaal indien *consensus* teenwoordig is; Pretorius 2004 *THRHR* 386 - Volgens Pretorius kyk sommige kommentators na die *dictum* van Wessels JA en sê dat dit uitdruklik in die Suid-Afrikaanse reg verwerp is. Volgens Pretorius is daar geen uitdruklike verwerping deur die howe van die verklaringsteorie nie.

<sup>66</sup> Christie *The Law of Contract* 1; Kerr *Law of Contracts* 20; Pretorius *De Jure* 205; Hutchison en Pretorius *The Law of Contract* 81.

<sup>67</sup> Christie *The Law of Contract* 1; Pretorius 2005 *THRHR* 454; Pretorius 2004 *THRHR* 179; Pretorius 2004 *CILSA* 116 en 388.

waar wilsooreenstemming ontbreek, dan kan die partye gebind word aan die kontrak weens die skyn van wilsooreenstemming wat geskep is.<sup>68</sup> Die vertrouensteorie is vorm van die goeie trou-beginsel.<sup>69</sup>

Die teorie is oorgeneem vanuit die Engelse reg soos geformuleer deur Blackburn J in die saak *Smith v Hughes*.<sup>70</sup> Die Suid-Afrikaanse howe het die belangrike saak gevolg en in die *Mondorp Eiendomsagentskap*<sup>71</sup>-saak het Jansen AR gesê dat die wilsteorie die algemene grondslag vir kontraktuele aanspreeklikheid is, maar in sommige gevalle deur die vertrouensteorie getemper moet word.<sup>72</sup> Laasgenoemde is ook in die *Sonap Petroleum*<sup>73</sup>- en *Steyn v LSA Motors Ltd*<sup>74</sup>-sake bevestig.

Die howe het egter nie duidelik die vertrouensteorie of eenvormige beginsel geformuleer ten opsigte van hoe die benadering toegepas moet word nie.<sup>75</sup> Die vertrouensteorie is buigbare benadering en kom in verskeidenheid van vorms soos *estoppel by representation*, *iustus error* en direkte toepassing van die vertrouensteorie voor.<sup>76</sup>

Gevollik gaan daar na die verskeie vorms van die vertrouensteorie gekyk word en hoe dit die wilsteorie kwalifiseer en aanvul in gevalle waar wilsooreenstemming ontbreek.

---

<sup>68</sup> Van der Merwe ea *Kontraktereg* 38.

<sup>69</sup> Pretorius 2005 *THRHR* 276.

<sup>70</sup> Pretorius 2005 *THRHR* 556; *Saambou-Nasionale Bouvereniging v Friedman* 1979 (A) par 995; *Mondorp Eiendomsagentskap v Kemp en De Beer* 1979 (SCA) par 78; *Sonap Petroleum v Pappadogianis* 1992 (A) par 238-239; *Steyn v LSA Motors Ltd* 1994 (A) par 61.

<sup>71</sup> *Mondorp Eiendomsagentskap v Kemp en De Beer* 1979 (SCA) par 274 I-J.

<sup>72</sup> *Mondorp Eiendomsagentskap v Kemp en De Beer* 1979 (SCA) par 274 I-J; Pretorius 2004 *THRHR* 384.

<sup>73</sup> *Sonap Petroleum v Pappadogianis* 1992 (A) par 238-239.

<sup>74</sup> *Steyn v LSA Motors Ltd* 1994 (A) par 61.

<sup>75</sup> Pretorius 2004 *THRHR* 563 en 557.

<sup>76</sup> Pretorius 2004 *THRHR* 389.

### 2.1.1.3.2.1 *Estoppel by representation*

Die *estoppel*-benadering is nie grondslagteorie vir kontraktuele aanspreeklikheid nie, maar dien eerder as korrektiewe middel om die wilsteorie by gevalle van *dissensus* aan te vul.<sup>77</sup> Volgens die leerstuk mag persoon wat deur ander mislei is en tot sy nadeel gehandel het weens die verwekte skyn, die skynverwekker *estop* (verhoed) om op die werklike toedrag van sake te steun.<sup>78</sup> Indien so *estoppel* slaag het dit die gevolg dat die skyn gehandhaaf moet word asof dit korrek is.<sup>79</sup> Die misleide party kan nie direk op so skyn steun nie en kan hom eers op *estoppel* beroep indien die misleidende persoon die korrekte feite opper.<sup>80</sup> In sulke gevalle sal die persoon wat die skyn geskep het gebonde gehou kan word asof daar werklike wilsooreenstemming was en word die fiktiewe kontrak gehandhaaf.<sup>81</sup>

In die *Saambou* saak was Jansen AR huiwerig om die *estoppel*-benadering te volg by gevalle van *dissensus*, daarom het hy eerder 'n direkte toepassing van die vertrouensteorie gevolg.<sup>82</sup> Later in die *Sonap Petroleum*-saak het die benadering se steun nog verder verminder.<sup>83</sup> By gevalle van dwaling het die hof hom sterk teen die *estoppel*-benadering uitgespreek omrede dit skyn skep, en eerder sy steun aan die direkte toepassing van die vertrouensteorie gegee in gevalle waar *dissensus* voorkom.<sup>84</sup>

Die *estoppel*-benadering en die vertrouensteorie het heelwat in gemeen. Beide beskerm die verwagtinge van die redelike vertroue wat geskep is en albei is gegrond op die beginsel van *Smith v Huges*.<sup>85</sup> Die verskil lê egter in die gevolge. Waar die vertrouensteorie suksesvol gebruik word, het dit

---

<sup>77</sup> Pretorius 2004 *THRHR* 549.

<sup>78</sup> De Wet en Van Wyk *Kontraktereg en Handelsreg* 30; Pretorius 2004 *THRHR* 389; Pretorius 2004 *CILSA* 124; Hutchison en Pretorius *The Law of Contract* 93.

<sup>79</sup> Van der Merwe ea *Kontraktereg* 32; Hutchison en Pretorius *The Law of Contract* 93.

<sup>80</sup> Van der Merwe ea *Kontraktereg* 32.

<sup>81</sup> De Wet en Van Wyk *Kontraktereg en Handelsreg* 23; Pretorius 2004 *THRHR* 390.

<sup>82</sup> *Saambou-Nasionale Bouvereniging v Friedman* 1979 (A) par 995; Pretorius 2004 *THRHR* 391.

<sup>83</sup> Pretorius 2004 *THRHR* 391.

<sup>84</sup> *Sonap Petroleum v Pappadogianis* 1992 (A) par 239A; Pretorius 2004 *THRHR* 392.

<sup>85</sup> Pretorius 2004 *THRHR* 392.

kontraktuele verpligtinge tot gevolg en in die geval van *estoppel* is dit slegs verweer wat die skyn van die geskepte kontrak in stand hou.<sup>86</sup>

Alhoewel die *estoppel*-benadering deur die howe aangekeur is en eintlik al in onbruik verval het, vorm dit egter steeds deel van die Suid-Afrikaanse reg en is steeds as remedie beskikbaar.<sup>87</sup>

#### 2.1.1.3.2.2 Direkte toepassing van die vertrouensteorie

Die direkte toepassing van die vertrouensteorie is grondslagteorie vir kontraktuele aanspreeklikheid en waar dit suksesvol toegepas word, het dit kontraktuele verpligtinge tot gevolg.<sup>88</sup> Die benadering behels dat party gebonde gehou kan word aan die redelike vertroue van *consensus* wat hy by die ander kontraktant geskep het.<sup>89</sup>

Om te sien hoe die benadering prakties toegepas word, kan daar na die onlangse *Constantia Insurance v Compusource*<sup>90</sup>-saak gekyk word.<sup>91</sup> Hier het

---

<sup>86</sup> *Saambou-Nasionale Bouvereniging v Friedman* 1979 (A) par 1002 D.

<sup>87</sup> *Van Ryn Wine and Spirit Co v Chandos Bar* 1928 TPD par 417; *Benjamin v Gurewitz* 1973 (A) par 345; Pretorius 2004 *THRHR* 392.

<sup>88</sup> Pretorius 2004 *THRHR* 549.

<sup>89</sup> Pretorius 2005 *THRHR* 454; Pretorius 2004 *THRHR* 179; Pretorius 2004 *CILSA* 116 en 388.

<sup>90</sup> *Constantia Insurance v Compusource* 2005 (SCA) (Hierna net die *Constantia Insurance*-saak).

<sup>91</sup> *Compusource* was hier betrokke by arbitrasie en het hulself by *Constantia Insurance* teen post-geskil / litigasie verseker. Hierdie tipe versekering, verseker 'n party teen die kostes wat weens litigasie kan ontstaan. Dit was ten tyde nuut in Suid-Afrika en word verkoop waar 'n geskiloorsaak reeds ontstaan het of selfs indien die litigasie alreeds begin het. *Compusource* het 'n polis uitgeneem wat gegrond is op die beginsel "no win no pay", en was onder die indruk dat die premie slegs betaal moet word indien hulle die arbitrasie sou wen. Na gelang van die arbitrasie het dit gelyk of *Compusource* sou verloor en *Constantia* het die polis gekanselleer en gedagvaar vir die betaling van die premie. *Compusource* het die verweer geopper dat hulle verteenwoordiger, Rust, nie bewus was van die klosules waarop *Constantia* gesteun het nie, wat aandui dat indien hulle die polis sou kanselleer hulle steeds geregtig sou wees op die premie. Rust het getuig dat indien hy bewus was van die klosules, hy nie die ooreenkoms sou gesluit het nie. Volgens die vertrouensteorie kan *Compusource* steeds gebind word aan die ooreenkoms indien *Constantia* redelik was met die vertroue wat Rust geskep het dat hy die klosules goedgekeur het en bewus was daarvan.

die Hoogste Hof van Appèl besluit om in die geval van *dissensus* die direkte toepassing van die vertrouensteorie te gebruik.<sup>92</sup>

Die hof het hier op die beginsels van die *Sonap Petroleum*-saak gesteun en Harms AR se riglyne gebruik oor hoe die vertrouensteorie benadering direk toegepas moet word:<sup>93</sup>

*Did the party whose actual intention did not conform to the common intention expressed, lead the other party, as a reasonable man, to believe that his declared intention represented his actual intention?“ To answer this question, a three fold enquiry is usually necessary, namely, firstly was there a misrepresentation as to one party’s intention; secondly, who made that representation, was the other party misled thereby? The last question postulates two possibilities: Was he actually misled and would a reasonable man have been misled?*<sup>94</sup>

Brand AR het hier die eerste twee vrae ten gunste van *Constantia* geantwoord. Daar was inderdaad ‘n wanvoorstelling en *Compusource* se verteenwoordiger, Rust, het die wanvoorstelling geskep. Die saak het gerus op die derde vraag of ‘n redelike persoon in dieselfde posisie as *Constantia* se verteenwoordigers ook onder die indruk sou wees dat Rust bewus was van die klousules en dit goedgekeur het.<sup>95</sup>

Die hof het in ag geneem dat die ooreenkoms ingewikkeld was en drastiese gevolge vir *Compusource* kan inhoud, en dat die tipe versekering nuut en onbekend in Suid-Afrika was. Met die inagneming van die bovenoemde het die hof bevind dat ‘n redelike persoon in die dieselfde posisie bewus sou wees dat Rust nie die klousules sou goedkeur nie en dat ‘n redelike persoon sou seker maak of Rust die klousules verstaan en bewus was daarvan. Die hof het die saak gevolglik in die guns van *Compusource* beslis en die klousules ongeldig verklaar.

---

<sup>92</sup> *Constantia Insurance v Compusource* 2005 (SCA) par 345 B-D; Pretorius 2006 *De Jure* 207.

<sup>93</sup> *Constantia Insurance v Compusource* 2005 (SCA) par 354 G–355 B.

<sup>94</sup> *Sonap Petroleum v Pappadogianis* 1992 (A) par 239 I – 240 B.

<sup>95</sup> Pretorius 2006 *De Jure* 211 - Waar ‘n party normaalweg ooreenstem en ‘n kontrak onderteken sonder om die kontrak te lees word hy gebind aan die kontrak. Hy kan dan nie later uit die kontrak kom op die gronde dat hy nie geweet het wat die kontrak behels nie.

Hierdie saak se beslissing gaan saam met die onlangse bereidheid van die howe om in gevalle van *dissensus* die direkte toepassing van die vertrouensteorie te gebruik.<sup>96</sup>

#### 2.1.1.3.2.3 *Iustus error*

Die *iustus error*-benadering is nie grondslagteorie vir kontraktuele aanspreeklikheid nie, maar dien eerder as korrektere middel om die wilsteorie by gevalle van *dissensus* aan te vul.<sup>97</sup> Die benadering verskaf verweer in gevalle waar party 'n ooreenkoms aangaan, maar in werklikheid nie die bedoeling het om die kontrak te sluit nie.<sup>98</sup> Hier kan die party dan uit die kontrak tree indien daar bewys word dat die dwaling wesenlik asook redelik is.<sup>99</sup> Indien die dwaling nie redelik is nie word die kontrak onderhou in ooreenstemming met die bestaande vertroue wat geskep is.<sup>100</sup>

Om die redelikheid van die dwaling te bepaal moet na al die faktore in die omstandighede gekyk word.<sup>101</sup> Daar is nie 'n spesifieke vasgestelde stel faktore wat in ag geneem moet word nie, maar eerder alle relevante faktore in die omstandighede en elke saak se omstandighede sal anders wees.<sup>102</sup>

Die *iustus error* word soms beskou as 'n benadering wat die verklaringsteorie kwalifiseer.<sup>103</sup> Dit is omrede die benadering baie goed werk waar die partye uit 'n objektiewe oogpunt hulle bedoelings in 'n kontrak uiteengesit het.<sup>104</sup> Waar daar nie so 'n kontrak bestaan nie, sukkel die benadering.<sup>105</sup>

---

<sup>96</sup> *Cape Group Construction v Government of the United Kingdom* 2003 (SCA) par 226 I-F; Pretorius 2006 *De Jure* 207.

<sup>97</sup> Pretorius 2004 *THRHR* 549; Hutchison en Pretorius *The Law of Contract* 99.

<sup>98</sup> Pretorius 2004 *THRHR* 549; *Saambou-Nasionale Bouvereniging v Friedman* 1979 (A) par 1002 D.

<sup>99</sup> Van der Merwe ea *Kontraktereg* 42; Kerr *Law of Contracts* 242; Pretorius 2005 *THRHR* 125; Pretorius 2007 *THRHR* 507.

<sup>100</sup> Pretorius 2004 *THRHR* 550; Hutchison en Pretorius *The Law of Contract* 99.

<sup>101</sup> *Van Aartsen v Van Aartsen* 2006 (T) par 18-19.

<sup>102</sup> Van der Merwe ea *Kontraktereg* 42; Pretorius 2006 *De Jure* 209; *Constantia Insurance v Compusource* 2005 (SCA) par 354 G – 355 B.

<sup>103</sup> Hutchison en Pretorius *The Law of Contract* 98.

<sup>104</sup> Pretorius 2006 *De Jure* 211.

<sup>105</sup> Hutchison en Pretorius *The Law of Contract* 106.

Volgens Pretorius sal die direkte toepassing van die vertrouensteorie en die *iustus error*-benadering in die meeste gevalle dieselfde oplossing bied.<sup>106</sup> Hy is van mening dat indirekte toepassing van die vertrouensteorie soos die *iustus error* benadering net so goed op die *Constantia Insurance*-saak se feite toegepas kan word.<sup>107</sup> Dit is omrede daar 'n bestaande kontrak tussen die partye was. Hier sal *Compusource* wat uit die kontrak wil tree moet bewys dat die dwaling wesenlik asook redelik is. Rust het getuig dat die klousules wesenlik was en indien hy bewus was daarvan, hy nie die ooreenkoms sou gesluit het nie. Op die vraag of die dwaling redelik is, sal dieselfde faktore in ag geneem word wat bepaal het dat *Constantia* se verteenwoordigers nie soos redelike persone opgetree het nie. Die dwaling sal dus redelik wees in die omstandighede en die kontrak sal as nietig beskou word.

Die twee benaderings het in gemeen dat die faktore wat die redelikheid in die geval van *iustus error* by die kontrakontkenner bepaal, ook die gebrek aan redelike vertroue by die party wat die kontrak wil afdwing aandui by die direkte benadering.<sup>108</sup> Die *iustus error*-benadering fokus egter op die redelike handelinge van die kontrakontkenner, terwyl die direkte benadering fokus op die redelike vertroue van die party wat die kontrak wil afdwing.<sup>109</sup> Hieruit kan gesien word waarom die benadering as indirekte toepassing van die vertrouensteorie beskou word.<sup>110</sup>

### 2.1.2 Gevolgtrekking

Om die aanspreeklikheid wat uit kontrak voortvloei te bepaal is dit nodig om na die grondslag van die kontrak te kyk. In die Suid-Afrikaanse reg word die subjektiewe wilsteorie-benadering as die algemene grondslagsteorie van kontraktuele aanspreeklikheid beskou. Dit is omrede die benadering gegrond is op die *consensus* of wilsooreenstemming tussen die partye.<sup>111</sup> Die

---

<sup>106</sup> Pretorius 2006 *De Jure* 207.

<sup>107</sup> Pretorius 2006 *De Jure* 207.

<sup>108</sup> Pretorius 2006 *De Jure* 212; Pretorius 2004 *THRHR* 556.

<sup>109</sup> Pretorius 2006 *De Jure* 213.

<sup>110</sup> Pretorius 2004 *THRHR* 559.

<sup>111</sup> Eiselen 2007 *PER* 35; Pretorius 2005 *THRHR* 454.

benadering is voldoende by die meeste gevalle om die grondslag van 'n kontrak te bepaal, omrede die partye in ooreenstemming is. Waar daar egter probleme opduik soos dwaling wat die wilsooreenstemming uitsluit skiet die teorie te kort en word daar na die vertrouensteorie gekyk.<sup>112</sup>

Die teorie word nie as 'n algehele alternatief vir die wilsteorie beskou nie, maar eerder om die wilsteorie by gevallen van *dissensus* aan te vul en te kwalifiseer.<sup>113</sup> Die kombinasie van die wilsteorie en die vertrouensteorie is bekend as die subjektiewe wils-vertrouensteorie.<sup>114</sup> Die subjektiewe wils-vertrouensteorie blyk die dominantste kontraktuele aanspreeklikheidsteorie in die Suid-Afrikaanse reg te wees.<sup>115</sup>

Die subjektiewe wils-vertrouensteorie sal soos volg van toepassing wees waar 'n dwaling by die sluiting van 'n kontrak voorkom. Waar die dwaling nie wesenlik is nie en nie die *consensus* uitsluit nie, is die primêre basis vir kontraktuele aanspreeklikheid, die subjektiewe wilsteorie, voldoende om die kontrak te bepaal.<sup>116</sup> Waar die dwaling egter wesenlik is en die *consensus* uitsluit, sal die grondslag bepaal word met die sekondêre basis vir kontraktuele aanspreeklikheid, naamlik die objektiewe vertrouensteorie.<sup>117</sup> Waar die vertrouensteorie van toepassing is, geskied dit meestal in die vorm van 'n direkte toepassing van die teorie of 'n indirekte toepassing van die teorie naamlik die *iustus error*-benadering.<sup>118</sup>

Afhangend van die redelike vertroue of die redelikheid van die dwaling in die omstandighede, sal die kontrak of onderhou word of nietig verklaar word. Indien die kontrak ook nie met die vertrouensteorie bepaal kan word nie, is

---

<sup>112</sup> Pretorius 2005 *THRHR* 443.

<sup>113</sup> Van der Merwe ea *Kontraktereg* 22.

<sup>114</sup> Pretorius 2004 *CILSA* 391.

<sup>115</sup> Pretorius 2004 *CILSA* 395; *Saambou-Nasionale Bouvereniging v Friedman* 1979 (A) par 993 E-F; *Mondorp Eiendomsagentskap v Kemp en De Beer* 1979 (SCA) par 274 I-J; *Spes Bona Bank v Portals Water Treatment of South Africa* 1983 (A) par 345 D-E; *Sonap Petroleum v Pappadogianis* 1992 (A) par 239 I – 240 B; *Cape Group Construction v Government of the United Kingdom* 2003 (SCA) par 226 I-F.

<sup>116</sup> Pretorius 2004 *THRHR* 562.

<sup>117</sup> Pretorius 2004 *THRHR* 562.

<sup>118</sup> Hutchison en Pretorius *The Law of Contract* 107.

daar geen basis vir kontraktuele aanspreeklikheid nie en is daar gevvolglik geen kontrak gesluit nie.

### 2.1.3 *Die gemenereg en elektroniese kommunikasie*

Elektroniese kommunikasie het al meer en gewild geword, nie net as 'n metode om te kommunikeer nie, maar ook as 'n manier van handel dryf.<sup>119</sup> Die gemenereg het egter nie tred met al die ontwikkelings gehou nie en vele probleme en vrae het ontstaan rondom die regsekerheid en geldigheid van elektroniese kontrakte.<sup>120</sup> Die kommunikasiemetodes het gevvolglik groot uitdagings aan die gemeenregtelike reëls gestel en talle onsekerhede op die gebied het ontstaan.<sup>121</sup>

Die gemeenregtelike reëls van aanbod en aanname is so 'n geval wat nie voldoende is vir die sluiting van elektroniese kontrakte nie.<sup>122</sup> Hierdie aspek is van belang omdat dit die tyd en plek bepaal wanneer en waar die kontrak tot stand kom. Die tyd van sluiting speel 'n rol wanneer tydsperiodes begin loop en bepaal die presiese oomblik wanneer die kontrak tot stand kom. Die plek van sluiting kan 'n rol speel in watter regstelsels van toepassing is en in gevalle van dispuut om die jurisdiksie te bepaal.<sup>123</sup> By die gemenereg geld die vernemingsteorie in die algemeen, wat bepaal dat kontrak gesluit word op die tyd en plek waar die aanbieder subjektief verneem sy aanbod is aanvaar.<sup>124</sup> Hierdie benadering word as voldoende beskou vir direkte elektroniese kommunikasiemetodes, soos gesels-, video-, konferensie- en telefoonfasilitete, omdat die partye direk kommunikeer en geag word om in mekaar se teenwoordigheid te wees.<sup>125</sup> Waar die partye egter met indirekte elektroniese metodes kommunikeer, soos per sms,<sup>126</sup> faks, e-pos of ander

---

<sup>119</sup> Eiselen 2007 PER 3.

<sup>120</sup> Eiselen 2007 PER 39; Van der Merwe en Roos *Information Technology Law* 143.

<sup>121</sup> Eiselen 2007 PER 3; Van der Merwe en Roos *Information Technology Law* 143.

<sup>122</sup> Eiselen 2007 PER 31.

<sup>123</sup> Van der Merwe en Roos *Information Technology Law* 160.

<sup>124</sup> Eiselen 2007 PER 30; Coetzee 2004 *Stell LR* 517.

<sup>125</sup> Christie *The Law of Contract* 79; Eiselen PER 30; DOC 2000 <http://www.ecomm-debate.co.za>; Van der Merwe en Roos *Information Technology Law* 150.

<sup>126</sup> SMS, of te wel *short message service*, is 'n elektroniese kommunikasiemiddel waar kort boodskappe, gewoonlik d.m.v. selfone tussen partye gestuur word.

moderne metodes van elektroniese kommunikasie, is die teorie egter nie voldoende nie.<sup>127</sup> Dit is omrede die aanbieder eers later sy antwoordmasjien kan terugspeel, die volgende dag sy e-pos lees of die faks raaksien en van die aanvaarding verneem.<sup>128</sup> By sulke gevalle kan die partye nie geag word om in mekaar se teenwoordigheid te wees nie en is die vernemingsteorie onvoldoende.<sup>129</sup>

By elektroniese kontrakte sal die teorie beteken dat die aanbieder eers die aanvaardingsboodskap sal moet herwin en lees voor die kontrak tot stand kom.<sup>130</sup> Die teorie kan die aannemer tot nadeel strek, aangesien hy nie bewus sal wees of die aanbieder van sy aanvaarding verneem het nie.<sup>131</sup> Die aannemer sal dan moet wag tot die aanbieder ontvangs erken van die aanvaarding.<sup>132</sup> Waar die partye nie in mekaar se teenwoordigheid is nie en ook nie direk kan kontrakteer soos by die gebruik van telegram en pos nie, het die howe alternatiewe metode gevvolg, bekend as die versendingsteorie.<sup>133</sup>

Die teorie behels dat die kontrak geag gesluit te word op die tyd en plek waar die aannemer sy aanvaarding van die aanbod aan die aanbieder stuur/pos.<sup>134</sup> Dit word algemeen aanvaar dat die benadering ook nie geskik en voldoende is vir elektroniese kontrakte nie.<sup>135</sup> Dit is omrede by elektroniese kontrakte dit sal betekent dat die kontrak gesluit word op die tyd en plek wanneer die data-boodskap die aannemer se elektroniese sisteem verlaat.<sup>136</sup> So benadering sal onbillik wees omdat elektroniese probleme kan ontstaan met toerusting en die aanbieder in sulke gevalle nie die aanvaarding sal ontvang nie en ook nie bewus sal wees van die kontrak nie. Die gemenerg standpunt

---

<sup>127</sup> Christie *The Law of Contract* 79; Eiselen PER 30.

<sup>128</sup> Christie *The Law of Contract* 79; Eiselen PER 30.

<sup>129</sup> Marx *E-commerce* 4.

<sup>130</sup> Eiselen 2007 PER 30.

<sup>131</sup> *Jaftha v Ezemvelo Kzn Wildlife* 2008 KZN par 62.

<sup>132</sup> *Jaftha v Ezemvelo Kzn Wildlife* 2008 KZN par 62.

<sup>133</sup> *Cape Explosive Works Ltd v South African Oil & Fat Industries Ltd* 1921 CPD 244; Van der Merwe ea *Kontraktereg* 66; Coetzee 2004 *Stell LR* 517.

<sup>134</sup> Eiselen 2007 PER 31; DOC 2000 <http://www.ecomm-debate.co.za>.

<sup>135</sup> Eiselen 2007 PER 31.

<sup>136</sup> Eiselen 2007 PER 31.

is ook nie voldoende in die oopsig nie en daar kort leiding om die verwarring te hanteer.

Moderne tegnologie het ook gevvolg gehad dat by elektroniese kontraksluiting die risiko van dwaling vergroot. Dit is weens die feit dat foutiewe kommunikasie hier meer algemeen voorkom as by die ander meer tradisionele vorms van kontraksluiting.<sup>137</sup> By die vorm van kontraksluiting vind die onderhandelinge nie in die teenwoordigheid van mekaar plaas nie, en daar is dikwels ook geen persoonlike interaksie tussen hulle nie. Die gebrek aan persoonlike interaksie vergroot die kans dat misverstande en dwaling kan ontstaan.

Die gemeenregtelike bepalings wat dwaling hanteer is egter lank voor elektroniese kommunikasie geskep en die reëls is geskep vir waar natuurlike persone kontrakteer. Hierdie tradisionele benaderings is verwarrend by elektroniese kontrakte, omdat een of beide kontrakterende partye van elektroniese agente gebruik kan maak en daar dikwels geen menslike interaksie betrokke is nie.<sup>138</sup> Die tradisionele benaderings is onduidelik in sulke gevalle om die grondslag van elektroniese kontrakte te bepaal omdat daar geen subjektiewe wilsooreenstemming of *consensus* tussen die partye is nie en dit moeilik sal wees om die redelike vertroue wat by elektroniese agente geskep is te bewys.<sup>139</sup> Groot onsekerhede oor die aangeleentheid het gevvolglik ontstaan waar elektroniese kontrakte gesluit word met metodes soos EDU, faks, teleks, epos en die internet en die Howe het ook nie antwoorde gegee nie.<sup>140</sup>

Elektroniese kommunikasie het dus onduidelikhede by die gemenereg veroorsaak en gevvolglik was daar nood vir instrument wat die

---

<sup>137</sup> *United Nations Convention on the Use of Electronic Communications in International Contracts* nota op a 14 par 224.

<sup>138</sup> Eiselen 2007 PER 35; Die term elektroniese agent is verwarrend omdat dit nie 'n ware agent in 'n regtelike konteks is nie. Hier is die agent slegs 'n instrument van die natuurlike persoon wat dit gebruik en kan die agent nie kontrakte uit sy eie sluit nie. Die agent kan kontrakte slegs binne die perke van sy programmering sluit. Verdere besprekings van elektroniese agente volg later.

<sup>139</sup> Eiselen 2007 PER 35.

<sup>140</sup> Coetze 2004 Stell LR 517.

aangeleenthede kan aanspreek. *Die Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies*<sup>141</sup> is gevvolglik gepromulgeer om elektroniese kommunikasie-aangeleenthede te hanteer en bestaande leemtes te vul. Die wet is nie daar om die gemenereg reg of enige reeds bestaande wette te vervang nie, maar eerder om dit aan te vul.<sup>142</sup> Wanneer die wet uitgelê en geïnterpreteer word, moet dit nie in isolasie geskied nie, en die gemenereg en enige statutêre reg moet ook deurlopend saam met die bepalings van die wet in ag geneem word.<sup>143</sup> Die wet het gevvolglik baie regsonsekerhede wat by elektroniese transaksies bestaan verwyder.<sup>144</sup>

---

<sup>141</sup> 25 van 2002 (Hierna die wet).

<sup>142</sup> A 3; Coetzee 2004 *Stell LR* 504.

<sup>143</sup> A 3.

<sup>144</sup> Coetzee 2004 *Stell LR* 520.

## **2.2 Die Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies, 25 van 2002**

### **2.2.1 Inleiding**

Die wet is grootliks gebaseer op die UNCITRAL *Model Law on Electronic Commerce with Guide to Enactment* van 1996. Die modelwet is geskep deur die *United Nations Commission on International Trade Law* wat die amptelike regsliggaam van die Verenigde Nasies op die gebied van internasionale handel is.<sup>145</sup> Die afdeling is daar om eenvormige reëls te skep wat internasionale handel bevorder.<sup>146</sup>

Die modelwet is geskep vir elektroniese aangeleenthede en poog om internasionale eenvormigheid en regsekerheid op die gebied van e-handel te skep.<sup>147</sup> Sedert sy ontstaan het dit internationale standaard in e-handel geword en word tans deur groot aantal state gebruik.<sup>148</sup> Dit sluit van die wêreld se grootste handelsnasies soos Australië, China, Frankryk, Indië, Singapoer, Hong Kong, die Verenigde Koningryk, Kanada en 48 state van die VSA in.<sup>149</sup>

Die modelwet is nie direk van toepassing nie, maar dien eerder as voorbeeld vir nasionale wetgewers om hulle wetgewing daarop te baseer.<sup>150</sup> Wanneer staat sy wetgewing op die modelwet baseer, is daar geen formele vereistes om aan te voldoen nie en die VN hoef ook nie in kennis gestel te word van die

---

<sup>145</sup> UNCITRAL 2011 <http://www.uncitral.org>.

<sup>146</sup> UNCITRAL 2011 <http://www.uncitral.org>.

<sup>147</sup> Marx *E-commerce* 12.

<sup>148</sup> Eiselen 2007 *PER* 3; Marx *E-commerce* 2; UNCITRAL 2011 [www.uncitral.org](http://www.uncitral.org).

<sup>149</sup> UNCITRAL 2011 [www.uncitral.org](http://www.uncitral.org).

<sup>150</sup> Eiselen 2002 *VJICLA* 1; Eiselen 2007 *PER* 3; Van der Merwe en Roos *Information Technology Law* 145.

gebruik daarvan nie.<sup>151</sup> VN-konvensie, aan die ander kant, moet uitdruklik bekragtig word voordat dit gebruik kan word.<sup>152</sup>

Voor die inwerkingtreding van die *Wet op Elektroniese Kommunikasies en Transaksies* was daar onsekerheid oor elektroniese aangeleenthede in die Suid-Afrikaanse reg, meer spesifiek by die sluiting van elektroniese kontrakte.<sup>153</sup> Die wet het groter sekerheid op die gebied van elektroniese kommunikasie en transaksies meegebring en het amptelik op 30 Augustus 2002 in werking getree.<sup>154</sup>

Die oogmerke van die wet is om in die openbare belang elektroniese kommunikasies en transaksies moontlik te maak, te vergemaklik en te reguleer.<sup>155</sup> In kort vul en supplementeer die wet die leemte van elektroniese kommunikasie en transaksies wat die gemenerg nie kan antwoord nie.<sup>156</sup> Hierdie wet het invloed op alle elektroniese transaksies en is van toepassing ten opsigte van alle elektroniese transaksies en databoodskappe in die Republiek.<sup>157</sup> Hierdie transaksies kan van kommersiële of nie-kommersiële aard wees, en sluit die verskaffing van inligting en e-regeringsdienste in.<sup>158</sup> Die wet verplig egter niemand om van elektroniese kommunikasie gebruik te

---

<sup>151</sup> Connolly en Ravindra 2005  
[http://consult.galexia.com/public/research/assets/galexia\\_unicitral\\_draft\\_convention\\_v4\\_2\\_0050104.pdf](http://consult.galexia.com/public/research/assets/galexia_unicitral_draft_convention_v4_2_0050104.pdf).

<sup>152</sup> Connolly en Ravindra 2005  
[http://consult.galexia.com/public/research/assets/galexia\\_unicitral\\_draft\\_convention\\_v4\\_2\\_0050104.pdf](http://consult.galexia.com/public/research/assets/galexia_unicitral_draft_convention_v4_2_0050104.pdf).

<sup>153</sup> Marx *E-commerce* 1.

<sup>154</sup> Coetzee 2004 *Stell LR* 501; Van der Merwe ea Kontraktereg 72.

<sup>155</sup> Coetzee 2004 *Stell LR* 502; a 2(1); Vir 'n volledige lys oogmerke van die wet kan na a 2 gekyk word, wat onder andere inhoud dat struikelblokke by elektroniese kommunikasies en transaksies in die Republiek voorkom en verwijder word, regsekerheid en vertroue by die gebruik van elektroniese kommunikasie en transaksies bevorder word, te verseker dat elektroniese transaksies in Suid-Afrika aan die hoogste internasionale standaarde voldoen, veilige, betroubare en effektiewe e-handelomgewing vir die verbruiker, sakewêreld en die Regering te ontwikkel en om stabiliteit by elektroniese transaksies in die Republiek te bevorder.

<sup>156</sup> A 1 beskryf 'n elektroniese kommunikasie as 'n kommunikasie deur middel van databoodskappe.

<sup>157</sup> A 4.

<sup>158</sup> A 1.

maak nie en is slegs van toepassing waar persone verkies om so te handel en te kommunikeer.<sup>159</sup>

## 2.2.2 Elektroniese kommunikasie

Artikel 11(1) van die wet bepaal uitdruklik dat inligting nie sonder regswerking of regskrag is bloot omdat dit geheel of gedeeltelik in die vorm van databoodskap is nie.<sup>160</sup> Die posisie word ook verder deur artikel 24 bevestig.<sup>161</sup> Waar skriftelike dokumente deur 'n statutêre wet vereis word, maak artikel 12 van die wet daarvoor voorsiening.<sup>162</sup> Die artikel bepaal dat indien wet vereis dat inligting of dokumente in skrif moet wees, daar aan die vereiste voldoen word indien die dokument of inligting in die vorm van 'n databoodskap is.<sup>163</sup> Die wet erken dus duidelik elektroniese kommunikasie en databoodskappe en gee dieselfde regswerking en regseffek aan die vorm van kommunikasie as tradisionele papierdokumente.<sup>164</sup>

Die *Jafta v Ezemvelo KZN Wildlife*<sup>165</sup>-saak is 'n belangrike saak op die gebied van elektroniese kommunikasie. Die bepalings van die EKT-wet is hier toegepas en die geldigheid van elektroniese kommunikasie is in die Suid-Afrikaanse reg bevestig.<sup>166</sup> Die hof het ook bepaal dat taalgebruik in

---

<sup>159</sup> *Jafta v Ezemvelo KZN Wildlife* 2008 KZN par 95 (Hierna net die *Jafta v Wildlife*-saak) - Die wet gee ook aan die partye die opsie om ooreen te kom om nie elektronies te kommunikeer nie. Partye kan ook ooreenkoms sekere vereistes daar te stel voordat hulle elektronies kommunikeer, waar so 'n ooreenkoms afwesig is sal die bepalings van die EKT-wet geld.

<sup>160</sup> Coetzee 2004 *Stell LR* 504; In a 1 word databoodskappe gedefinieer as data wat op elektroniese wyse voortgebring, gestuur, ontvang of geberg kan word en dit sluit in stem wat by geautomatiseerde transaksies gebruik word, asook rekords wat geberg word.

<sup>161</sup> Waar partye kommunikeer met databoodskappe gee die artikel ook regswerking en regseffek aan enige verklaring of betuiging van voorname wat tussen die partye uitgeruil word.

<sup>162</sup> Coetzee 2004 *Stell LR* 512.

<sup>163</sup> A 12 – Daar word aan die vereiste voldoen solank die inligting en dokumente toeganklik en bruikbaar is.

<sup>164</sup> Gereda 2004 [www/mbendi.com/cliffedekker/literature/commentry/index.html](http://www/mbendi.com/cliffedekker/literature/commentry/index.html).

<sup>165</sup> *Jafta v Ezemvelo KZN Wildlife* 2008 KZN.

<sup>166</sup> Hier het die respondent, Ezemvelo KZN Wildlife, werksaanbod aan die applikant ge-e-pos. Die applikant, Jafta, wou later sy aanvaarding van die werk terug e-pos, maar het tegniese probleme met die e-pos ondervind. Die respondent het intussen 'n *short message service* of te wel sms aan Jafta gestuur waarmee hy meegeedeel is dat hy op die aanbod moet antwoord. Die applikant het later terug gesms dat hy die werk aanvaar.

elektroniese kommunikasie dikwels baie informeel kan wees, spesifieker by e-pos en sms, maar dit is fout sal wees om nie regseffek daaraan te gee nie.<sup>167</sup>

### 2.2.3 Elektroniese kontrakte

Artikel 22(1) maak weer voorsiening vir die sluiting en geldigheid van elektroniese ooreenkomste. Die artikel bepaal dat elektroniese ooreenkomste nie sonder regskrag en regswerking sal wees bloot omrede dit deur middel van databoodskappe gesluit is nie.<sup>168</sup> Dus, waar die partye met elektroniese kommunikasiemiddels onderhandel en transaksies sluit, gee die wet erkenning aan die ooreenkomste en bind die partye daaraan. By die sluiting van e-kontrakte kan beide die aanbod en aanname in elektroniese formaat wees, maar dit kan ook wees dat slegs die aanbod in elektroniese formaat is en die aanname op papier of mondelings is en omgekeerd.<sup>169</sup>

Die EKT-wet spreek ook die bestaande leemte wat die gemenereg laat, van wanneer en waar elektroniese kontrakte tot stand kom, aan. Omrede die algemene vernemingsteorie en versendingsteorie nie geskik is vir elektroniese kommunikasie nie, bepaal artikel 22(2) dat die ontvangsteorie by elektroniese kommunikasie van toepassing is.<sup>170</sup> Die teorie bepaal dat kontrak gesluit word op die tyd wanneer en plek waar die aanbieder die aanvaarding van die

---

Van die vrae voor die hof, was onder ander of e-pos en sms gepaste kommunikasie-metode is om aanbod te aanvaar en 'n kontrak mee te sluit. Met die inagneming van artikels 11, 12, 22 en 24 van die EKT-wet het die hof beslis dat alhoewel e-pos en sms taalgebruik baie informeel is, dit is fout sal wees om nie regseffek daaraan te gee nie. Gevolglik het die hof die kommunikasiemetodes ook in die kategorie databoodskap geplaas en is daar regswerking aan Jafta se sms gegee. Die hof het bevind dat waar 'n party met 'n spesifieke elektroniese metode kommunikeer, word dit gewoonlik beskou as toestemming vir die ander party om met dieselfde metode te kommunikeer. Daar is ook bepaal dat by elektroniese kommunikasie die bewyslas rus op die persoon wat die bestaan van die kommunikasie beweer en indien party dit bewys, soos wat Jafta gedoen het, is die elektroniese kommunikasie net so effektiief soos 'n geskrewe dokument. Die hof het daarna die dienskontrak bevestig, die respondent se repudiasie van die kontrak onregmatig verklaar en beslis dat die applikant geregtig is op skadevergoeding.

<sup>167</sup> *Jafta v Ezemvelo KZN Wildlife* 2008 KZN par 78.

<sup>168</sup> A 22(1).

<sup>169</sup> Coetzee 2004 *Stell LR* 516.

<sup>170</sup> *Jafta v Ezemvelo KZN Wildlife* 2008 KZN par 79; *Cape Explosive Works v South African Oil & Fat Industries* 1921 CPD 244; Eiselen 2007 *PER* 30.

aanbod ontvang.<sup>171</sup> In die *Jafta v Wildlife*-saak het die hof ook die ontvangsteorie by elektroniese kontrakte bevestig.<sup>172</sup>

Omrede die kontrak gesluit word op die tyd wanneer en plek waar die aanbieder die aanvaarding van die aanbod ontvang, is dit nodig om te kyk na wat die term “ontvang” beteken. Die EKT-wet bepaal dat boodskap geag word om ontvang te wees indien dit vir die geadresseerde moontlik is om die boodskap te herwin of te prosesseer by sy aangewysde elektroniese adres.<sup>173</sup> Daar kan gesien word dat elektroniese boodskappe as geag ontvang te wees, selfs indien die geadresseerde nie die boodskap gelees het of bewus is daarvan nie.<sup>174</sup> Dus kan ‘n elektroniese kontrak tot stand kom solank die aanvaarding net in die aanbieder se “inboks” is en dit vir hom moontlik is om die boodskap te herwin en te lees.<sup>175</sup>

#### 2.2.4 Dwaling weens foutiewe kommunikasie

Waar elektroniese kontrakte gesluit word, is daar verskeie wyses waarop partye kontrakte kan sluit. Hier word die ooreenkomste of direk of indirek tussen die partye gesluit. Natuurlike persone kan eerstens met mekaar kommunikeer en kontrakteer deur elektroniese metodes soos e-pos, sms, faks en teleks.<sup>176</sup> By sulke gevalle stuur die een natuurlike persoon elektroniese boodskap aan die ander natuurlike persoon en hy reageer weer op die boodskap. Hierdie vorm van kontraksluiting is soortgelyk aan waar partye met papierdokumente onderhandel en die besonderhede van hulle kontrak uiteensit.<sup>177</sup>

---

<sup>171</sup> A 22(2); Eiselen 2007 *PER* 31.

<sup>172</sup> *Jafta v Ezemvelo KZN Wildlife* 2008 KZN par 80.

<sup>173</sup> A 23(1)(b); A 23(1)(a) - boodskap word weer geag as gestuur te wees wanneer die boodskap ‘n sisteem buite die beheer van die skepper binnegaan.

<sup>174</sup> *Jafta v Ezemvelo KZN Wildlife* 2008 KZN par 91; Van der Merwe en Roos *Information Technology Law* 163.

<sup>175</sup> *Jafta v Ezemvelo KZN Wildlife* 2008 KZN par 91.

<sup>176</sup> A 1 beskryf e-pos (elektroniese pos) as data-boodskappe wat by elektroniese kommunikasie gebruik word as ‘n posboodskap tussen die opsteller en die geadresseerde.

<sup>177</sup> Snail 2008 *JILT* 4.

Tweedens kan elektroniese transaksies gesluit word waar elektroniese agente betrokke is. Dit geskied waar natuurlike persoon nie direk kommunikeer met ander natuurlike persoon nie, maar eerder met die ander persoon se elektroniese agent. Dit is soos by gevalle waar daar op webwerf op die internet geklik word.<sup>178</sup> Dit is soortgelyk aan ‘n posbestelling, hier adverteer die een party egter sy goedere en dienste op die internet en die ander party maak dan sy bestelling oor die internet.<sup>179</sup>

Dit kan ook hier die geval wees dat beide natuurlike persone se elektroniese agente met mekaar kommunikeer en so kontrak sluit, dit staan bekend as elektroniese data-uitruiling (EDU).<sup>180</sup> Daar sal na al die bogenoemde situasies onderskeidelik gekyk word en die manier waarop die wet elkeen van die aangeleenthede hanteer waar dwaling weens foutiewe kommunikasie by die elektroniese kontrakteringsproses voorkom.

#### 2.2.4.1 Beskerming aan verbruikers

Waar natuurlike persone met mekaar kontrakte sluit deur middel van elektroniese metodes soos e-pos, sms, faks en teleks bied die EKT-wet geen bepalings indien daar dwaling weens foutiewe kommunikasie ontstaan nie. Die gemeenregtelike bepalings is voldoende by die gevalle omdat die kontrak steeds gesluit word tussen natuurlike persone en die kontraktuele aanspreeklikheid met die gemeenregtelike beginsels bepaal kan word.

Die verbruikersbeskermingsgedeelte van die EKT-wet is egter belangrik omdat die wet moontlik addisionele beskerming aan natuurlike persone wat elektroniese transaksies aangaan kan bied. Die beskerming is egter net beskikbaar indien natuurlike persoon as verbruiker kwalificeer en elektronies kontrakteer met ‘n leveransier wat ook natuurlike persoon is.

---

<sup>178</sup> Snail 2008 *JILT* 4; A 1 beskryf die internet as ‘n onderlinge verbinde stelsel van netwerke wat rekenaars regoor die wêreld verbind wat OBP/IP gebruik en sluit alle toekomstige weergawes daarvan in.

<sup>179</sup> Snail 2008 *JILT* 4.

<sup>180</sup> Coetzee 2004 *Stell LR* 517.

Verbruiker word in die wet gedefinieer as enige natuurlike persoon wat deur middel van elektroniese metodes met leweransier in verbintenis tree en transaksie sluit.<sup>181</sup> Die verbruiker moet die eindgebruiker van die leweransier se goedere of dienste wees. Verbruikers is hier natuurlike persone wat elektroniese transaksies sluit vir meestal persoonlike of huishoudelike doeleinades. Beslote Korporasies en maatskappye word nie deur hoofstuk 7 van die wet beskerm nie, maar eerder natuurlike persone wat elektroniese transaksies sluit met leweransiers.<sup>182</sup>

Verbruikers is oor die algemeen huiwerig om ooreenkoms te gaan deur gebruik te maak van elektroniese middels.<sup>183</sup> Hierdie huiwering is grootliks te wyte aan faktore, byvoorbeeld die verskaffing van persoonlike inligting aan vreemde persone, die feit dat die verkopers meestal onbekend is en selfs nie adresse het nie, daar dikwels lang afstande tussen die koper en verkoper is, betaling dikwels vooruit moet geskied en dat die produktes eers na ontvangs geïnspekteer kan word.<sup>184</sup> Bogenoemde faktore laat verbruikers in kwesbare posisie en dit is dus verstaanbaar dat hulle huiwerig is om elektroniese transaksies te sluit in so hoë-risiko omgewing. Tensy veilige omgewing vir e-handel geskep word, sal hierdie hoë-risiko omgewing en gebrek aan sekerheid wantroue by verbruikers skep wat die groei van e-handel sal belemmer.<sup>185</sup> Daar is besef dat verbruikers wat elektronies handel, aan groter risiko's blootgestel word as die verbruikers wat nie e-handel nie en gevoldlik addisionele beskerming nodig het.<sup>186</sup>

Hoofstuk 7 van die wet bied beskerming aan verbruikers. Hierdie beskerming wat in die hoofstuk gegee word, is net op elektroniese transaksies van toepassing.<sup>187</sup>

---

<sup>181</sup> A 1.

<sup>182</sup> Coetzee 2004 *Stell LR* 508.

<sup>183</sup> Marx *E-commerce* 1; DOC 2000 <http://www.ecomm-debate.co.za>.

<sup>184</sup> Marx *E-commerce* 1; DOC 2000 <http://www.ecomm-debate.co.za>.

<sup>185</sup> Coetzee 2004 *Stell LR* 508; DOC 2000 <http://www.ecomm-debate.co.za>.

<sup>186</sup> Van der Merwe en Roos *Information Technology Law* 181.

<sup>187</sup> A 42(1).

Hierdie hoofstuk vervang nie enige reeds bestaande wette wat verbruikers beskerm nie, maar bied eerder addisionele beskerming aan verbruikers wat elektroniese transaksies aangaan.<sup>188</sup> Die beskerming mag nie deur middel van enige ooreenkomste uitgesluit word nie. Enige ooreenkoms wat gesluit word met die doel om die verbruiker se beskerming uit te sluit word as nietig en ongeldig beskou.<sup>189</sup> Hierdie beskerming is van toepassing ongeag die regstelsel wat op die betrokke ooreenkoms van toepassing is.<sup>190</sup>

Hierdie beskerming wat aan verbruikers gegee word, is egter nie onbeperk en van toepassing op alle transaksies nie.<sup>191</sup> Artikel 42(2) gee lang lys van transaksies wat nie onder die artikel 42(1) se beskerming ingesluit word nie.<sup>192</sup> Die wet bied ses pilare van beskerming aan verbruikers wat elektroniese ooreenkomste aangaan.<sup>193</sup> Gevolglik gaan na die dele gekyk word wat relevant is vir verbruiker wat wesenlike foute begaan het en in 'n dwaling verkeer by die elektroniese kontrakteringsproses.<sup>194</sup>

Die relevante pilaar van beskerming vir die studie word deur Artikel 43(2) gegee. Die artikel plaas plig op die leveransier om die verbruiker die geleentheid te bied om die elektroniese transaksie (a) in geheel te hersien, (b) enige fout wat hy begaan het reg te stel (c) en om uit die transaksie te onttrek

---

<sup>188</sup> Coetzee 2004 *Stell LR* 508.

<sup>189</sup> A 48; Coetzee 2004 *Stell LR* 510.

<sup>190</sup> A 47.

<sup>191</sup> A 42.

<sup>192</sup> Die volgende transaksies vir goedere en dienste geniet nie beskerming nie: (a) enige finansiële en bankdienste, (b) goedere wat gekoop word by wyse van 'n veiling, (c) voedsel en ander bederfbare goedere wat bedoel is vir algemene huishoudelike gebruik, (e) waar die prys van die goedere of dienste nie deur die leveransier beheer word nie en afhangend is van finansiële markskommelings, (f2) waar die goedere spesifiek vir die verbruiker gemaak is of (f1) volgens sy instruksies gemaak is, (f4) goedere wat geneig is om maklik te bederf, (g) audio-, video- en rekenaarsagteware wat reeds deur die verbruiker ontseël is, (h) vir die verkoop van koerante, weekblaaie, tydskrifte en boeke, (i) vir dobbel- en lotterydienste. (j) vir die voorsiening van akkommodasie, vervoer, spyseniering en ontspanningsdienste en waar die verskaffer verneem ten tyde van die sluiting van die transaksie om die diens binne 'n sekere datum of binne 'n bepaalde tydperk te lever. Vir 'n volledige lys uitsluitings kan na a 42(2) gekyk word.

<sup>193</sup> Marx *E-commerce* 8 – Die ses pilare van beskerming sluit a 44 se afkoeltydperk; a 43(1) die verskaffing van inligting aan verbruikers; a 43(2) die plig om verbruikers die geleentheid te bied om die elektroniese transaksie te hersien; a 43(5) die plig om van 'n veilige betalingstelsel gebruik te maak; a 46 die leveransier se plig om te presteer binne 'n bepaalde tydperk; en a 45 se beskerming teen ongevraagde goedere, dienste of kommunikasies, in.

<sup>194</sup> Marx *E-commerce* 8.

voordat finale bestelling gemaak word. Waar daar hier van 'n fout gepraat word, word daar bedoel 'n wesenlike fout wat wilsooreenstemming uitsluit. Indien leveransier nie voldoen aan die bogenoemde nie, kan die verbruiker die transaksie kanselleer binne 14 dae nadat die goedere of dienste ontvang is.<sup>195</sup> Waar verbruiker transaksie kanselleer soos hierbo, moet hy die goedere terugbesorg aan die leveransier en ophou om die gelewerde dienste te gebruik. Die leveransier is dan ook verplig om alle terugbetaalings te maak aan die verbruiker, met die uitsluiting van die betrokke regstreekse kostes om die goedere terug te besorg.<sup>196</sup>

Alhoewel die afkoeltydperk vir alle verbruikers wat elektronies handel beskikbaar is, is die gedeelte nie relevant vir die bespreking nie.<sup>197</sup> Dit is omdat die verbruiker sonder rede of gronde die transaksie kan kanselleer, daar is dus geen wesenlike fout of dwaling teenwoordig nie. Volgens die opinie van die skrywer is die bepaling teenstrydig met die gemeenregtelike beginsels, dat 'n verbruiker hom tot 'n kontrak kan bind en dan sonder rede ofregsgevolge die kontrak kan kanselleer. Ten spyte daarvan dat wilsooreenstemming bereik is of die vertroue dat 'n kontrak geskep is, kan die leveransier nie die verbruiker vir kontraktebreuk aanspreeklik hou nie.

Uit artikel 49 kan mens die regering se toewyding tot die beskerming van verbruikers agterkom.<sup>198</sup> Die artikel bepaal dat indien verbruiker ontevrede sou wees met leveransier en die leveransier nie voldoen aan die bepalings van die wet nie, kan hy klag by die *Verbruikersakekomitee* gaan lê vir enige nienakoming deur die leveransier.<sup>199</sup>

Dus waar natuurlike persone elektronies kontrakteer en dwaling tussen hulle ontstaan, sal die partye die gemenereg-bepalings tot hulle beskikking hê

---

<sup>195</sup> A 43(3).

<sup>196</sup> A 43(4).

<sup>197</sup> A 44 gee aan verbruikers die reg om 'n transaksie te kanselleer sonder rede of penalisering, binne 7 dae nadat goedere ontvang is of binne 7 dae nadat 'n ooreenkoms vir dienste gesluit is. Die verbruiker kan net aanspreeklik gehou word vir die koste om die goedere terug te besorg.

<sup>198</sup> Coetze 2004 *Stell LR* 510.

<sup>199</sup> A 49.

om die dwaling te hanteer, asook die addisionele beskerming van die EKT-wet, indien die natuurlike persone as verbruikers kwalifiseer.

#### 2.2.4.2 Geoutomatiseerde transaksies

Geoutomatiseerde transaksies word gedefinieer as:

'n Elektroniese transaksie wat in geheel of gedeeltelik aangegaan of verrig is deur middel van databoodskappe waarin die gedrag of databoodskappe van een party of beide partye nie deur 'n natuurlike persoon hersien word in die gewone loop van sodanige natuurlike persoon se besigheid of werk nie.<sup>200</sup>

Geoutomatiseerde transaksies is waar persone elektroniese ooreenkomste aangaan deur van elektroniese agente gebruik te maak.<sup>201</sup> Die term elektroniese agent kan verwarring skep en dit is nodig om na die begrip te kyk. Hier is die agent slegs instrument van die natuurlike persoon wat dit gebruik.<sup>202</sup> Dit is omrede elektroniese agent nie volwaardige verteenwoordiger van die natuurlike persoon is nie, en nie die bevoegdheid het om uit eie kontrak namens sy prinsipaal te sluit nie.<sup>203</sup> Hier het die elektroniese agent geen wil van sy eie nie en kan die agent slegs namens sy prinsipaal handel binne die perke van sy programmering.<sup>204</sup>

Die elektroniese agente het die bevoegdheid om kontrakte namens hulle prinsipale te sluit indien daar aan al die vooraf-bepaalde voorwaardes voldoen is.<sup>205</sup> Die vooraf-bepaalde voorwaardes moet deur natuurlike persone bepaal en goedgekeur wees en word in die elektroniese agent ingeprogrammeer.<sup>206</sup> Die handelinge van die agent moet deur die natuurlike persoon beheerbaar

---

<sup>200</sup> A 1.

<sup>201</sup> A 1 definieer 'n elektroniese agent as: 'n rekenaarprogram, elektroniese of ander geoutomatiseerde middel wat onafhanklik gebruik word om 'n handeling te begin of om in die geheel of gedeeltelik op databoodskappe of prestasies in 'n geoutomatiseerde transaksie te reageer.

<sup>202</sup> Winn en Wright *Law of Electronic Commerce* 5.39; Gereda 2004 [www/mbendi.com/cliffedekker/literature/commentry/index.htm](http://www/mbendi.com/cliffedekker/literature/commentry/index.htm) 284.

<sup>203</sup> Marx *E-commerce* 6.

<sup>204</sup> Winn en Wright *Law of Electronic Commerce* 5.39.

<sup>205</sup> Marx *E-commerce* 8.

<sup>206</sup> Marx *E-commerce* 8.

wees.<sup>207</sup> As algemene reël is die persoon wat van so agent gebruik maak, verantwoordelik vir die gevolge en foute van sy instrument.<sup>208</sup>

Die agent word dus vooraf deur natuurlike persoon geprogrammeer, maar ten tyde van die kontraksluiting is daar geen invloed van buite af deur die natuurlike persoon op die elektroniese agent nie.<sup>209</sup> Die program reageer deur geautomatiseerde response voort te bring van die boodskappe wat dit ontvang.<sup>210</sup>

Waar daar van elektroniese agente gebruik gemaak word om kontrakte te sluit, is artikel 20 van belang.<sup>211</sup> Artikel 20(a) bepaal dat kontrakte gesluit kan word deur elektroniese agente waar die elektroniese agent handeling uitvoer wat regtens nodig is om ooreenkoms te sluit.<sup>212</sup> Hierdie artikel bevestig dus in ons reg die geldigheid van geautomatiseerde transaksies wat deur elektroniese agente gesluit word.

Volgens die wet bestaan daar twee tipes geautomatiseerde transaksies, naamlik waar beide partye gebruik maak van elektroniese agente en die elektroniese agente ooreenkoms aangaan of waar slegs een party gebruik maak van so agent, wat tot gevolg het dat natuurlike persoon kontrak met ander party se elektroniese agent sluit.<sup>213</sup>

Artikels 20(c) en (d) van die wet is van toepassing op beide gevalle. Artikel 20(c) bepaal dat waar party van elektroniese agente gebruik maak om 'n ooreenkoms te sluit, die party aan die bedinge van die ooreenkoms gebonde sal wees, ongeag of die party die handelinge van die elektroniese agent of die bedinge van die ooreenkoms hersien het of nie.<sup>214</sup> Artikel 20(d) bepaal verder dat waar party met 'n elektroniese agent handel, hy slegs tot die

---

<sup>207</sup> Gereda 2004 [www/mbendi.com/cliffedekker/literature/commentry/index.htm](http://www/mbendi.com/cliffedekker/literature/commentry/index.htm) 284.

<sup>208</sup> Winn en Wright *Law of Electronic Commerce* 5.39; Pistorius 2008 *JILT* 10.

<sup>209</sup> Marx *E-commerce* 8; Pistorius 2008 *JILT* 9.

<sup>210</sup> Van der Merwe ea *Kontraktereg* 73; Pistorius 2008 *JILT* 9.

<sup>211</sup> Coetzee 2004 *Stell LR* 517.

<sup>212</sup> A 20(a).

<sup>213</sup> A 20(b).

<sup>214</sup> A 20(c).

ooreenkoms gebind sal wees indien die bedinge van die ooreenkoms voor die sluiting van die kontrak deur natuurlike persoon wat daardie party verteenwoordig hersien kan word.<sup>215</sup> Dus sal natuurlike persoon gebonde wees tot so tipe transaksie, ongeag of die ooreenkoms hersien is of nie. Die opsie om dit te hersien moet net beskikbaar wees.

Beide gevalle van kontraksluiting ingevolge artikel 20(b) sal gevvolglik bespreek word, alhoewel die gedeelte van waar natuurlike persoon met elektroniese agent kontrak sluit die relevantste is waar dwaling weens foutiewe kommunikasie voorkom.

Eerstens sal bespreek word waar beide partye van elektroniese agente gebruik maak, dit staan in meer algemene terme bekend as EDU (elektroniese data-uitruiling).<sup>216</sup> EDU moet egter nie verwarring word met ander vorms van elektroniese kommunikasie soos faks, sms, e-pos of teleks nie.<sup>217</sup> EDU word deur Eiselen gedefinieer as:

Die elektroniese verwisseling van masjienvverwerkbare, gestructueerde data, wat volgens ooreengekome standaarde geformateer is en wat met behulp van telekommunikasie skakelapparaat regstreeks tussen verskillende rekenaarstelsels op verskillende rekenaars oorgedra word.<sup>218</sup>

Partye wat op gereelde grondslag met mekaar besigheid doen kanoorweeg om van die vorm van kontraksluiting gebruik te maak.<sup>219</sup> Dit behels byvoorbeeld dat indien A en B so ooreenkoms gesluit het, dan sal B se elektroniese agent boodskap aan A se agent stuur dat sy voorrade laag is en dan kry A al die nodige inligting van sy agent af en moet dan die ooreengekome aantal goedere aan B stuur. EDU word normaalweg gebruik waar daar reeds bestaande besigheidskontrak tussen die partye is en hulle op gereelde basis besigheid doen.<sup>220</sup>

---

<sup>215</sup> A 20(d).

<sup>216</sup> Marx *E-commerce* 7.

<sup>217</sup> Eiselen 1995 SA *Merc LJ* 71.

<sup>218</sup> Eiselen 1992 *THRHR* 208; Van der Merwe ea *Kontraktereg* 73 - EDU word gedefinieer as "die gerekenaardiseerde uitruiling van goedgekeurde standaardboodskappe tussen rekenaars deur dataverwerking sonder menslike tussenkom."

<sup>219</sup> Eiselen 1995 SA *Merc LJ* 7; Van der Merwe en Roos *Information Technology Law* 142.

<sup>220</sup> Eiselen 1995 SA *Merc LJ* 7; Van der Merwe en Roos *Information Technology Law* 142.

By die tipe transaksies is daar egter min gevalle van dwaling weens foutiewe kommunikasie omrede die elektroniese agente vooraf geprogrammeer word.<sup>221</sup> Waar 'n elektroniese agent 'n boodskap stuur, word die boodskap as 'n subjektiewe verklaring van die party wat die agent gebruik beskou.<sup>222</sup> Indien 'n aanbod deur 'n elektroniese agent gemaak is en die agent ontvang 'n aanname van 'n ander agent, word dit geag dat wilsooreenstemming tussen die partye wat van die agente gebruik maak bereik is.<sup>223</sup> Dus indien daar 'n dwaling sou bestaan sal dit nie tussen die twee agente wees nie, maar eerder tussen die prinsipale wat die agente programmeer. In sulke gevalle kan die sluitingsgronde van die kontrak nie uitgedaag word op grond dat die geautomatiseerde boodskapsisteem die kontrak gesluit het nie, maar eerder die gemeenregtelike beginsels van dwaling en gebrek aan wilsooreenstemming.<sup>224</sup>

Tweedens sal gevalle bespreek word waar natuurlike persoon met elektroniese agent in kontak is. Die tipe transaksies kom meestal voor waar inkopies op 'n webtuiste oor die internet gedoen word.<sup>225</sup> Dit sal byvoorbeeld gebeur waar natuurlike persoon oor die internet transaksies sluit deur op die "I agree"-, "Confirm"-, "Buy"-, "Accept"-, "Proceed"- of "Enter"-sleutels van webwerf<sup>226</sup> te kliek.<sup>227</sup>

---

<sup>221</sup> Buys *Cyberlaw* 99.

<sup>222</sup> Van der Merwe en Roos *Information Technology Law* 155.

<sup>223</sup> Van der Merwe en Roos *Information Technology Law* 153.

<sup>224</sup> Eiselen 2007 *PER* 36; Pistorius 2008 *JILT* 13.

<sup>225</sup> Coetzee 2004 *Stell LR* 517.

<sup>226</sup> A 1 – definieer 'n webwerf as enige plek op die internet wat 'n huisblad of webbladsy bevat. 'n Webbladsy word gedefinieer as 'n databoodskap op die Wêreldwyse Web. Wêreldwyse Web is 'n raamwerk waarvan inligting verkry word wat 'n gebruiker toelaat om inligting wat op 'n veraf rekenaar gebêre word op te spoor en toegang daartoe te verkry en om verwysings vanaf een rekenaar te volg en verwante inligting op 'n ander rekenaar.

<sup>227</sup> Snail 2008 *JILT* 7; Van der Merwe en Roos *Information Technology Law* 156 - Deur op een van die ikone te kliek word daar nie noodwendig 'n kontrak gesluit nie. Dit kan in sommige gevalle wees dat die leser slegs die standaardbedinge van die webtuiste aanvaar. In sulke gevalle sal 'n kontrak slegs gesluit word indien daar 'n geldige aanbod bestaan en deur op die ikoon te kliek die party aandui dat hy die aanbod aanvaar. 'n Geldige aanbod moet duidelik wees en genoeg wesenlike inligting bevat en die potensiële kliënt moet bewus wees van die aanbod voordat 'n kontrak gesluit kan word. Daar moet ook onderskei word tussen 'n aanbod en 'n advertensie. 'n Advertensie word nie outomatis as 'n aanbod geag nie en kan bloot 'n uitnodiging wees om besigheid te doen. Waar 'n party op 'n advertensie reageer, word die kliënt se keuse van goedere en

Hier sal ook min gevalle wees van waar die elektroniese agent wesenlike fout begaan wat dwaling veroorsaak, omrede dit vooraf geprogrammeer word. Sekere vereistes en voorwaardes word deur 'n natuurlike persoon bepaal en goedgekeur voordat dit in die elektroniese agent ingeprogrammeer word.<sup>228</sup> Die boodskap wat die elektroniese agent stuur word beskou as 'n subjektiewe verklaring van die party wat die agent gebruik.<sup>229</sup> Indien 'n aanbod deur 'n elektroniese agent gemaak is en die agent ontvang 'n aanneming van 'n natuurlike persoon, word dit geag dat wilsooreenstemming tussen die partye bereik is.<sup>230</sup> Die omgekeerde is ook dieselfde indien die natuurlike persoon die aanbod aan die elektroniese agent gemaak het. Waar die prinsipaal van die agent 'n dwaling veroorsaak het, kan die sluitingsgronde van die kontrak nie uitgedaag word op grond dat die geautomatiseerde boodskapsysteem die kontrak gesluit het nie, maar eerder die gemeenregtelike beginsels van dwaling en gebrek aan wilsooreenstemming.<sup>231</sup>

Die kans dat 'n natuurlike persoon 'n wesenlike fout wat tot dwaling lei sal begaan is dus veel groter. Daarom word daar eerder gefokus op gevallen waar natuurlike persoon die wesenlike fout begaan het terwyl hy met elektroniese agent onderhandel. Artikel 20(e) is van toepassing op gevallen waar natuurlike persone met die elektroniese agente van ander partye kontrakteer.

Artikel 20(e) bepaal dat geen ooreenkoms gesluit word indien natuurlike persoon met die elektroniese agent van ander onderhandel en die persoon wesenlike fout, wat wilsooreenstemming uitsluit, in sy kommunikasie gemaak het nie. By sulke gevallen sal daar slegs 'n ooreenkoms gesluit word indien die agent die fouterende persoon die geleentheid bied om sy wesenlike

---

voorneme van betaling as 'n aanbod beskou en is dit die internethandelaar se besluit om die aanbod te aanvaar of verwerp. Internethandelaars kan die onduidelikhede voorkom deur dit duidelik te maak of dit 'n aanbod, advertensie of aanvaarding van die standaardbedinge is.

<sup>228</sup> Marx *E-commerce* 8.

<sup>229</sup> Van der Merwe en Roos *Information Technology Law* 155.

<sup>230</sup> Van der Merwe en Roos *Information Technology Law* 153.

<sup>231</sup> Eiselen 2007 *PER* 36; Pistorius 2008 *JILT* 13.

fout te voorkom of reg te stel.<sup>232</sup> Die artikel is inlyn met die gemeenregtelike bepalings van dwaling wat bepaal dat ‘n kontrak nietig is indien ‘n wesenlike fout wilsooreenstemming uitsluit.<sup>233</sup>

Die fouterende persoon moet egter die ander party so gou as prakties moontlik van die fout in kennis stel asook redelike stappe neem om die fout te herstel.<sup>234</sup> ‘n Internethandelaar kan dus op die natuurlike persoon se kommunikasie steun tot hy in kennis gestel word van die fout.<sup>235</sup> Party kan redelike stappe neem en die fout herstel deur die goedere wat hy ontvang het terug te stuur of dit te vernietig afhangende van wat sy instruksies mag wees.<sup>236</sup>

Die fouterende party sal egter nie op artikel 20(e) kan staatmaak indien daar reeds enige wesenlike voordeel of waarde gebruik of ontvang is uit die prestasie wat ontvang is nie.<sup>237</sup> Die artikel bepaal wanneer die fout nie redelik is nie en sorg dat ‘n fouterende party nie voordeel uit sy eie fout kan trek nie.<sup>238</sup> Die bewyslas rus hier op die natuurlike persoon om al die vereistes te bewys en sodoende aanspreeklikheid te vermy.<sup>239</sup>

Waar die natuurlike persoon ‘n fout begaan het, maar wel die geleentheid gehad het om die transaksie te hersien, word hy gebind aan die transaksie ten spyte van die dwaling/fout. Dit is tensy die fout so ooglopend is en die handelaar dit sou opmerk kan die natuurlike persoon steeds aanspreeklikheid vermy op gronde van die gemeenregtelike bepalings van dwaling.

---

<sup>232</sup> A 20(e)(1).

<sup>233</sup> Van der Merwe en Roos *Information Technology Law* 159.

<sup>234</sup> A 20(e)(2) en 20(e)(3); Marx *E-commerce* 7.

<sup>235</sup> Van der Merwe en Roos *Information Technology Law* 159.

<sup>236</sup> Marx *E-commerce* 8.

<sup>237</sup> A 20(e)(4).

<sup>238</sup> Van der Merwe en Roos *Information Technology Law* 159.

<sup>239</sup> Van der Merwe en Roos *Information Technology Law* 159.

## 2.2.5 Onduidelikhede en die EKT-wet

Alhoewel die EKT-wet gepromulgeer is om elektroniese aangeleenthede te reguleer en sekerheid op die gebied te gee, is daar egter steeds aangeleenthede wat nie duidelik is nie en verwarring skep.

Een so 'n geval is die onderskeidingslyn tussen 'n verbruikers- en 'n geautomatiseerde transaksie.<sup>240</sup> In sommige gevalle gaan 'n transaksie binne die toepassingsgebied van beide artikels 20(e) en 43 val. Dit is omdat 'n verbruiker gedefinieer word as 'n natuurlike persoon en artikel 20 reguleer weer transaksies tussen natuurlike persone en elektroniese agente. Dit sal gebeur waar 'n natuurlike persoon ook as 'n verbruiker kwalifiseer en 'n ooreenkoms oor die internet aangaan met 'n leveransier wat van 'n elektroniese agent gebruik maak. Die meerderheid van internettransaksies vind plaas waar verbruikers goedere vanaf webtuistes koop en die meeste webtuistes maak van elektroniese agente gebruik.<sup>241</sup>

Hierdie het die gevolg dat daar verskillenderegsgevolge gaan wees wat teenstrydig is, afhangend van onder watter artikel die transaksie geplaas word.<sup>242</sup> Waar 'n persoon 'n wesentlike fout in sy kommunikasie begaan het en nie die kans gegun is om die fout reg te maak nie, bied artikels 20(e) en 43 die volgende teenstrydige bepalings:

Waar die persoon nie die kans gegun is om sy fout reg te maak nie, word geen transaksie gesluit (nietig) ingevolge artikel 20(e)(i) nie, terwyl artikel 43(3) bepaal dat die transaksie gekanselleer (vernietigbaar) kan word. Die internethandelaar dra dus die risiko dat die ooreenkoms of nietig of vernietigbaar is, afhangend van in watter kategorie die transaksie geplaas word.<sup>243</sup> By geautomatiseerde transaksies mag die natuurlike persoon die

---

<sup>240</sup> Pistorius 2008 *JILT* 1.

<sup>241</sup> Pistorius 2008 *JILT* 2.

<sup>242</sup> Pistorius 2008 *JILT* 1.

<sup>243</sup> Van der Merwe en Roos *Information Technology Law* 159.

kontrak kanselleer sodra hy bewus word van die fout terwyl verbruikers kan kanselleer binne 14 dae nadat die goedere of dienste ontvang is.<sup>244</sup>

By geautomatiseerde transaksies kan die natuurlike persoon nie op sy fout steun indien daar reeds enige wesenlike voordeel of waarde gebruik of ontvang is uit die gelewerde prestasie nie.<sup>245</sup> Die vraag of die verbruiker alreeds enige wesenlike voordeel of waarde gebruik of ontvang het uit die gelewerde prestasie is nie hier relevant nie.

Waar verbruiker transaksie kanselleer moet hy die goedere terugbesorg aan die leweransier en ophou om die gelewerde goedere of dienste te gebruik. Die leweransier is dan verplig om alle terugbetalings aan die verbruiker te maak, minus die kostes om die goedere terug te kry. Die verbruiker dra slegs die kostes om die goedere terug te besorg aan die leweransier. Die natuurlike persoon aan die ander kant moet redelike stappe neem om die fout te herstel. Dit kan gedoen word deur die goedere wat ontvang is terug te stuur of dit te vernietig afhangende van wat sy instruksies mag wees. Die wet maak egter geen bepaling dat partye wat van elektroniese agente gebruik maak verplig is om aan die natuurlike persoon enige terugbetalings te maak nie.<sup>246</sup> Vir praktiese doeleindes kan hieruit gesien word dat artikel 43 meer voordele vir 'n natuurlike persoon inhoud as artikel 20.

Aanbevelings word gemaak dat die oorvleuelende situasie hersien moet word om die teenstrydige bepalings van artikels 20(e) en 43 te harmoniseer. Artikel 20(e) kan staande bly soos dit is om transaksies tussen natuurlike persone en elektroniese agente te reguleer. Hierdie artikel is voldoende omdat die natuurlike persoon hier nie as verbruiker kwalifiseer nie en dus nie geregtig is op die hoë mate van verbruikersbeskerming nie.

Waar die oorvleuelende situasie egter voorkom kan daar dalk 'n addisionele subartikel onder artikel 43 geplaas word. Hierdie gedeelte kan dan

---

<sup>244</sup> A 43(3) en a 20(e)(ii).

<sup>245</sup> A 20(e)(iv).

<sup>246</sup> Pistorius 2008 *JILT* 15.

onderhewig wees aan artikel 20(a)-(d), maar 'n addisionele subartikel bevat wat die kwessie hanteer waar 'n natuurlike persoon ook as 'n verbruiker kwalificeer en met 'n elektroniese agent kontrakteer. Hierdie subartikel kan dan die geharmoniseerde bepalings van artikels 20(e) en 43 bevat. Die subartikel kan 'n kombinasie van die voordeligste bepalings van artikels 20(e) en 43 uitlig en aan die verbruiker wat met die elektroniese agent kontrakteer, gee. Hierdie hoë mate van beskerming is nodig omrede die natuurlike persoon blootgestel word aan die risiko's van beide 'n verbruiker, asook die van 'n persoon wat ooreenkomste aangaan met 'n elektroniese agent.

Daar bestaan tot op datum min gerapporteerde beslissings oor elektroniese aangeleenthede en die toepassing van die EKT-wet, wat tot gevolg het dat die aangeleentheid oop is vir interpretasie.<sup>247</sup> Soos die oorvleuelende situasie tans staan, word daar aanbeveel dat die aangeleentheid so geïnterpreteer moet word dat die natuurlike persoon/verbruiker 'n kombinasie van die voordeligste bepalings van artikels 20(e) en 43 gegee word. Redelikheid en regverdigheid moet egter ook in ag geneem word.

Tot die gedeelte egter hersien word en daar meer sekerheid rondom die aangeleentheid bestaan, sal dit egter beter wees om eerder te poog om foutiewe kommunikasie en dwaling te voorkom.

#### 2.2.6 *Die voorkoming van dwaling en foutiewe kommunikasie*

Sommige skrywers is van mening dat die wet 'n groot las plaas op internethandelaars en leweransiers.<sup>248</sup> Dit word gegronde op die verpligte wat artikels 20(e)(i) en 43(2) aan die partye stel. Internethandelaars kan egter maklik aan die artikels se vereistes voldoen en die negatiewe gevolge vermy.<sup>249</sup> Deur na die wet te kyk kan dit gedoen word deur enige metode, solank die natuurlike persoon 'n geleentheid kry om die transaksie te hersien, foute te voorkom of waar 'n fout wel gemaak is om die fout reg te stel.

---

<sup>247</sup> Van der Merwe en Roos *Information Technology Law* 200.

<sup>248</sup> Pistorius 2008 *JILT* 14.

<sup>249</sup> Van der Merwe en Roos *Information Technology Law* 187; Pistorius 2008 *JILT* 16.

In die praktyk geskied dit normaalweg in die vorm van ‘n opsomming van die transaksie of ‘n bevestigingskerm.<sup>250</sup> Net voor ‘n transaksie finaal gesluit word kan die internethandelaar sorg dat daar ‘n opsomming van die transaksie aan die natuurlike persoon verskyn om die transaksie te bevestig. So ‘n opsomming van die transaksie kan gebruik word om die transaksie te hersien en kan moontlike foute voorkom. Indien daar wel enige foute voorkom, soos waar verkeerde bedrae getik is of waar verkeerde goedere bestel is, kan die persoon dan die fout regstel.<sup>251</sup> Die persoon kan dan ook laastens ‘n kans gegun word om finaal uit die transaksie te onttrek voordat daar na ‘n betalingsbladsy aanbeweeg word.<sup>252</sup> Indien ‘n ooreenkoms onderhewig is aan standaardbedinge, moet die bedinge ook duidelik en toeganklik wees vir die natuurlike persoon en daar moet ook uitdruklik aangedui word dat die bedinge aanvaar word.<sup>253</sup> Dit gebeur gewoonlik dat ‘n party op ‘n ikoon moet kliek om aan te dui dat hy die voorwaardes verstaan en aanvaar.

Waar partye elektronies handel kan hulle ook self die moontlikheid van foutiewe kommunikasie en dwaling verklein. Dit kan gedoen word deur belangrike syfers in woorde sowel as getalle uiteen te sit asook om wesenlike woorde/getalle te herhaal.<sup>254</sup> Hulle kan ook verder sorg dat hulle duidelik kommunikeer en alle redelike stappe neem om te sorg dat die boodskappe reg gestuur word.<sup>255</sup>

#### 2.2.7 Gevolgtrekking: Wisselwerking tussen die gemenereg en die EKT-wet

Soos al reeds bespreek hanteer die gemenereg gevalle van dwaling en by sulke gevalle is dit belangrik om die grondslag van die kontrak te bepaal. Deur die grondslag van die kontrak te bepaal kan die kontraktuele aanspreeklikheid wat daaruit vloei bepaal word. Dit word gedoen deur die wilsooreenstemming

---

<sup>250</sup> Van der Merwe en Roos *Information Technology Law* 187; Pistorius 2008 *JILT* 16.

<sup>251</sup> Van der Merwe en Roos *Information Technology Law* 155; Pistorius 2008 *JILT* 16.

<sup>252</sup> Van der Merwe en Roos *Information Technology Law* 155; Pistorius 2008 *JILT* 16.

<sup>253</sup> Van der Merwe en Roos *Information Technology Law* 155.

<sup>254</sup> Christie *The Law of Contract* 76; Kerr *Law of Contracts* 38.

<sup>255</sup> Christie *The Law of Contract* 76; Kerr *Law of Contracts* 38.

van die partye te bepaal met die primêre basis van kontraktuele aanspreeklikheid, die subjektiewe wilsteorie. Indien dwaling voorkom wat die *consensus* uitsluit, kan die grondslag bepaal word op grond van die sekondêre basis vir kontraktuele aanspreeklikheid, naamlik die vertrouensteorie. Hetsy watter vorm van die vertrouensteorie gebruik word.

Die gemenerg kon egter nie alle gevalle van elektroniese aangeleenthede hanteer nie en leemtes het ontstaan. Die EKT-wet het sekerheid op die gebied gegee en regseffek aan elektroniese kommunikasie gegee. Die wet is nie daar om reeds bestaande reg te vervang nie, maar eerder om dit aan te vul waar nodig. Dus sal die gemeenregtelike reëls rondom dwaling saam met die EKT-wet se bepalings van toepassing wees.

By gevalle waar natuurlike persone elektronies konakteer met byvoorbeeld e-pos, faks en sms bied die EKT-wet geen bepalings indien dwaling weens foutiewe kommunikasie ontstaan nie. Die gemeenregtelike bepalings bly voldoende by die gevalle omdat die kontrak steeds gesluit word tussen natuurlike persone en die kontraktuele aanspreeklikheid met die beginsels bepaal kan word.

Waar twee natuurlike persone elektronies konakteer, bied die EKT-wet moontlik addisionele beskerming aan natuurlike persoon indien hy as verbruiker kwalificeer. Waar dwaling voorkom sal die party dan die gemeenregtelike bepalings tot sy beskikking hê asook die addisionele beskerming wat die wet aan die verbruiker bied. Hierdie addisionele beskerming word deur artikel 43 van die wet bepaal.

Waar partye met elektroniese agente konakteer is die gemenerg nie duidelik rondom die aangeleentheid nie. Die wet het helderheid op die gebied van kontraksluiting en elektroniese agente gegee. Waar beide partye van elektroniese agente gebruik maak, of waar slegs een party van 'n agent gebruik maak, is artikel 20 van die wet van toepassing.

Daar sal egter min gevalle wees van waar die elektroniese agent ‘n foutiewe kommunikasie stuur wat tot dwaling lei, omdat die elektroniese agent vooraf geprogrammeer word. Die agent se prinsipaal bepaal en keur die programmering vooraf goed en enige boodskap wat die agent stuur word as ‘n subjektiewe verklaring van die prinsipaal beskou. Indien daar ‘n dwaling sou ontstaan sal dit nie wees weens die elektroniese agent nie, maar eerder die prinsipaal wat die agent programmeer. Alhoewel die prinsipaal aan ‘n ooreenkoms gebind word, al het hy nie die transaksie hersien nie, kan aanspreeklikheid steeds op gronde van dwaling met die gemeenregtelike bepalings vermy word indien die dwaling byvoorbeeld wesenlik en redelik is.

Waar natuurlike persoon met elektroniese agent handel en die persoon ‘n foutiewe kommunikasie stuur wat *dissensus* veroorsaak, reguleer artikel 20(e) die aangeleentheid.

Alhoewel sekere gedeeltes van die wet verwarring kan skep en teenstrydig kan wees, bied die Suid-Afrikaanse reg remedies in ‘n verskeidenheid van gevallen. Waar daar elektronies met ander natuurlike persone, of hulle elektroniese agente, of waar twee partye se elektroniese agente kontrakteer, bied die Suid-Afrikaanse reg remedies by gevallen waar dwaling weens foutiewe kommunikasie voorkom. Aanbevelings word egter gemaak dat die oorvleuelende en teenstrydige bepalings geharmoniseer moet word om moontlike verwarring te voorkom en sodende die probleem nog beter te hanteer.

### **3 Die Verenigde Nasies Konvensie oor Kontrakte vir die Internasionale Koop van Goedere (1980)**

#### **3.1 Inleiding**

Voor die totstandkoming van die konvensie was daar gebrek aan eenvormige reëls waar partye vanuit verskillende lande koopkontrakte gesluit het. UNCITRAL was aangestel om dokument te skep wat eenvormige reëls kan gee en wat die leemte op die gebied kan vul.<sup>256</sup> Die dokument moes aanvaarbaar wees vir state met verskillende agtergronde en verskillenderegs-, sosiale en ekonomiese stelsels.<sup>257</sup>

Die Verenigde Nasies Konvensie oor Kontrakte vir die Internasionale Koop van Goedere, oftewel die KIKG (CISG), is gevvolglik geskep.<sup>258</sup> Daar word ook dikwels na die konvensie verwys as die Weense Koopverdrag van 1980.<sup>259</sup> Indien staat lid word van die konvensie, word die konvensie se bepalings deel van die staat se plaaslike reg.<sup>260</sup> Die staat sal dan twee stelle verkoopsregwette hê, een om plaaslike verkooptransaksies te reguleer en dan die bepalings van die konvensie om internasionale verkooptransaksies te reguleer.<sup>261</sup>

Die Weense Koopverdrag skep eenvormige reëls vir internasionale koopkontrakte en poog om struikelblokke in internasionale handel te verwijder en sodoende internasionale handel te bevorder.<sup>262</sup> Die konvensie is finaal in 1980 goedgekeur en het op 1 Januarie 1988 in werking getree.<sup>263</sup> Sedertdien

---

<sup>256</sup> UNCITRAL - *United Nations Commission on International Trade Law*. Hierdie is die amptelike regsliggaam van die Verenigde Nasies en is spesifiek daar om reëls te skep om internasionale handel te bevorder.

<sup>257</sup> Bar en Har-Sinay 2008 <http://www.articlesbase.com/law-articles/contract-validity-and-the-cisg-international-treaty-closing-the-loophole-315561.html> 1.

<sup>258</sup> Bar en Har-Sinay 2008 <http://www.articlesbase.com/law-articles/contract-validity-and-the-cisg-international-treaty-closing-the-loophole-315561.html> 1.

<sup>259</sup> Bernstein and Lookofsky *Understanding the CISG* 1.

<sup>260</sup> Eiselen 2007 PER 11.

<sup>261</sup> Eiselen 2007 PER 11.

<sup>262</sup> KIKG se voorrede.

<sup>263</sup> Bernstein and Lookofsky *Understanding the CISG* 1; Die konvensie is deur UNCITRAL se Algemene Vergadering goedgekeur.

is die konvensie tot en met 1 September 2010 deur 76 state bekragtig.<sup>264</sup> Hierdie 76 state is gesamentlik vir meer as twee derdes van die wêreld se internasionale handel verantwoordelik.<sup>265</sup> Weens die groot aantal, en steeds groeiende aantal, kontrakterende state is die KIKG besig om die verkoopsreg van Europa en die res van die wêreld te word.<sup>266</sup> Ten spyte daarvan dat dit sterk aanbeveel word, is Suid-Afrika tot op hede nog steeds nie lid van die konvensie nie.<sup>267</sup>

Die toepassingsgebied van die konvensie word deur artikel 1 van die dokument bepaal. Dit konvensie reguleer koopkontrakte wat gesluit is deur partye wat in verskillende lidstate gesetel is.<sup>268</sup> Die konvensie kan ook geld waar slegs een van die partye in lidstaat gesetel is. Dit kan ook van toepassing wees waar die reëls van die internasionale privaatreg dit so bepaal of waar die partye ooreenkom dat hulle kontrak aan die konvensie onderworpe is.<sup>269</sup>

### **3.2 Elektroniese kommunikasie**

Die konvensie bevat nie self 'n artikel wat voorsiening maak vir elektroniese kommunikasie nie, maar daar kan na artikel 13 gekyk word vir riglyne.<sup>270</sup> Die artikel bepaal dat “*for the purpose of this Convention “writing” includes telegram and telex.*” Hieruit kan gesien word dat beide telegram- en teleksboodskappe as voldoende geag word, waar skriftelike dokumente benodig word.<sup>271</sup> Hedendaagse vorms van elektroniese kommunikasies soos e-pos, faks en EDU was onbekend by die opstel van die konvensie en dit kan ook afgelei word uit die artikel se bewoording, aangesien daar nog na teleks en

---

<sup>264</sup> UNCITRAL 2011 <http://www.uncitral.org>.

<sup>265</sup> Eiselen 2007 PER 7; Dit sluit van die wêreld se grootste handelsnasies in, soos die VSA, Rusland, China, Australia en die meerderheid state van die Europese Unie.

<sup>266</sup> Bernstein and Lookofsky *Understanding the CISG* 1.

<sup>267</sup> Eiselen 1999 SALJ 369.

<sup>268</sup> Bernstein and Lookofsky *Understanding the CISG* 2.

<sup>269</sup> Bernstein and Lookofsky *Understanding the CISG* 2.

<sup>270</sup> Eiselen 2002 VJICLA 7.

<sup>271</sup> Skriftelike vereistes word tradisioneel geassosieer met papier-gebaseerde dokumente waar woorde op papier geskryf, getik of uitgedruk word.

telegramme verwys word.<sup>272</sup> Volgens die Adviesraad<sup>273</sup> van die KIKG sal elektroniese kommunikasie aan die skriftelike vereiste voldoen indien dit dieselfde rol as papierdokumente vervul.<sup>274</sup> Elektroniese kommunikasie kan uitgedruk en geberg word en maak dus die boodskappe beskikbaar in beide fisiese en elektroniese formaat, en vervul sodoende die rol van papierdokumente.<sup>275</sup> Dit het die gevolg dat artikel 13 so geïnterpreteer moet word om alle vorms van elektroniese kommunikasie in te sluit onder die term skriftelik.<sup>276</sup>

Tensy die partye uitdruklik elektroniese kommunikasie uitsluit sal die veronderstelling wees dat dit ingesluit word onder die term skriftelik.<sup>277</sup> Hierdie veronderstelling kan versterk of verswak word deur die partye se vorige handelinge en algemene gebruik met mekaar.<sup>278</sup>

### **3.3 Elektroniese kontrakte**

Die kwessie rondom elektroniese kontrakte word deur artikel 11 van die konvensie hanteer en bepaal dat:

*A contract of sale need not be concluded in or evidenced by writing and is not subject to any other requirement as to form. It may be proved by any means, including witnesses.*

Hieruit kan gesien word dat partye steeds kontrak kan sluit onderworpe aan die KIKG al is dit nie op skrif nie.<sup>279</sup> Daar is geen aanduiding dat die

---

<sup>272</sup> Eiselen 1999 *EDI LR* 15; Eiselen 2002 *VJICLA* 7.

<sup>273</sup> Die KIKG-Adviesraad is 'n privaat instansie wat ondersteun word deur Pace Universiteit se fakulteit van regte. Die doel van die instansie is om die KIKG te help beter verstaan en om ondersteuning te bied by die interpretasie van die konvensie.

<sup>274</sup> KIKG-Adviesraad Opinie no.1 2003 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/CISG-AC-op1.html>.

<sup>275</sup> Eiselen 1999 *EDI LR* 15; Eiselen 2002 *VJICLA* 7.

<sup>276</sup> Eiselen 1999 *EDI LR* 15; Eiselen 2002 *VJICLA* 7; Bernstein and Lookofsky *Understanding the CISG* 38; KIKG-Adviesraad Opinie no.1 2003 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/CISG-AC-op1.html>.

<sup>277</sup> KIKG-Adviesraad Opinie no.1 2003 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/CISG-AC-op1.html>.

<sup>278</sup> KIKG-Adviesraad Opinie no.1 2003 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/CISG-AC-op1.html>.

<sup>279</sup> State wat skriftelike ooreenkomste vereis kan 'n verklaring onder a 96 maak. So 'n verklaring sal die gevolg hê dat ooreenkomste skriftelik gesluit moet word.

konvensie bedoel het om enige spesifieke kommunikasiemetode uit te sluit nie en dit blyk eerder te wees om alle vorme in te sluit.<sup>280</sup> Partye het dus die vryheid om kontrakte te sluit soos hulle dit goeddink en kan selfs mondelingse kontrakte sluit wat deur die KIKG gereguleer word.<sup>281</sup> Elektroniese kontrakte word nie fundamenteel verskillend as papier-gebaseerde kontrakte beskou nie.<sup>282</sup> Hieruit kan afgelei word dat geen skriftelike vormvereistes by die sluiting van kontrakte vereis word nie en gevvolglik kan kontrakte deur elektroniese middels gesluit word.<sup>283</sup>

By die sluiting van kontrakte maak die konvensie gebruik van die ontvangsteorie.<sup>284</sup> Deur na artikels 18 (2) en 23 te kyk kan gesien word dat die kontrak geag word as gesluit te wees op die tyd wanneer en plek waar die aanbieder die aanvaarding van die aanbod ontvang.<sup>285</sup> Artikel 24 bepaal dat boodskap geag word as ontvang te wees wanneer die boodskap by die aanbieder se adres gelewer word.<sup>286</sup>

### **3.4 Dwaling weens foutiewe kommunikasie**

#### **3.4.1 Die geldigheid van kontrakte**

Waar die partye handel en met elektroniese middels kontrakte sluit, ontstaan die vraag nou wat sal gebeur indien daar 'n foutiewe elektroniese kommunikasie gestuur word en dit dwaling tussen die partye veroorsaak. Die dwaling kan moontlik regseffek op die kontrak hê en moontlik die geldigheid van die kontrak beïnvloed. Artikel 4 van die konvensie bepaal:

*This Convention governs only the formation of the contract of sale and the rights and obligations of the seller and the buyer arising from such a contract. In particular, except as otherwise expressly provided in this Convention, it is not concerned with: (a) the validity of the contract or of any of its provisions or of*

---

<sup>280</sup> Eiselen 2002 VJICLA 3.

<sup>281</sup> Bernstein and Lookofsky *Understanding the CISG* 45.

<sup>282</sup> Bernstein and Lookofsky *Understanding the CISG* 66.

<sup>283</sup> KIKG-Adviesraad Opinie no.1 2003 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/CISG-AC-op1.html>.

<sup>284</sup> Eiselen 2007 PER 31.

<sup>285</sup> A 23 en 18(2) van die KIKG; Eiselen 2007 PER 31.

<sup>286</sup> Eiselen 2007 PER 31.

*any usage; (b) the effect which the contract may have on the property in the goods sold.* (eie beklemtoning)

Deur te kyk na die artikel kan mens sien dat die KIKG slegs die sluiting van die kontrak asook die koper en verkoper se regte en verpligte wat uit die kontrak voortspruit, reguleer.<sup>287</sup> Die konvensie hou hom dus glad nie op met die geldigheid van kontrak tensy daar uitdruklik anders deur die konvensie bepaal word nie.<sup>288</sup>

Die opstellers van die konvensie het die geldigheidkwessie met opset uitgesluit, omrede daar gevoel is dit te sensitief en ingewikkeld is om eenvormige reëls daaroor te skep.<sup>289</sup> Die term geldigheid was egter nooit omskryf nie en word nêrens in die konvensie gedefinieer nie.<sup>290</sup> Omrede die konvensie nooit die term geldigheid gedefinieer het nie, is die aangeleenthed oop vir interpretasie.<sup>291</sup> Die vraag ontstaan nou watter kwessies die konvensie as geldige aangeleenthede beskou.<sup>292</sup>

Daar is die veronderstelling dat enige verweer van bevoegdheid, agentskap, bedrog, wanvoorstelling, onregverdigheid, die gevolge van dwaling, dwang, onbewustheid, onmoontlikheid en *mala fide* kontrakte in die ongeldigheid-kategorie sal val.<sup>293</sup> Hierdie kwessies het te make met die sluitingsproses van die kontrak en die KIKG spreek dit moontlik nie aan nie.<sup>294</sup>

Die vraag ontstaan nou wat sal gebeur met die artikel 4(a)-uitsluitingsgevalle en hoe die konvensie dit sal hanteer. Om laasgenoemde te bepaal moet ons

---

<sup>287</sup> Bernstein and Lookofsky *Understanding the CISG* 23; Heiz 1987 *VJTL* par 5A.

<sup>288</sup> Malek *Electronic Commerce in International Trade Law* 64.

<sup>289</sup> Hartnell 1993 *YJIL* par 5.

<sup>290</sup> Ziegel 1981 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/text/ziegel8.html>; Weitzman 1997 *JLC*; Hartnell 1993 *YJIL* 19.

<sup>291</sup> Hartnell 1993 *YJIL* 19; Heiz 1987 *VJTL* 661.

<sup>292</sup> Heiz 1987 *VJTL* 640.

<sup>293</sup> Ziegel 1981 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/text/ziegel8.html>; Heiz 1987 *VJTL* 648; Hartnell 1993 *YJIL* 61; Bar en Har-Sinay 2008 <http://www.articlesbase.com/law-articles/contract-validity-and-the-cisg-international-treaty-closing-the-loophole-315561.html1> 3; Bernstein and Lookofsky *Understanding the CISG* 23; Schlechtriem 1992 *JT* 11.

<sup>294</sup> Bar en Har-Sinay 2008 <http://www.articlesbase.com/law-articles/contract-validity-and-the-cisg-international-treaty-closing-the-loophole-315561.html1> 3; Heiz 1987 *VJTL* par 5A.

na die konvensie se interpretasie-artikel gaan kyk om vas te stel hoe die situasie hanteer moet word. Artikel 7 (2) bepaal dat waar sekere kwessies nie duidelik deur die algemene beginsels van die konvensie opgelos word nie, daar gekyk moet word na die remedies van die toepaslike nasionale regstelsel. Die relevante nasionale regstelsel word deur die reëls van die internasionale privaatreg bepaal. Artikel 7 (1) bepaal verder dat die relevante nasionale regstelsel wat die probleem moet oplos so eng as moontlik toegepas moet word.

Uit die interpretasie-artikel word gesien dat die konvensie se bepalings so wyd as moontlik toegepas moet word en dat die plaaslike regstelsel slegs leemtes moet vul.<sup>295</sup> Dit word gedoen deur die konvensie se internasionale karakter en doel om eenvormige reg te skep in ag te neem.<sup>296</sup>

Deur te kyk na die konvensie is dit duidelik dat artikel 4(a) geskep is vir sensitiewe aangeleenthede en die aangeleenthede eerder oorgelaat word aan die nasionale regstelsels.<sup>297</sup> Daar was besluit om nie eenvormige reëls vir hierdie sensitiewe aangeleenthede te skep nie, omdat elke regstelsel die situasie anders benader en dit onmoontlik is om eenvormige reëls te skep wat vir almal aanvaarbaar sal wees.<sup>298</sup>

### 3.4.2 Dwaling by die sluiting van die kontrak

Die vraag is nou wat sal gebeur indien foutiewe kommunikasie by die sluiting van die kontrak ontstaan en dit dwaling tussen die partye veroorsaak. Word die aangeleentheid uitdruklik deur die konvensie bepaal of word die

---

<sup>295</sup> Bar en Har-Sinay 2008 <http://www.articlesbase.com/law-articles/contract-validity-and-the-cisg-international-treaty-closing-the-loophole-315561.html> 1 3; Hartnell 1993 *YJIL* par 3C.

<sup>296</sup> A 7(1) van die KIKG; Leyens 2003 <http://cisgw3.law.pace.edu/cisg/biblio/leyens.html#con>

<sup>297</sup> Bar en Har-Sinay 2008 <http://www.articlesbase.com/law-articles/contract-validity-and-the-cisg-international-treaty-closing-the-loophole-315561.html> 1 2; Hartnell 1993 *YJIL* par 3A.

<sup>298</sup> Bar en Har-Sinay 2008 <http://www.articlesbase.com/law-articles/contract-validity-and-the-cisg-international-treaty-closing-the-loophole-315561.html> 1 2; Hartnell 1993 *YJIL* par 3A.

aangeleentheid deur artikel 4(a) uitgesluit en na die betrokke nasionale regstelsel verwys?

Ingevolge artikel 4(a) hou die konvensie hom nie op met die geldigheid van kontrak, tensy daar uitdruklik anders deur die konvensie bepaal word nie. Artikel 8 is so uitdruklike bepaling wat gevallen van dwaling by die kontraksluiting hanteer.<sup>299</sup> Volgens die sekretariaat se kommentaar kom foutiewe kommunikasie algemeen by die aanbod en aanname voor en in sulke gevallen moet artikel 8 gebruik word om die ware bedoeling van die kommunikasie vas te stel.<sup>300</sup> Eiselen is ook van mening dat indien daar foutiewe kommunikasie sou voorkom wat wilsooreenstemming uitsluit die artikel gebruik moet word om die kontrak te bepaal.<sup>301</sup> Die artikel kan gebruik word om die ware bedoelings te bepaal het sy die kontrak gesluit is deur natuurlike persone of geautomatiseerde sisteme.<sup>302</sup>

Hieruit kan gesien word dat met artikel 8 daar na die foutiewe kommunikasie, wat die dwaling veroorsaak, gekyk word om die partye se ware bedoelings te bepaal. Die artikel probeer dus die kontrak lewendig te hou deur die partye se bedoelings te bepaal en kyk nie na die gevolge van die dwaling nie.

Artikel 8 dien as interpretasie-artikel. Die artikel is nie daar om die konvensie self te interpreteer nie, maar is eerder daar om die partye se verklarings te interpreteer.<sup>303</sup> Die interpretasie van die verklarings is nie beperk tot die partye se aanbod en aanname nie, maar kan ook op die hele kontrak van toepassing wees.<sup>304</sup> Die beginsels van artikel 8 is van toepassing op wye verskeidenheid van situasies.<sup>305</sup> Die artikel is van toepassing op enige van die partye se verklarings en optredes voor of na die kontraksluiting

---

<sup>299</sup> Schlechtriem 1992 *JT* 14; Honnold *Uniform Law for International Sales* 119.

<sup>300</sup> Sekretariaat kommentaar 1978 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/text/secomm/secomm-08.html#1> - Hierdie kommentaar is die naaste aan amptelike kommentaar vir die konvensie en word beskou as een van die beste bronne wat as riglyn gebruik kan word.

<sup>301</sup> Eiselen 2007 *PER* 29.

<sup>302</sup> Eiselen 2007 *PER* 29.

<sup>303</sup> Bernstein and Lookofsky *Understanding the CISG* 42.

<sup>304</sup> Bernstein and Lookofsky *Understanding the CISG* 42.

<sup>305</sup> Honnold *Uniform Law for International Sales* 116; Farnsworth 1987 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/biblio/farnsworth-bb8.html> 97.

om sodoende die kontrak te bepaal.<sup>306</sup> Dit sluit onder ander die aanbod, aanname, teenaanbod, terugtrek van die aanbod asook die nie-aanvaarding van die aanbod in.<sup>307</sup> Die interpretasie-artikel kan gebruik word by alle vorms van kontraksluiting, van skriftelike tot telefoniese kontrakte asook enige soort transaksie van klein roetine-aankope tot groot en ingewikkeld transaksies.<sup>308</sup>

Die artikel is van belang waar die betrokke partye verskillende bedoelings aan dieselfde verklaring koppel en mekaar sodoende verkeerd verstaan.<sup>309</sup> Die artikel kan dus gebruik word sodra daar dwaling tussen die partye ontstaan.<sup>310</sup> Die artikel is ook van belang waar die partye hulself verkeerd uitdruk, hul taalgebruik en/of optredes onduidelik is of waar 'n misverstand voorkom.<sup>311</sup> Dit gebeur dikwels dat die partye se taalgebruik by aanbod en aanname foutief en onduidelik kan wees en interpretasie benodig.<sup>312</sup>

Volgens Lautenschlager is die hoofdoel van die artikel om die gaping tussen die partye se kommunikasie en ware bedoeling te oorbrug.<sup>313</sup>

Gevollik kan die artikel gebruik word by gevalle waar partye foutiewe kommunikasie gestuur het en die foutiewe kommunikasie dwaling veroorsaak. Die artikel kan dan gebruik word om die partye se foutiewe kommunikasie te interpreteer en sodoende die kontrak bepaal.<sup>314</sup>

Artikel 8 van die KIKG bepaal:

- 
- (1) *For the purposes of this Convention statements made by and other conduct of a party are to be interpreted according to his intent where the other party knew or could not have been unaware what that intent was.*
  - (2) *If the preceding paragraph is not applicable, statements made by and other conduct of a party are to be interpreted according to the understanding that a*

<sup>306</sup> Farnsworth 1987 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/biblio/farnsworth-bb8.html> 97; Huber 2006 *Int Handelsrecht* 235.

<sup>307</sup> Farnsworth 1987 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/biblio/farnsworth-bb8.html> 97.

<sup>308</sup> Honnold *Uniform Law for International Sales* 116.

<sup>309</sup> Bernstein and Lookofsky *Understanding the CISG* 42; Zeller 2002 *EJLR* 630.

<sup>310</sup> Zeller 2002 *EJLR* 630.

<sup>311</sup> Ziegel 1981 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/text/ziegel8.html>.

<sup>312</sup> Zeller 2002 *EJLR* 630.

<sup>313</sup> Lautenschlager 2007 *VJICLA* 259.

<sup>314</sup> Bernstein and Lookofsky *Understanding the CISG* 42.

*reasonable person of the same kind as the other party would have had in the same circumstances.*

*(3) In determining the intent of a party or the understanding of a reasonable person would have had, due consideration is to be given to all relevant circumstances of the case including the negotiations, any practices which the parties have established between themselves, usages and any subsequent conduct of the parties.*

Artikel 8 maak van subjektiewe of objektiewe toets gebruik om die partye se verklarings te interpreteer.<sup>315</sup> Die eerste stap in die interpretasieproses is om artikel 8 (1) toe te pas.<sup>316</sup> Die artikel maak gebruik van die subjektiewe benadering om die partye se bedoelings te interpreteer.<sup>317</sup> Die benadering is gegrond op die werklike bedoelings van die partye.<sup>318</sup> Die benadering is soortgelyk aan die subjektiewe wilsteorie waar die kontrak gegrond word op die wilsooreenstemming tussen die partye. Die paragraaf bepaal dat die verklarende party se verklarings of gedrag geïnterpreteer moet word volgens die bedoeling waar die ander party weet of nie onbewus kon wees van die bedoeling nie.<sup>319</sup> Dus indien die verklarende party sekere bedoeling aan sy verklaring heg en hy kan bewys dat die ander party geweet het van sy bedoeling, sal die verklarende party se bedoeling aanvaar word.<sup>320</sup> Die beginsels van die paragraaf moet toegepas word selfs indien die ware bedoeling onredelik is.<sup>321</sup>

Dit kan egter moeilik wees om te bewys dat die ander party geweet het van die verklarende party se ware bedoeling.<sup>322</sup> Dit is omrede dit in die praktyk dikwels onmoontlik is om ander party se subjektiewe bedoeling te bewys en dat hy kon geweet het van die verklarende party se ware bedoelings.<sup>323</sup> Die artikel maak die bewyslas vir die verklarende party egter makliker deurdat die

---

<sup>315</sup> Bernstein and Lookofsky *Understanding the CISG* 42.

<sup>316</sup> Huber 2006 *Int Handelsrecht* 235.

<sup>317</sup> Bernstein and Lookofsky *Understanding the CISG* 42; Honnold *Uniform Law for International Sales* 118; Farnsworth 1987 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/biblio/farnsworth-bb8.html> 98.

<sup>318</sup> Farnsworth 1987 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/biblio/farnsworth-bb8.html> 98; Lautenschlager 2007 *VJICLA* 260.

<sup>319</sup> Huber 2006 *Int Handelsrecht* 235; Bernstein and Lookofsky *Understanding the CISG* 42; Honnold *Uniform Law for International Sales* 118; Lautenschlager 2007 *VJICLA* 260.

<sup>320</sup> Farnsworth 1987 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/biblio/farnsworth-bb8.html> 98.

<sup>321</sup> Lautenschlager 2007 *VJICLA* 260.

<sup>322</sup> Farnsworth 1987 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/biblio/farnsworth-bb8.html> 98.

<sup>323</sup> Farnsworth 1987 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/biblio/farnsworth-bb8.html> 98.

party net hoef te bewys dat die ander party nie onbewus kon wees van sy ware bedoeling nie.<sup>324</sup>

Waar die ander party bewus was of nie onbewus kon wees van die verklarende party se bedoeling nie, beteken dit die partye se bedoelings is subjektief dieselfde en is daar geen noodsaaklikheid om te kyk na artikel 8(2) nie.<sup>325</sup> Indien die ware subjektiewe bedoelings van die partye bepaal kan word, moet dit altyd voorkeur bo die objektiewe bedoelings kry omrede dit die partye se ware bedoelings gee.<sup>326</sup>

Indien die bedoelings van die partye nie bepaal kan word met die subjektiewe toets van paragraaf (1) nie, word die objektiewe toets van paragraaf (2) gevolglik gebruik.<sup>327</sup> Die Oostenrykse en Switserse hooggeregshowe het onderskeidelik in die *Mono ammonium phosphate*<sup>328</sup>-saak en *Chemical products*<sup>329</sup>-saak die volgorde van artikel 8 bevestig. Daar is bepaal dat die subjektiewe toets van artikel 8(1) altyd eerste toegepas moet word, slegs indien dit nie van toepassing is nie, kan die objektiewe toets van artikel 8(2) gebruik word.

Artikel 8(2) bepaal dat indien paragraaf (1) nie van toepassing is nie, alle verklarings en optrede van die party geïnterpreteer moet word soos redelike persoon in dieselfde omstandighede dit sou verstaan.<sup>330</sup> Die objektiewe benadering word dus gebruik waar die ander party nie bewus was of bewus kon wees van die verklarende party se bedoelings nie.<sup>331</sup> Daar word objektief na die verklarende party se verklarings gekyk en dieselfde bedoelings word daaraan gekoppel as wat redelike persoon in dieselfde omstandighede

---

<sup>324</sup> Farnsworth 1987 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/biblio/farnsworth-bb8.html> 98.

<sup>325</sup> Huber 2006 *Int Handelsrecht* 235.

<sup>326</sup> Zeller 2002 *EJLR* 641.

<sup>327</sup> Farnsworth 1987 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/biblio/farnsworth-bb8.html> 98; Huber 2006 *Int Handelsrecht* 235.

<sup>328</sup> *Mono ammonium phosphate*-saak Austrian Supreme Court 1997 <http://cisgw3.law.pace.edu/cases/970320a3.html>.

<sup>329</sup> *Chemical products*-saak Bundesgericht Supreme Court 2005 <http://cisgw3.law.pace.edu/cases/050405s1.html>.

<sup>330</sup> A 8(2) van die KIKG.

<sup>331</sup> Bernstein and Lookofsky *Understanding the CISG* 42.

daaraan sou koppel.<sup>332</sup> Daar is egter geen bepaalde definisie of eenvormige reël om die redelike derde party te bepaal nie en dit word gevvolglik oorgelaat aan die tersaaklike tribunaal of hof om dit te bepaal.<sup>333</sup> Hierdie benadering is soortgelyk aan die vertrouensteorie. Hier word ook objektief na die verklarings en optredes van die verklarende party gekyk en hoe redelike persoon in dieselfde omstandighede dit sou verstaan en die vertroue wat by die persoon geskep word.

In die praktyk word die meeste gevalle deur artikel 8(2) hanteer.<sup>334</sup> In die Amerikaanse saak *MCC-Marble Ceramic Center Inc v Ceramica Nuova D'Agostino*<sup>335</sup> het die hof ook gesê dat die meeste gevalle deur artikel 8(2) gereguleer sal word. Dit is omrede waar daar interpretasieprobleme ontstaan, party meestal nie bewus is of bewus kan wees van ander party se ware subjektiewe bedoeling nie.<sup>336</sup>

Artikel 8(2) kan gevvolglik beter verduidelik word met die volgende voorbeeld. Indien Amerikaanse party aanbod van \$5 000 aan Kanadese party maak en laasgenoemde aanvaar die aanbod, sal die Amerikaanse party \$5 000 Amerikaanse dollars en die Kanadees \$ 5000 Kanadese dollars bedoel.<sup>337</sup> Hierdie situasie sal deur artikel 8(2) hanteer word en sal die redelike persoon-toets in dieselfde omstandighede gebruik moet word.<sup>338</sup> Die redelike Kanadese persoon sou verstaan het die Amerikaanse party bedoel Amerikaanse dollars omdat hy die aanbod gemaak het.<sup>339</sup> Die redelike Amerikaanse persoon sou verstaan het dit is Amerikaanse dollars omdat hy die aanbod gemaak het en die \$5 000 aangebied het en die Kanadees slegs

---

<sup>332</sup> Bernstein and Lookofsky *Understanding the CISG* 42; Honnold *Uniform Law for International Sales* 118.

<sup>333</sup> Lautenschlager 2007 VJICLA 261.

<sup>334</sup> Honnold *Uniform Law for International Sales* 118.

<sup>335</sup> *MCC-Marble Ceramic Center Inc v Ceramica Nuova D'Agostino* 1998 <http://cisgw3.law.pace.edu/cases/020825u1.html>.

<sup>336</sup> Honnold *Uniform Law for International Sales* 118; Huber 2006 *Int Handelsrecht* 235; *MCC-Marble Ceramic Center Inc v Ceramica Nuova D'Agostino* 1998 <http://cisgw3.law.pace.edu/cases/020825u1.html>.

<sup>337</sup> Lautenschlager 2007 VJICLA 265.

<sup>338</sup> Lautenschlager 2007 VJICLA 265.

<sup>339</sup> Lautenschlager 2007 VJICLA 265.

die aanbod aanvaar het.<sup>340</sup> Dus deur van artikel 8(2) gebruik te maak kan bepaal word dat die partye ooreengekom het op \$5 000 Amerikaanse dollars.<sup>341</sup>

Die Duitse Streekhof het in die *Egg*<sup>342</sup>-saak hierdie beginsel toegepas. Hier het die Hollandse koper drie ‘*truck loads*’ eiers van Duitse verkoper bestel.<sup>343</sup> Die koper het 10 800 eiers per vrag verwag, maar met elke vrag is omtrent die helfte van die verwagte aantal eiers gelewer.<sup>344</sup> Die hof moes toe besluit wat ‘*truck load*’ in die omstandighede sal beteken. Die hof het bevind dat redelike verkoper in die bedryf die koper se verklaring sou interpreteer het as drie vol ‘*truck loads*’ eiers, van ongeveer 10 800 eiers per vrag.<sup>345</sup>

Artikel 8(3) gee verder riglyne vir watter omstandighede by die interpretasieproses in ag geneem kan word.<sup>346</sup> Hetsy die subjektiewe of objektiewe toets gebruik word, geld die riglyne.<sup>347</sup> Die artikel beskryf nie slegs paar omstandighede nie, maar bepaal dat die hof kan ag slaan op alle relevante omstandighede.<sup>348</sup> Hierdie omstandighede wat deur hof in ag geneem kan word sluit die onderhandelinge, die gebruikte tussen die partye, die partye se gedrag en optredes in.<sup>349</sup> Die relevante omstandighede wat in ag geneem kan word, is deur die Duitse howe in onderskeidelik die *Clothes*<sup>350</sup>- en *Circuit boards*<sup>351</sup>-sake bevestig.

---

<sup>340</sup> Lautenschlager 2007 *VJICLA* 265.

<sup>341</sup> Lautenschlager 2007 *VJICLA* 265.

<sup>342</sup> *Egg*-saak                      *District*                      *Court*                      *Oldenburg*                      1996  
<http://cisgw3.law.pace.edu/cases/960228g1.html>

<sup>343</sup> *Egg*-saak                      *District*                      *Court*                      *Oldenburg*                      1996  
<http://cisgw3.law.pace.edu/cases/960228g1.html>

<sup>344</sup> *Egg*-saak                      *District*                      *Court*                      *Oldenburg*                      1996  
<http://cisgw3.law.pace.edu/cases/960228g1.html>

<sup>345</sup> *Egg*-saak                      *District*                      *Court*                      *Oldenburg*                      1996  
<http://cisgw3.law.pace.edu/cases/960228g1.html>

<sup>346</sup> Farnsworth 1987 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/biblio/farnsworth-bb8.html> 100

<sup>347</sup> Huber 2006 *Int Handelsrecht* 235; Zeller 2002 *EJLR* 630.

<sup>348</sup> Zeller 2002 *EJLR* 630.

<sup>349</sup> Huber 2006 *Int Handelsrecht* 235; Farnsworth 1987 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/biblio/farnsworth-bb8.html> 100; Schlechtriem 1992 *JT* 14.

<sup>350</sup> *Clothes*-saak *District Court Kassel* <http://cisgw3.law.pace.edu/cases/960215g2.html>.

<sup>351</sup> *Circut boards*-saak                      *Appellate*                      *Court*                      *Hamburg*  
<http://cisgw3.law.pace.edu/cases/981005g1.html>.

### 3.4.3 Die toepassing en wisselwerking van artikels 4 en 8

Die verhouding tussen paragraaf (1) en (2) van artikel 8 sal gevvolglik verduidelik word met die volgende voorbeeld. Veronderstel verkoper maak aanbod aan koper om 100 ton yster aan hom te verkoop, maar die verkoper begaan 'n tikfout en tik 'n ekstra nul.<sup>352</sup> Wat sal die situasie wees indien die verkoper nou beweer die kontrak is gesluit vir 100 ton yster en die koper beweer die kontrak is gesluit vir 1 000 ton yster.<sup>353</sup> Indien die verkoper kan bewys dat die ware bedoeling van sy aanbod 100 ton was en dat die koper bewus was dat dit sy bedoeling was om 100 ton yster te verkoop, dan sal die verkoper se weergawe aanvaar word.<sup>354</sup> Indien die verkoper nie kan bewys dat die ander party sy aanbod vir 100 ton verstaan het nie, sal die verkoper se weergawe steeds die gekose weergawe bly indien die verkoper bewys die koper kon nie onbewus wees van sy bedoeling nie.<sup>355</sup> Al bogenoemde word deur artikel 8 (1) bepaal.

Sou die verkoper nie kon bewys die koper was bewus of kon nie onbewus wees van sy bedoeling nie, sal sy bedoeling nie onder paragraaf (1) aanvaar word nie, maar kan dit steeds onder paragraaf (2) bewys word.<sup>356</sup> Onder die paragraaf sal die verkoper moet bewys dat redelike persoon in dieselfde omstandighede as die koper die aanbod sou verstaan het vir 100 ton yster.<sup>357</sup> Waar die verkoper nie bogenoemde kan bewys nie, sal die koper dan kan bewys dat hy die aanbod aanvaar het vir 1 000 ton yster en dat redelike persoon in dieselfde omstandighede as hyself ook die aanbod sou verstaan vir 1 000 ton.<sup>358</sup>

Die vraag ontstaan nou wat gebeur by gevalle waar die partye se bedoelings nie met die subjektiewe of objektiewe toetse bepaal kan word nie. By hierdie gevalle sal die bestaan en geldigheid van die kontrak in gedrang wees,

---

<sup>352</sup> Farnsworth 1987 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/biblio/farnsworth-bb8.html> 99.

<sup>353</sup> Farnsworth 1987 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/biblio/farnsworth-bb8.html> 99.

<sup>354</sup> Farnsworth 1987 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/biblio/farnsworth-bb8.html> 99.

<sup>355</sup> Farnsworth 1987 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/biblio/farnsworth-bb8.html> 99.

<sup>356</sup> Farnsworth 1987 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/biblio/farnsworth-bb8.html> 100.

<sup>357</sup> Farnsworth 1987 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/biblio/farnsworth-bb8.html> 100.

<sup>358</sup> Farnsworth 1987 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/biblio/farnsworth-bb8.html> 100.

omrede geen kontrak bepaal kan word nie. Zeller is van mening dat indien die partye se subjektiewe en objektiewe bedoelings nie bepaal kan word nie, dit daarop dui dat geen kontrak gesluit is en artikel 8 nie van toepassing is nie.<sup>359</sup> Volgens hom sal sulke gevalle deur artikel 4(a) hanteer word en gevvolglik na die toepaslike nasionale regstelsel verwys word.<sup>360</sup>

Artikel 8 bied dus in die meeste gevalle buigbare en voldoende oplossing, maar soms sal sekere aangeleenthede nie deur die artikel opgelos kan word nie.<sup>361</sup> Artikel 8 word gebruik om die partye se kontrak en verklarings te interpreteer, maar waar die geldigheid van die kontrak in gedrang is en artikel 8 nie antwoord gee nie, word artikel 4 eerder gebruik.<sup>362</sup>

Waar die kontrak nie bepaal kan word nie, is die geldigheid van die kontrak in gedrang en word die kwessie egter nie deur die konvensie hanteer nie.<sup>363</sup>

Volgens Farnsworth is daar probleem rakende die verhouding tussen die interpretasie-artikel en uitdrukkingsfoute.<sup>364</sup> Dit sal wees waar die partye se objektiewe bedoelings bepaal word, maar die kontrak nie die partye se ware bedoelings in die kontrak weergee nie. Waar verkoper uitdrukkingsfout in sy aanbod begin om sy goedere vir \$56 000 te verkoop en hy eintlik bedoel het om te verkoop vir \$65 000, wat sal dan die situasie wees waar redelike persoon in dieselfde omstandighede as die koper nie bewus is van die verkoper se uitdrukkingsfout in sy aanbod nie.<sup>365</sup> Volgens Farnsworth sal die aangeleentheid saak van interpretasie wees en indien die koper die aanbod aanvaar sal artikel 19 (2)<sup>366</sup> bepaal dat kontrak gesluit is vir \$56 000.<sup>367</sup>

---

<sup>359</sup> Zeller 2002 *EJLR* 635.

<sup>360</sup> Zeller 2002 *EJLR* 635.

<sup>361</sup> Bernstein and Lookofsky *Understanding the CISG* 42.

<sup>362</sup> Bernstein and Lookofsky *Understanding the CISG* 42.

<sup>363</sup> Bernstein and Lookofsky *Understanding the CISG* 43.

<sup>364</sup> Farnsworth 1987 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/biblio/farnsworth-bb8.html> 102; Sekretariaat kommentaar 1978 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/text/secomm/secomm-08.html#1>.

<sup>365</sup> Farnsworth 1987 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/biblio/farnsworth-bb8.html> 102; Sekretariaat kommentaar 1978 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/text/secomm/secomm-08.html#1>.

<sup>366</sup> A 19(2) van die KIKG bepaal: “*However, a reply to an offer which purports to be an acceptance but contains additional or different terms which do not materially alter the*

Die vraag of die verkoper nou die kontrak op gronde van die foutiewe kommunikasie sal kan kanselleer is aparte vraag.<sup>368</sup> Hier is die beginsel van interpretasie nie van belang nie, maar eerder die gevolge van dwaling en kansellasie. Farnsworth het die siening dat die aangeleentheid nie deur die konvensie hanteer word nie, omdat die konvensie hom nie ophou met die geldigheid van kontrakte nie.<sup>369</sup> Dus val die gevolge van dwaling buite die toepassingsgebied van die konvensie en sal die aangeleentheid oorgelaat word aan die nasionale regstelsels. Von Caemmerer is van mening dat die konvensie sy toepassingsgebied om eenvormige reg te skep sal oorskry indien dit die gevolge van dwaling sal hanteer.<sup>370</sup>

#### 3.4.4 Die gevolge van dwaling weens foutiewe kommunikasie

Waar die konvensie nie aangeleentheid hanteer nie of die geldigheid van die kontrak in gedrang is, word die kwessie dus na die toepaslike nasionale reg verwys. Gevolglik gaan daar geen eenvormige reëls en uitsprake rondom die aangeleenthede wees nie, omdat elke nasionale regstelsel die probleem anders sal hanteer. Dit is altyd die risiko met internasionale instrumente dat die verskillende nasionale howe en tribunale van die instrument se harmoniserende effek sal afdwaal en meer na hulle nasionale regstelsels sal beweeg.<sup>371</sup> Dit is algemeen dat howe nie gebind word deur ander lande se howe se beslissings nie.<sup>372</sup> Dit is egter in die instrument se harmoniseringsbelang dat howe tog ag slaan op ander lande se howe se beslissings en dit in ag neem.<sup>373</sup>

---

*terms of the offer constitutes an acceptance, unless the offeror, without undue delay, objects orally to the discrepancy or dispatches a notice to that effect. If he does not so object, the terms of the contract are the terms of the offer with the modifications contained in the acceptance."*

<sup>367</sup> Farnsworth 1987 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/biblio/farnsworth-bb8.html> 102; Sekretariaat kommentaar 1978 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/text/secomm/secomm-08.html#1>.

<sup>368</sup> Farnsworth 1987 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/biblio/farnsworth-bb8.html> 102.

<sup>369</sup> Farnsworth 1987 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/biblio/farnsworth-bb8.html> 102.

<sup>370</sup> Heiz 1987 VJTL 647.

<sup>371</sup> Eiselen 2007 PER 18.

<sup>372</sup> Eiselen 2007 PER 19.

<sup>373</sup> Eiselen 2007 PER 19.

Daar is egter ook nie baie regspraak rondom dwaling nie.<sup>374</sup> Dit is omrede besigheidspersone meestal bereid is om enige dwaling wat voorkom op vriendelike manier met hulle handelsgenote, volgens die kontrak uit te stryk.<sup>375</sup> Die meeste moderne kontrakte bevat ook gewoonlik geskilbeslegting-klousules wat voorsiening maak vir die tipe probleme.<sup>376</sup>

Gevollik kan ons na paar skrywers se menings gaan kyk oor wat hulle as billike beslissing sal beskou in die omstandighede waar dwaling die geldigheid van kontrak beïnvloed. Leyens stel voor dat by sulke gevalle die plaaslike regstelsels óf die kontrak van die begin af as nietig moet beskou óf die partye met die remedie verskaf van kansellasie.<sup>377</sup> Hartnell is eerstens van mening dat die howe of tribunale nie net die betrokke nasionale reg se remedie blindelings moet volg nie, maar ook moet sorg dat die toepassing inlyn is met die konvensie se gees en strekking en sorg dat dit sy integriteit behou.<sup>378</sup> Sy sal regter of arbiter se beslissing rondom dwaling onder die nasionale reg as billik ag indien die ooreenkoms tersyde gestel word en die partye herstel word na die *status quo ante*.<sup>379</sup> Sy is van mening dat sulke gevalle egter min sal voorkom omrede kommersiële partye gewoonlik belangstel in die beskikbare remedies soos skade en verlies aan wins wat wel onder die konvensie beskikbaar is.<sup>380</sup>

Omrede Suid Afrika nog steeds nie lid van die konvensie is nie, is daar dus geen sake wat deur die Suid Afrikaanse howe beslis is ten opsigte van dwaling en die geldigheid van kontrakte onder die KIKG nie. Daar kan dus net na die ander 76 state se hofuitsprake gekyk word en hoe hulle die aangeleentheid hanteer. Vir solank as wat daar geen eenvormige reëls

---

<sup>374</sup> Leyens 2003 <http://cisgw3.law.pace.edu/cisg/biblio/leyens.html#con> par 1.

<sup>375</sup> Leyens 2003 <http://cisgw3.law.pace.edu/cisg/biblio/leyens.html#con> par 1.

<sup>376</sup> Leyens 2003 <http://cisgw3.law.pace.edu/cisg/biblio/leyens.html#con> par 1.

<sup>377</sup> Leyens 2003 <http://cisgw3.law.pace.edu/cisg/biblio/leyens.html#con> par 4A.

<sup>378</sup> Hartnell 1993 *YJIL* par 3E.

<sup>379</sup> Hartnell 1993 *YJIL* par 4A4b.

<sup>380</sup> Hartnell 1993 *YJIL* par 4A4b.

rondom die kwessie bestaan nie, gaan die kwessie op verskillende maniere opgelos word.<sup>381</sup>

### **3.5 Gevolgtrekking**

Waar partye handel en met elektroniese middels kontrakte sluit is die vraag: wat sal gebeur indien daar 'n foutiewe elektroniese kommunikasie voorkom en dwaling tussen die partye veroorsaak? Die dwaling kan moontlik regseffek op die kontrak hê en moontlik die geldigheid van die kontrak beïnvloed.

Deur na artikel 4(a) te kyk kan gesien word dat die konvensie hom nie ophou met die geldigheid van kontrakte nie. Daar is besluit om nie eenvormige reëls te skep vir geldigheidsaangeleenthede nie, omdat elke regstelsel die situasie anders benader en dit onmoontlik is om eenvormige reëls te skep wat vir almal aanvaarbaar sal wees.<sup>382</sup> Deur na die interpretasie-artikel te kyk, word gesien dat die aangeleenthede eerder aan die toepaslike nasionale regstelsels oorgelaat word.<sup>383</sup>

Artikel 4(a) bepaal verder dat die konvensie hom nie ophou met die geldigheid van kontrak nie, tensy daar uitdruklik anders deur die konvensie bepaal word. Artikel 8 is een so uitdruklike bepaling wat gevallen van dwaling by die kontraksluiting hanteer.<sup>384</sup> Met die artikel word daar na die foutiewe kommunikasie wat die dwaling veroorsaak gekyk en die partye se bedoelings word bepaal en nie die gevolge van die dwaling en foutiewe kommunikasie nie. Daar word dus gepoog om die kontrak te bepaal en lewendig te hou.

---

<sup>381</sup> Bar en Har-Sinay 2008 <http://www.articlesbase.com/law-articles/contract-validity-and-the-cisg-international-treaty-closing-the-loophole-315561.html> 1 4.

<sup>382</sup> Bar en Har-Sinay 2008 <http://www.articlesbase.com/law-articles/contract-validity-and-the-cisg-international-treaty-closing-the-loophole-315561.html> 1 2; Hartnell 1993 *YJIL* par 3A.

<sup>383</sup> Bar en Har-Sinay 2008 <http://www.articlesbase.com/law-articles/contract-validity-and-the-cisg-international-treaty-closing-the-loophole-315561.html> 1 2; Hartnell 1993 *YJIL* par 3A.

<sup>384</sup> Eiselen 2007 *PER* 29; Schlechtriem 1992 *JT* 14; Sekretariaat kommentaar 1978 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/text/secomm/secomm-08.html#1>.

Indien die bedoelings van die partye egter nie met die artikel bepaal kan word nie, dui dit daarop dat geen kontrak gesluit is nie en is artikel 8 nie van toepassing nie.<sup>385</sup> Die vraag of party die kontrak op gronde van dwaling sal kan kanselleer val ook buite die artikel se toepassingsgebied.<sup>386</sup> Hier is die beginsel van interpretasie nie van belang nie, maar eerder die gevolge van dwaling.

Artikel 8 word gebruik om die partye se kontrak en verklarings te interpreteer, maar waar die geldigheid van die kontrak in gedrang kom en artikel 8 nie antwoord gee nie word artikel 4 (a) eerder gebruik.<sup>387</sup> Dus val die gevolge van dwaling weens foutiewe kommunikasie buite die toepassingsgebied van die konvensie en sal die aangeleentheid oorgelaat word aan die nasionale regstelsels.

---

<sup>385</sup> Zeller 2002 *EJLR* 635.

<sup>386</sup> Farnsworth 1987 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/biblio/farnsworth-bb8.html> 102.

<sup>387</sup> Heiz 1987 *VJTL* 647.

## 4 UNIDROIT-beginsels

### 4.1 Inleiding

Die *International Institute for the Unification of Private Law*, of te wel UNIDROIT, was oorspronklik deel van die destydse *League of Nations*.<sup>388</sup> Na die organisasie se ondergang is die organisasie hervestig in 1940, en gesetel in Rome.<sup>389</sup> UNIDROIT is onafhanklike inter-regeringsorganisasie bestaande uit lede met verskillende regs-, ekonomiese, politieke en kulturele agtergronde.<sup>390</sup> Die doel van die organisasie word in Artikel 1 van sy statuut gevind:

*to examine ways of harmonising and coordinating the private law of States and of groups of States, and to prepare gradually for the adoption by the various States of uniform rules of private law.*<sup>391</sup>

Die organisasie spits hom veral daarop toe om die harmonisering van die kommersiële reg tussen die verskillende state te bevorder.<sup>392</sup> Van die riglyne en beginsels wat hulle al op die gebied van internasionale reg geskep het, sluit die UNIDROIT *Principles of International Commercial Contracts* in.<sup>393</sup>

Die *Principles of International Commercial Contracts* is in 1994 deur die Bestuursraad van UNIDROIT goedgekeur en later in dieselfde jaar is die UNIDROIT-beginsels gepubliseer.<sup>394</sup> Die eerste uitgawe van die UNIDROIT-beginsels vir Internasionale Kommersiële Kontrakte is in 2004 deur tweede uitgawe opgevolg.<sup>395</sup> Die tweede uitgawe bevat 5 addisionele hoofstukke asook uitgebreide voorrede en is ook aangepas waar nodig vir elektroniese kontraktering.<sup>396</sup> Die 2004-weergawe van die beginsels gaan gevolglik vir die studie gebruik word.

---

<sup>388</sup> UNIDROIT 2011 <http://unidroit.org>.

<sup>389</sup> UNIDROIT 2011 <http://unidroit.org>.

<sup>390</sup> UNESCO 2011 <http://www.unesco.org>.

<sup>391</sup> UNESCO 2011 <http://www.unesco.org>.

<sup>392</sup> UNIDROIT 2011 <http://unidroit.org>.

<sup>393</sup> UNESCO 2011 <http://www.unesco.org>.

<sup>394</sup> Bonnell 1996 *ULR* par 1.

<sup>395</sup> UNIDROIT 2011 <http://www.unidroit.org>.

<sup>396</sup> UNIDROIT 2011 <http://www.unidroit.org>.

Die rede vir UNIDROIT se besluit om hierdie beginsels te skep was om stel reëls te skep wat by internasionale kommersiële transaksies gebruik kan word en wat oplossings gee vir probleme op die gebied.<sup>397</sup> Die beginsels poog om gebalanseerde stel reëls te verskaf wat regoor die wêreld gebruik kan word, ongeag staat se regs-, ekonomiese of politieke stelsel.<sup>398</sup> Die UNIDROIT-beginsels bestaan meestal uit konsepte en beginsels wat in die meeste lande se regstelsels voorkom.<sup>399</sup> Die beginsels kan ook gebruik word om nasionale wetgewing of ander internasionale regsinstrumente te help interpreteer en aan te vul.<sup>400</sup> Dit kan ook dien as model vir nasionale en internasionale wetgewers om hulle wette daarop te baseer.<sup>401</sup>

Hierdie beginsels is nie outomaties op internasionale kommersiële kontrakte van toepassing nie, maar eerder wanneer die partye ooreenkom dat hulle kontrak daaraan onderworpe is.<sup>402</sup> Die beginsels kan ook gebruik word indien die partye se kontrak onderworpe is aan die algemene beginsels van die reg, die *lex mercatoria* of iets soortgelyks.<sup>403</sup> Dit kan ook gebruik word as geen regstelsel deur die partye gekies is nie.<sup>404</sup> Die beginsels reguleer dus nie direk kontrak nie, tensy die partye die reëls in die kontrak inwerk.<sup>405</sup>

## 4.2 Elektroniese kommunikasie

Elektroniese kommunikasie word uitdruklik deur die UNIDROIT-beginsels erken en gee aan die vorm van kommunikasie regswerking.<sup>406</sup> Artikel 1.10 (1) bepaal dat waar kennisgewings vereis word, dit deur enige gepaste metode in

---

<sup>397</sup> UNIDROIT *Principles of International Commercial Contracts* 2004 foreword (Hierna die UNIDROIT-beginsels 2004-oorwoord).

<sup>398</sup> UNIDROIT-beginsels 2004-voorwoord.

<sup>399</sup> UNIDROIT-beginsels 2004-voorwoord.

<sup>400</sup> UNIDROIT-beginsels 2004-voorwoord.

<sup>401</sup> UNIDROIT-beginsels 2004-voorwoord.

<sup>402</sup> UNIDROIT-beginsels 2004-voorwoord.

<sup>403</sup> UNIDROIT-beginsels 2004-voorwoord; Die *lex mercatoria* is ook in meer algemene terme bekend as internasionale handelsreg of internasionale kommersiële reg.

<sup>404</sup> UNIDROIT-beginsels 2004-voorwoord.

<sup>405</sup> Leyens 2003 <http://cisgw3.law.pace.edu/cisg/biblio/leyens.html#con> par 2B.

<sup>406</sup> UNIDROIT *Principles Official Commentary on Article 1.10* par 1 – *Notice* (Hierna die Amptelike kommentaar op a).

die omstandighede gestuur kan word.<sup>407</sup> Elektroniese boodskappe word as gepas beskou indien die geadresseerde bewus is daarvan en toestem tot die ontvangs van die spesifieke elektroniese boodskap en dit na sy relevante adres gestuur word.<sup>408</sup>

#### **4.3 Elektroniese kontrakte**

Artikel 1.2 van die UNIDROIT-beginsels maak voorsiening vir die sluiting en geldigheid van elektroniese ooreenkomste en bepaal dat:

*Nothing in these Principles require a contract, statement or any other act to be made in or evidenced by a particular form. It may be proved by any means, including witnesses.*

Hierdie artikel bepaal dat waar kontrakte gesluit word, dit nie onderhewig is aan enige vormvereistes nie.<sup>409</sup> Dus kan elektroniese kommunikasiemetodes soos teleks-, faks-, e-pos- en internetkommunikasies gebruik word om kontrakte te sluit en is skriftelike kontrakte nie vereiste nie.<sup>410</sup> Dieselfde beginsel geld ook waar partye aan die kontrak verander of die kontrak beëindig. Die artikel gee aan die partye die vryheid om kontrakte te sluit soos hulle dit goeddink en elektroniese kommunikasie is voldoende vir kontraksluitingsdoeleindes.

Die UNIDROIT-beginsels maak by die sluiting van kontrakte van die ontvangsteorie gebruik. Dit behels dat kontrak gesluit word op die tyd wanneer en plek waar die aanvaarding van die aanbod die aanbieder bereik.<sup>411</sup> Die boodskap word geag om die aanbieder te bereik wanneer die boodskap gelewer word by sy adres.<sup>412</sup> Die aanbieder hoef nie die boodskap te lees of bewus te wees daarvan nie, dit moet eerder net vir hom moontlik wees om die boodskap te kan herwin en lees.

---

<sup>407</sup> By die kennisgewings word verklarings, versoekes, aannames en aanbiedinge ingesluit.

<sup>408</sup> Amptelike kommentaar op a 1.10 par 1 – *Notice*.

<sup>409</sup> Amptelike kommentaar op a 1.2 par 1 – *No form required*.

<sup>410</sup> Amptelike kommentaar op a 1.2 par 1 – *No form required*.

<sup>411</sup> UNIDROIT-beginsels 2004 a 2.1.3.

<sup>412</sup> UNIDROIT-beginsels 2004 a 1.10.3.

## **4.4 Dwaling weens foutiewe kommunikasie**

Hoofstuk 3 van die UNIDROIT-beginsels behandel kwessies rondom dwaling en die geldigheid van kontrakte. Die 2004-weergawe van die hoofstuk het presies dieselfde gebly as die 1994-uitgawe.<sup>413</sup> Daar sal gevvolglik na die UNIDROIT-beginsels se reëls rondom dwaling en na die beskikbare remedies gekyk word.

### **4.4.1 Dwaling**

Die UNIDROIT-beginsels het spesifieke artikel wat bepaal wat dwaling behels. Artikel 3.4 definieer dwaling as:

*Mistake is an erroneous assumption relating to facts or to law existing when the contract was concluded.*

Hierdie definisie bevat drie elemente.<sup>414</sup> Die foutiewe veronderstelling is opsetlik so breed gedefinieer om transmissiefoute en uitdrukkingsfoute in te sluit.<sup>415</sup> Dwaling weens foutiewe kommunikasie val dan ook onder die definisie. Die foutiewe veronderstelling kan aan feit of aan die reg verwant wees.<sup>416</sup> Die betrokke tydselement bepaal dat indien die dwaling ontstaan het voor of na party sy bedoeling uitgedruk het, is die dwaling irrelevant.<sup>417</sup> Dus sal die dwaling slegs relevant wees ten tyde die sluiting van die kontrak. Die doel van die tydsbeperking is om te onderskei tussen gevalle van dwaling en gevalle van wanprestasie.<sup>418</sup>

Dwaling word gesien as moontlike struikelblokke wat die prestasie van kontrakte kan verhoed of belemmer.<sup>419</sup> Waar party kontrak sluit onder dwaling en die persoon die kontrak verkeerd verstaan, sal die beginsels van

---

<sup>413</sup> UNIDROIT 2011 <http://www.unidroit.org>.

<sup>414</sup> Leyens 2003 <http://cisgw3.law.pace.edu/cisg/biblio/leyens.html#con par 2C>.

<sup>415</sup> Leyens 2003 <http://cisgw3.law.pace.edu/cisg/biblio/leyens.html#con par 2C>.

<sup>416</sup> Leyens 2003 <http://cisgw3.law.pace.edu/cisg/biblio/leyens.html#con par 2C>.

<sup>417</sup> Leyens 2003 <http://cisgw3.law.pace.edu/cisg/biblio/leyens.html#con par 2C>.

<sup>418</sup> Amptelike kommentaar op a 3.4 par 2 - *Decisive time*.

<sup>419</sup> Amptelike kommentaar op a 3.4 par 2 - *Decisive time*.

dwaling geld.<sup>420</sup> Waar party egter die kontrak reg verstaan en oordeelsfout begaan by die sluiting en dan weier om te presteer, val die situasie nie onder dwaling nie, maar eerder wanprestasie.<sup>421</sup> Wanprestasie word deur artikel 3.7 van die beginsels bepaal.<sup>422</sup>

#### 4.4.2 Dwaling weens uitdrukkings- en transmissiefoute

Waar daar hier van ‘n fout gepraat word, word daar verwys na ‘n wesenlike fout in die uitdrukking of transmissie wat dwaling tot gevolg het. Waar elektroniese kommunikasie verkeerd gestuur word, kan ons na artikel 3.6 vir riglyne kyk. Die artikel hanteer kwessies waar verklarings verkeerd uitgedruk word en kommunikasie verkeerd gestuur word en bepaal:

*An error occurring in the expression or transmission of a declaration is considered to be a mistake of the person from whom the declaration emanated.*

Die amptelike kommentaar stel so fout in transmissie of uitdrukking gelyk aan dwaling wat deur persoon gemaak of gestuur is.<sup>423</sup> Om die situasie te verduidelik word die volgende voorbeeld in die kommentaar gegee: waar A, potensiële Indiese kliënt, vir B, Australiese regsfirma, vir regadvies vra. A ontvang dan telegram van B wat aandui dat B se tarief 150 pond is, maar die vorm wat B aan die Australiese poskantoor gee sê 250 pond. Omrede dit algemene kennis is dat syfers in telegramme dikwels verkeerd gestuur word, dra B gevvolglik die risiko en is hy nie geregtig om sy dwaling weens die fout in transmissie te herroep nie.<sup>424</sup> Selfs al is daar aan al die ander vereistes van artikel 3.5 voldoen.<sup>425</sup>

---

<sup>420</sup> Amtelike kommentaar op a 3.4 par 2 - *Decisive time*.

<sup>421</sup> Amtelike kommentaar op a 3.4 par 2 - *Decisive time*.

<sup>422</sup> Die a gee die remedies vir wanprestasie en bepaal dat ‘n party nie daarop geregtig is om die kontrak te kanselleer weens dwaling indien daar ‘n remedie vir wanprestasie beskikbaar is nie. Volgens die kommentaar, indien daar konflik tussen die twee remedies is, moet die wanprestasieremedie voorkeur kry omdat dit meer gepas en buigbaar is as die kansellasieremedie. Uit hierdie a kan ‘n mens duidelik aflei dat die UNIDROIT-beginsels die benadering volg dat dwaling onder die geldigheidskwessie val. Die a voorkom dus dat dwaling gebruik word as ‘n alternatief waar ‘n party nie presteer nie.

<sup>423</sup> Amtelike kommentaar op a 3.6 par 1 - *Relevant mistake*.

<sup>424</sup> Dieselfde is ook waar by elektroniese kommunikasie.

<sup>425</sup> Amtelike kommentaar op a 3.6 par 1 - *Relevant mistake*.

Gevalle waar die boodskap reg gestuur word, maar die ontvanger die inhoud verkeerd verstaan val buite die trefwydte van die artikel.<sup>426</sup> Gevalle waar die boodskap reg gestuur is, maar weens tegniese redes die boodskap verkeerd uitgedruk, verstaan of versend word val ook buite die artikel se trefwydte.<sup>427</sup> Dwaling weens foutiewe uitdrukking of transmissie sluit in verkeerde verklarings wat gemaak word, of verkeerde interpretasies en in beide gevalle is derde party gewoonlik nie bewus van die dwaling nie.<sup>428</sup>

#### 4.4.3 Remedies

Artikel 3.5 van die beginsels bepaal wanneer dwaling wesenlik is. Wanneer dwaling soos wat in artikel 3.4 en 3.6 voorkom wesenlik is, bied die beginsels die remedie om die kontrak te kanselleer. Die artikel bepaal dat:

- (1) *A party may only avoid the contract for mistake if, when the contract was concluded, the mistake was of such importance that a reasonable person in the same situation as the party in error would only have concluded the contract on materially different terms or would not have concluded it at all if the true state of affairs had been known, and*
  - (a) *the other party made the same mistake, or caused the mistake, or knew or ought to have known of the mistake and it was contrary to reasonable commercial standards of fair dealing to leave the mistaken party in error; or*
  - (b) *the other party had not at the time of avoidance acted in reliance on the contract.*
- (2) *However, a party may not avoid the contract if*
  - (a) *it was grossly negligent in committing the mistake; or*
  - (b) *the mistake relates to a matter in regard to which the risk of mistake was assumed or, having regard to the circumstances, should be borne by the mistaken party.*<sup>429</sup>

Volgens die kommentaar moet daar in die omstandighede na die dwaling se gewig en belangrikheid gekyk word.<sup>430</sup> Die dwaling moet as ernstig deurgaan en word bepaal deur gekombineerde subjektiewe/objektiewe toets.<sup>431</sup> Die toets behels dat daar gekyk moet word na wat redelike persoon in dieselfde situasie sou doen indien hy van die ware stand van sake bewus was.<sup>432</sup> Indien die redelike persoon glad nie sou kontrakteer nie, of indien hy slegs sou

<sup>426</sup> Amptelike kommentaar op a 3.6 par 2 - *Mistakes on the part of the receiver*, A 4.1 hanteer gevalle rondom die interpretasie van die partye se verklarings.

<sup>427</sup> Amptelike kommentaar op a 3.6 par 2 - *Mistakes on the part of the receiver*.

<sup>428</sup> Leyens 2003 <http://cisgw3.law.pace.edu/cisg/biblio/leyens.html#con> par 4A.

<sup>429</sup> UNIDROIT-beginsels 2004 a 3.5.

<sup>430</sup> Amptelike kommentaar op a 3.5 par 1 - *Serious mistake*.

<sup>431</sup> Amptelike kommentaar op a 3.5 par 1 - *Serious mistake*.

<sup>432</sup> Amptelike kommentaar op a 3.5 par 1 - *Serious mistake*.

kontrakteer op verskillende wesenlike terme sal die dwaling as ernstig beskou word.<sup>433</sup> Normaalweg in kommersiële transaksies word ‘n dwaling wat betrekking het op die goedere en dienste, die partye se bedoelings of verwagtinge en hulle identiteit nie as relevant geag nie.<sup>434</sup> Die gevolg is dat die dwalende party slegs die kontrak kan kanselleer indien die dwaling so van belang is dat dit die party se keuse om die kontrak te sluit beïnvloed.<sup>435</sup> In die Suid-Afrikaanse reg is dit bekend as wesenlike dwaling wat gevvolglik die wilsooreenstemming tussen die partye uitsluit.

Volgens sub-paragraaf (1)(a) van artikel 3.5 mag die dwalende party slegs die kontrak kanselleer indien die ander party voldoen aan een van die genoemde voorwaardes.<sup>436</sup> By die eerste drie voorwaardes verdien die ander party geen beskerming nie, omdat hy self betrokke was by die dwaling.<sup>437</sup> Die eerste voorwaarde is waar beide partye onder dieselfde dwaling handel en nie bewus is van die dwaling nie.<sup>438</sup> Die tweede voorwaarde is waar die dwaling veroorsaak is deur die ander party se wanvoorstelling hetsy dit uitdruklike, stilswyende, nalatige of onskuldige wanvoorstelling is.<sup>439</sup> Om stil te bly kan ook ‘n party onder ‘n wanindruk plaas en dwaling veroorsaak, maar ‘n blote “*puffing*” in adverteering of onderhandeling is gewoonlik toelaatbaar.<sup>440</sup> Indien ‘n dwaling opsetlik deur die ander party geskep is, is artikel 3.8 van toepassing, die artikel hanteer kwessies rondom bedrieglike kontraksluiting. Die derde voorwaarde is waar die party van die dwaling geweet het of behoort te geweet het en dan die ander party nie daarvan in kennis stel nie en in

---

<sup>433</sup> Amptelike kommentaar op a 3.5 par 1 - *Serious mistake*.

<sup>434</sup> Amptelike kommentaar op a 3.5 par 1 - *Serious mistake*.

<sup>435</sup> Leyens 2003 <http://cisgw3.law.pace.edu/cisg/biblio/leyens.html#con> par 2C.

<sup>436</sup> Amptelike kommentaar op a 3.5 par 2 - *Conditions concerning the party other than the mistaken party*.

<sup>437</sup> Amptelike kommentaar op a 3.5 par 2 - *Conditions concerning the party other than the mistaken party*.

<sup>438</sup> Amptelike kommentaar op a 3.5 par 2 - *Conditions concerning the party other than the mistaken party*.

<sup>439</sup> Amptelike kommentaar op a 3.5 par 2 - *Conditions concerning the party other than the mistaken party*.

<sup>440</sup> Amptelike kommentaar op a 3.5 par 2 - *Conditions concerning the party other than the mistaken party*; “*Puffing*” is waar ‘n produk of diens se eienskappe so effe deur die verkoper/adverteerde vergroot word om die verkoop op te stoot.

dwaling laat.<sup>441</sup> Wat die ander party weet of behoort te weet word gemeet aan wat 'n redelike persoon in dieselfde situasie sou geweet het.<sup>442</sup> Om die kontrak te kanselleer moet die dwalende party bewys dat die ander party plig teenoor hom het om die dwaling aan hom uit te wys.<sup>443</sup> Die vierde voorwaarde word deur sub-paragraaf (1)(b) gereël en bepaal dat die ander party nie ten tyde van die kansellering op die kontrak moes vertrou het nie.<sup>444</sup>

Sub-paragraaf (2) noem voorwaardes waarvolgens die dwalende party nie die kontrak mag kanselleer nie, naamlik: (a) indien die dwaling die gevolg van die dwalende party se growwe nalatigheid is en in sulke omstandighede dit onregverdig sal wees teenoor die ander party om die kontrak te kanselleer.<sup>445</sup> Sub-paragraaf (b) is waar die dwalende party die risiko veronderstel het of in die omstandighede dit moet verdra.<sup>446</sup> Hierdie verskynsel kom veral by spekulasiiekontrakte voor, waar partye kontrakte sluit met die hoop dat sekere verwagtinge of feite teenwoordig sal wees, maar aanvaar dan steeds die risiko dat dit nie so kan wees nie. In sulke gevalle mag persoon nie die kontrak kanselleer weens dwaling nie.<sup>447</sup>

Party kan ook ingevolge artikel 3.5 sy reg om die kontrak te kanselleer verloor. Dit sal gebeur waar die dwalende party verhoed word om die kontrak te kanselleer indien die ander party verklaar dat hy bereid is om te presteer of reeds presteer het soos die dwalende party die kontrak verstaan het.<sup>448</sup> In sulke gevalle word die kontrak geag gesluit te wees soos die dwalende party dit verstaan.<sup>449</sup> Dit behels dat die ander party uit die kontrak voordeel mag

---

<sup>441</sup> Amptelike kommentaar op a 3.5 par 2 - *Conditions concerning the party other than the mistaken party*.

<sup>442</sup> Amptelike kommentaar op a 3.5 par 2 - *Conditions concerning the party other than the mistaken party*.

<sup>443</sup> Amptelike kommentaar op a 3.5 par 2 - *Conditions concerning the party other than the mistaken party*.

<sup>444</sup> Amptelike kommentaar op a 3.5 par 2 - *Conditions concerning the party other than the mistaken party*.

<sup>445</sup> Amptelike kommentaar op a 3.5 par 3 - *Conditions concerning the mistaken party*.

<sup>446</sup> Amptelike kommentaar op a 3.5 par 3 - *Conditions concerning the mistaken party*.

<sup>447</sup> Amptelike kommentaar op a 3.5 par 3 - *Conditions concerning the mistaken party*.

<sup>448</sup> UNIDROIT-beginsels 2004 a 3.13(1); Volgens a 3.15(1) moet hierdie kennisgewing gegee word binne 'n redelike tydperk waar die omstandighede ook in ag geneem moet word.

<sup>449</sup> UNIDROIT-beginsels 2004 a 3.13(1).

trek, selfs in sy aangepaste vorm.<sup>450</sup> Die ander party moet verklaar dat hy besluit het om te presteer of reeds presteer het ingevolge die kontrak in sy aangepaste vorm nadat hy in kennis gestel is van die manier hoe die dwalende party die kontrak verstaan het.<sup>451</sup> Na so verklaring of prestasie gemaak is, word die reg op kansellasie verloor en enige vroeëre kennisgewings van kansellasie word ongeldig.<sup>452</sup>

Die aangepaste kontrak verhoed egter nie die dwalende party om skade te eis vir skade wat hy gelei het weens die aanpassing nie.<sup>453</sup> Die aangeleentheid word deur artikel 3.18 gereguleer en bepaal dat waar party van enige gronde weet of behoort te weet wat die kontrak kanselleer of kan kanselleer, is die party aanspreeklik vir skade en moet die ander party in dieselfde posisie geplaas word indien die kontrak nie gesluit was nie.<sup>454</sup>

#### **4.5 Gevolgtrekking**

Die UNIDROIT-beginsels hanteer dus duidelik kwessies rondom dwaling en die geldigheid van kontrakte. Waar kontrakte deur tradisionele metodes gesluit word en dwaling voorkom, sal die beginsels se reëls rondom dwaling van toepassing wees.

Artikel 3.6 stel fout in transmissie en ‘n foutiewe uitdrukking wat gemaak of gestuur is gelyk aan gewone dwaling.<sup>455</sup> So fout in transmissie en ‘n foutiewe uitdrukking kan wilsooreenstemming uitsluit en dwaling veroorsaak. Foutiewe elektroniese kommunikasie word ook in die kategorie geplaas. Artikel 3.5 bepaal wanneer die dwaling wesenlik sal wees en of dit wel invloed op die kontrak sal hê. Gevolglik moet daar na die dwaling se belangrikheid en gewig gekyk word. Indien die dwaling wesenlik en van so

---

<sup>450</sup> Amptelike kommentaar op a 3.13 par 1 - *Performance of the Contract as understood by the mistaken party.*

<sup>451</sup> Amptelike kommentaar op a 3.13 par 2 - *Decision to be made promptly.*

<sup>452</sup> UNIDROIT-beginsels 2004 a 3.13(2).

<sup>453</sup> Amptelike kommentaar op a 3.13 par 4 – *Damages.*

<sup>454</sup> UNIDROIT-beginsels 2004 a 3.13(1) - Waar die kontrak gekanselleer word mag beide partye ook volgens a 3.17 restitusie eis vir goedere wat hulle verskaf het onder die kontrak of onder daardie gedeelte van die kontrak wat gekanselleer is.

<sup>455</sup> Amptelike kommentaar op a 3.6 par 1 - *Relevant mistake.*

aard is dat redelike persoon in dieselfde posisie nie die kontrak sou sluit indien die werklike stand van sake aan hom bekend was nie, kan hy die kontrak ingevolge die artikel kanselleer.<sup>456</sup>

By dwaling, insluitend dwaling weens foutiewe elektroniese kommunikasie, verhoed nikks in die beginsels die ontvanger om so foutiewe kommunikasie nie te aanvaar nie. Dit word aan die aanbieder gelaat om sy foutiewe kommunikasie te herroep en die kontrak te kanselleer op gronde van artikel 3.5.<sup>457</sup> Dit sal veral die geval wees waar daar teenstrydig gehandel word met goeie kimmersiële etiek waar die ontvanger nie die aanbieder inlig van sy fout nie en hom vergryp aan die “winkoop”.<sup>458</sup>

Indien ‘n kontrak weens dwaling gekanselleer word of nie gekanselleer word nie, het die partye steeds remedies tot hulle beskikking. Skade kan geëis word sodat die ander party in dieselfde posisie geplaas kan word soos voor die sluiting van die kontrak. Restitusie kan ook geëis word waar ‘n party reeds presteer het ingevolge daardie gedeelte van die kontrak wat gekanselleer word.

---

<sup>456</sup> Amptelike kommentaar op a 3.5 par 1 - *Serious mistake*.

<sup>457</sup> Amptelike kommentaar op a 3.6 par 1 - *Relevant mistake*.

<sup>458</sup> Amptelike kommentaar op a 3.6 par 1 - *Relevant mistake*.

## **5 Die Verenigde Nasies Konvensie oor die Gebruik van Elektroniese Kommunikasie in Internasionale Kontrakte (2005)**

### **5.1 Inleiding**

UNCITRAL is die amptelike regsliggaam van die Verenigde Nasies op die gebied van internasionale handel.<sup>459</sup> Die afdeling van die VN is geskep om regstrukkelblokke op die gebied van internasionale handel stelselmatig te moderniseer en te harmoniseer.<sup>460</sup> Die liggaam fokus op die sleutelgebiede van internasionale handel en sluit internasionale kimmersiële arbitrasie, oorgrens-insolvencies, internasionale betalingsinstrumente, internasionale verkoopkontrakte, vervoerreg en elektroniese handel in.<sup>461</sup> UNCITRAL se werk op die e-handelsgebied, sluit die UNCITRAL *Model Law on Electronic Commerce* van 1996 en die UNCITRAL *Model Law on Electronic Signatures* van 2001 in.<sup>462</sup> Die konvensie is opvolging van UNCITRAL se twee modelwette wat handel oor elektroniese aangeleenthede.<sup>463</sup>

Die konvensie bou voort op die UNCITRAL se twee vorige modelwette deur verbeterings en opdaterings te maak oor elektroniese kwessies wat nie deur die modelwette aangespreek word nie.<sup>464</sup> Daar is gevoel dat alhoewel die twee modelwette by elektroniese handel goeie leiding gee op die plaaslike front, dit nie voldoende vir internasionale handel is nie.<sup>465</sup>

Die konvensie maak voorsiening vir elektroniese kommunikasie wat gebruik word by elektroniese onderhandelinge en internasionale kontrakte.<sup>466</sup>

Die doel van die konvensie is om regsekerheid en kimmersiële voorspelbaarheid by internasionale elektroniese transaksies daar te stel en

---

<sup>459</sup> UNCITRAL 2011 <http://www.uncitral.org>.

<sup>460</sup> UNCITRAL 2011 <http://www.uncitral.org>.

<sup>461</sup> UNCITRAL 2011 <http://www.uncitral.org>.

<sup>462</sup> Coetzee 2006 *SA Merc LJ* 246.

<sup>463</sup> Malek *Electronic Commerce in International Trade Law* 2; Coetzee 2006 *SA Merc LJ* 248.

<sup>464</sup> Connolly en Ravindra 2006 *CLSR* 37; Coetzee 2006 *SA Merc LJ* 248.

<sup>465</sup> Eiselen 2007 *PER* 10.

<sup>466</sup> Polanski 2007 *JICLT* 113.

om bestaande leemtes op die gebied te vul.<sup>467</sup> Dit poog verder om algemene beginsels en praktiese oplossings in e-handel te bied wat aanvaarbaar sal wees vir state met verskillenderegs-, sosiale en ekonomiese stelsels.<sup>468</sup>

UNCITRAL se vorige werk op die gebied was die modelwette waar geen formele vereistes benodig word om dit te gebruik nie.<sup>469</sup> 'n VN-konvensie aan die ander kant moet uitdruklik bekragtig word voordat dit gebruik kan word.<sup>470</sup> Die konvensie is finaal op 23 November 2005 deur UNCITRAL se Algemene Vergadering goedgekeur, maar het tans nog nie in werking getree nie.<sup>471</sup> Tot op datum het min state egter nog die konvensie bekragtig en die huidige lidstate is Singapoer en Honduras.<sup>472</sup> Ten spyte van sterk ondersteuning ten gunste daarvan, is Suid-Afrika ook tans nie lid van die konvensie nie.<sup>473</sup> Volgens Coetzee sal Suid-Afrika daarby baat omrede die staat ook nou deel van die internasionale handelsgemeenskap is en omrede die konvensie se beginsels grootliks dieselfde is as die *Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies*.<sup>474</sup>

Die konvensie is van toepassing by internasionale kontrakte wat gesluit word deur middel van elektroniese kommunikasie deur partye wat in verskillende lidstate gesetel is.<sup>475</sup> Die konvensie kan ook geld waar slegs een van die

---

<sup>467</sup> Connolly en Ravindra 2006 *CLSR* 31; Coetzee 2006 *SA Merc LJ* 246.

<sup>468</sup> Polanski 2007 *JICLT* 113.

<sup>469</sup> Connolly en Ravindra 2005

[http://consult.galexia.com/public/research/assets/galexia\\_uncitral\\_draft\\_convention\\_v4\\_2\\_0050104.pdf](http://consult.galexia.com/public/research/assets/galexia_uncitral_draft_convention_v4_2_0050104.pdf).

<sup>470</sup> Connolly en Ravindra 2005

[http://consult.galexia.com/public/research/assets/galexia\\_uncitral\\_draft\\_convention\\_v4\\_2\\_0050104.pdf](http://consult.galexia.com/public/research/assets/galexia_uncitral_draft_convention_v4_2_0050104.pdf).

<sup>471</sup> Coetzee 2006 *SA Merc LJ* 247; UNCITRAL 2011 <http://www.uncitral.org> - Die konvensie sal in werking tree sodra dit deur 3 state bekragtig word.

<sup>472</sup> UNCITRAL 2011 <http://www.uncitral.org> - Tot op datum het 18 state al die konvensie onderteken waarvan slegs 2 dit bekragtig het. Van die state wat die konvensie onderteken het en moontlik in die toekoms sal bekragtig sluit China, Rusland, Sri Lanka, Sentraal-Afrikaanse Republiek, Libanon, Saudi Arabië, Filipyne, Republiek van Korea, Kolombië, Iran, Madagaskar, Montenegro, Panama, Paraguay, Sierra Leone en Senekal in.

<sup>473</sup> Coetzee 2006 *SA Merc LJ* 258.

<sup>474</sup> Coetzee 2006 *SA Merc LJ* 258.

<sup>475</sup> A 1 van die 2005 *United Nations Convention on the Use of Electronic Communications in International Contracts* (Hierna net die 2005-konvensie). Ingevolge a 20 kan hierdie konvensie ook in wisselwerking gebruik word saam met ander internasionale

partye in lidstaat gesetel is. Dit kan ook geld waar die reëls van die internasionale privaatreg dit so bepaal of waar die party ooreenkom dat hulle kontrak aan die konvensie onderworpe is.<sup>476</sup>

### **5.2. Elektroniese kommunikasie**

Volgens die konvensie word kommunikasie nie ontnem van sy geldigheid of afdwingbaarheid omdat die boodskap of kommunikasie in elektroniese formaat is nie.<sup>477</sup> Die konvensie is huis vir elektroniese doeleindes geskep en erken uitdruklik elektroniese kommunikasie.<sup>478</sup> Waar vereis word dat boodskap of kommunikasie skriftelik moet wees, word aan die vereiste voldoen indien dit in elektroniese formaat is solank dit toeganklik en bruikbaar is.<sup>479</sup>

### **5.3 Elektroniese kontrakte**

Niks in die konvensie vereis dat kommunikasie of kontrak bewys of gemaak moet word in enige spesifieke vorm nie.<sup>480</sup> Die partye het die vryheid om kontrakte te sluit soos hulle dit goeddink, insluitende met elektroniese middels, en skriftelike kontrakte is nie 'n vereiste nie. Waar nasionale wet vereis dat boodskap of kontrak skriftelik moet wees, word aan die vereiste voldoen indien die elektroniese inligting toeganklik en bruikbaar is.<sup>481</sup>

Die konvensie hanteer nie die kwessie rondom wanneer en waar die kontrak gesluit word nie, dit word eerder aan die toepaslike nasionale regstelsel oorgelaat.<sup>482</sup> Die betrokke nasionale regstelsel sal dan of van of die

---

<sup>476</sup> instrumente, insluitende die KIKG. Die kontrak kan dan onderhewig aan die KIKG wees terwyl enige elektroniese kommunikasie deur die 2005-konvensie gereguleer word.

<sup>477</sup> A 1 van die 2005-konvensie.

<sup>478</sup> A 8 van die 2005-konvensie.

<sup>479</sup> Eiselen 2007 PER 29; Elektroniese kommunikasie word deur a 4 gedefinieer as enige databoodskap wat deur die partye gestuur, ontvang of gestoor word en dit sluit elektroniese data wat op webblaaike oor die internet uitgeruil word asook e-pos, EDU, faks, teleks en telegram in.

<sup>480</sup> A 9(2) van die 2005-konvensie.

<sup>481</sup> A 9(1) van die 2005-konvensie.

<sup>482</sup> A 9(2) van die 2005-konvensie.

<sup>483</sup> Eiselen 2007 PER 29.

versendings-, of vernemings-, of ontvangsteorie gebruik maak om die tyd en plek te bepaal. Weens die internasionale aard van die tipe konakte kan dit wees dat die KIKG in sommige gevalle ook die toepaslike nasionale regstelsel hier kan wees.<sup>483</sup> Elektroniese boodskappe word geag as gestuur te wees op die oomblik wanneer die informasie die sisteem verlaat, onder die beheer van die skepper of die persoon wat dit namens hom stuur.<sup>484</sup> Hier moet die boodskap wat die sisteem verlaat buite die beheer van die skepper wees.<sup>485</sup> Die boodskappe word geag om ontvang te wees op die oomblik wanneer dit vir die geadresseerde moontlik is om die boodskap by sy keuse van "n elektroniese adres te ontvang.<sup>486</sup>

#### **5.4 Dwaling weens foutiewe kommunikasie**

Die konvensie is spesifiek opgestel vir elektroniese kommunikasie en -konakte. By die opstelling van die konvensie was daar gevoel dat spesifieke aandag aan dwaling en foutiewe kommunikasie gegee moet word omrede die UNCITRAL se *Model Law on Electronic Commerce* van 1996 glad nie die kwessie en gevolge hanteer nie.<sup>487</sup> Die behoefte het ontstaan omrede daar gevoel is dat dwaling meer algemeen by e-handel voorkom omrede partye dikwels van elektroniese agente gebruik maak om geautomatiseerde transaksies te sluit.<sup>488</sup> Die vorm van kontraksluiting is meer ingewikkeld as die ander tradisionele vorms van kontraksluiting en daar is gevoel dat daar 'n leemte op die gebied bestaan.<sup>489</sup>

---

<sup>483</sup> Eiselen 2007 PER 29.

<sup>484</sup> A 10(1) van die 2005-konvensie; Eiselen 2007 PER 30.

<sup>485</sup> Eiselen 2007 PER 30.

<sup>486</sup> A 10(2) van die 2005-konvensie.

<sup>487</sup> 2005 *United Nations Convention on the Use of Electronic Communications in International Contracts Explanatory Note* on a 14 par 226 (Hierna die nota op a).

<sup>488</sup> Nota op a 14 par 224 - Die kwessie van elektroniese agente en geautomatiseerde boodskapsisteme word deur a 12 van die konvensie gereguleer. Die artikel erken uitdruklik die geldigheid en afdwingbaarheid van die tipe konakte.

<sup>489</sup> Nota op a 14 par 227 - Die konvensie het ook die algemene reëls by geautomatiseerde boodskapsisteme dat die persoon wat van so 'n boodskapsisteem gebruik maak, verantwoordelik is vir die boodskappe wat dit stuur. Die konakte wat die sisteem namens die natuurlike persoon sluit, is ook geldig ongeag of die transaksie deur die natuurlike persoon hersien is of nie.

Artikel 14 van die konvensie is gevvolglik geskep om foutiewe elektroniese kommunikasie te hanteer. Die artikel bepaal:

1. *Where a natural person makes an input error in an electronic communication exchanged with the automated message system of another party and the automated message system does not provide the person with an opportunity to correct the error, that person, or the party on whose behalf that person was acting, has the right to withdraw the portion of the electronic communication in which the input error was made if:*
  - (a) *The person, or the party on whose behalf that person was acting, notifies the other party of the error as soon as possible after having learned of the error and indicates that he or she has made an error in the electronic communication; and*
  - (b) *The person, or the other party on whose behalf that person was acting, has not used or received any material benefit or value from the good or services, if any, received from the other party.*
2. *Nothing in this article affects the application of any rule of law that may govern the consequences of any error other than as provided for in paragraph 1.<sup>490</sup>*

Waar daar hier van ‘n insleutelfout gepraat word, word daar verwys na die fout as ‘n wesenlike fout wat dwaling tot gevolg het. Die onderliggende doel van die artikel is om spesifieke remedie te gee waar insleutelfoute begaan is en om nie in te meng met nasionale regstelsels se bepalings van dwaling nie.<sup>491</sup> Om die artikel beter te verstaan, moet daar na die verduidelikende notas wat UNCITRAL in hoofstuk 4 van die konvensie gee gekyk word. In die notas word die bepalings van artikel 14 in diepte verduidelik.

#### 5.4.1 *Die verduidelikende notas*

##### 5.4.1.1 Toepassingsgebied en doel van die artikel

Soos gesien kan word, is die artikel van die konvensie slegs op baie spesifieke situasie van toepassing. Kommunikasiefoute word gewoonlik deur menslike handelings of deur foutiewe elektroniese toerusting veroorsaak.<sup>492</sup> Die artikel hanteer slegs die kwessie waar foute deur natuurlike persone gemaak word wat elektronies handel met die geautomatiseerde boodskapsistema van ander, en waar die sisteem nie die persoon geleentheid bied

---

<sup>490</sup> A 14 van die 2005-konvensie.

<sup>491</sup> Nota op a 14 par 250.

<sup>492</sup> Nota op a 14 par 224.

om die fout reg te maak nie.<sup>493</sup> Soos gesien kan word handel die artikel net oor foute wat deur natuurlike persoon gemaak is en nie deur rekenaar of ander masjien nie.<sup>494</sup> By gevalle van EDU sal die artikel dus nie ter sake wees nie, omdat by EDU twee geautomatiseerde sisteme met mekaar kommunikeer.<sup>495</sup>

Volgens die verduidelikende notas sluit die foute wat deur natuurlike persone gemaak is kommunikasiefoute in waar persoon verkeerde bedrae of hoeveelhede insleutel of waar sleutelknoppie per ongeluk gedruk word.<sup>496</sup> Dit gebeur byvoorbeeld waar persoon per ongeluk op die “Enter”-sleutel of “/ agree”-ikoon op rekenaar druk.

Die rede vir die besluit was dat daar gevoel is dat daar groter risiko's by elektroniese kommunikasie is wanneer natuurlike persoon met geautomatiseerde rekenaarsisteem kommunikeer as waar twee natuurlike persone elektronies met mekaar kommunikeer.<sup>497</sup> In laasgenoemde geval is die kans groter om die fout en dwaling te ontdek en te herstel voor die ander party daarop reageer. Kommunikasiefoute wat gemaak word deur natuurlike persoon wat met geautomatiseerde rekenaarsisteem kommunikeer, kan onherroepbaar en onmoontlik wees om te herstel voordat die ander party daarop reageer.<sup>498</sup> Die konvensie hanteer dus net die baie spesifieke situasie en ander tipes foute en dwaling word gevvolglik aan die toepaslike nasionale regstelsel oorgelaat.<sup>499</sup> Dus poog die artikel nie om enige reeds bestaande reg oor dwaling te vervang nie, maar eerder om tot die onderwerp by te voeg deur party die geleentheid te bied om die wesenlike fout reg te maak.<sup>500</sup>

---

<sup>493</sup> Connolly en Ravindra 2006 *CLSR* 37.

<sup>494</sup> Nota op a 14 par 229.

<sup>495</sup> Eiselen 2007 *PER* 36.

<sup>496</sup> Nota op a 14 par 224.

<sup>497</sup> Nota op a 14 par 225.

<sup>498</sup> Nota op a 14 par 225.

<sup>499</sup> Connolly en Ravindra 2006 *CLSR* 37.

<sup>500</sup> Nota op a 14 par 235.

#### 5.4.1.2 Geleentheid om die foute reg te maak

Volgens die verduidelikende notas is dit oorspronklik oorweeg om dit verpligtend te maak vir geautomatiseerde sisteme om programme te gebruik wat foutiewe kommunikasie moontlik kan opspoor en regmaak.<sup>501</sup> Daar is gevoel dat die verpligting besigheidstandarde sal bevorder, maar daar is daarteen besluit omrede daar gevoel is die konvensie nie die plek is om dit te reguleer nie.<sup>502</sup> Daar is eerder toe besluit om in plaas van persoon te verplig om die ander die geleentheid te gee om die kommunikasiefout reg te maak, eerder te fokus op die beskikbare remedies vir die persoon wat die kommunikasiefout begaan het.<sup>503</sup>

Daar is verskeie maniere hoe geautomatiseerde sisteme die ander kontrakterende party die geleentheid kan bied om die kommunikasiefout reg te maak voordat dit gestuur is of om te voorkom dat dit gestuur word.<sup>504</sup> Dit kan gedoen word deur van bevestigingskerm gebruik te maak of die geautomatiseerde boodskapsisteem, nadat hy die besonderhede ontvang het, dit dan terug te stuur na die ander kontrakterende party en die moet dan die besonderhede goedkeur voordat transaksie gesluit word.<sup>505</sup> By beide gevalle kry die natuurlike persoon die geleentheid om sy kommunikasiefout reg te maak, en sal die artikel dus nie geld nie.<sup>506</sup>

#### 5.4.1.3 Onttrekking van die foutiewe kommunikasie

Die reg wat artikel 14 (1) gee, om terug te tree uit die foutiewe gedeelte van die elektroniese transaksie is uitsonderlike remedie om die dwalende party te beskerm en moet nie gesien word as 'n gaping om uit transaksies te ontsnap nie.<sup>507</sup> Die toets hier is of redelike persoon in dieselfde posisie as die dwalende party die boodskap sou stuur indien hy bewus was van die

---

<sup>501</sup> Nota op a 14 par 231.

<sup>502</sup> Nota op a 14 par 232.

<sup>503</sup> Nota op a 14 par 232.

<sup>504</sup> Nota op a 14 par 233.

<sup>505</sup> Nota op a 14 par 233.

<sup>506</sup> Nota op a 14 par 233.

<sup>507</sup> Nota op a 14 par 236.

foutiewe kommunikasie.<sup>508</sup> Artikel 14 plaas egter geen klem op die bedoeling van die party wat volgens beweer die foutiewe kommunikasie gestuur het nie.<sup>509</sup>

Daar is geargumenteer dat die artikel se remedie beperk moet word tot insleutelfoute om die gevaar te verminder dat mense moontlik die fout as verskoning kan gebruik om bloot uit kontrak te ontsnap.<sup>510</sup>

Daar was ook die voorstel dat waar insleutelfout gemaak is, die persoon die opsie moet hê om of die kommunikasiefout reg te maak of om uit die kontrak te tree.<sup>511</sup> UNCITRAL het al die moontlike opsies oorweeg, maar besluit dat die persoon wat die fout begaan het net die reg moet kry om uit die foutiewe gedeelte van die transaksie te onttrek.<sup>512</sup> Daarteen bied baie regstelsels die persoon die remedie om die kontrak nietig te verklaar weens die wesenlike fout, maar nie noodwendig om die foutiewe kommunikasie reg te maak en dan weer in nuwe transaksie te tree nie.<sup>513</sup>

Die reg om te onttrek is beperk tot die foutiewe gedeelte van die elektroniese kommunikasie.<sup>514</sup> Dit het die gevolg dat daar slegs uit die foutiewe gedeelte onttrek kan word en dat die res van die kontrak steeds staande is.<sup>515</sup> Die artikel van die konvensie spreek egter nie duidelik die gevolge van so onttrekking aan nie.<sup>516</sup> Hierdie onttrekking van die foutiewe gedeelte van die kontrak kan egter tot gevolg hê dat die hele kontrak ongeldig kan wees.<sup>517</sup> Dit kan gebeur waar die gedeelte wat onttrek word *essentialia* van die kontrak is, soos byvoorbeeld die tipe goedere, die prys of kwantiteit daarvan.<sup>518</sup> Indien so *essentialia*-gedeelte van die elektroniese kommunikasie onttrek word, is

---

<sup>508</sup> Nota op a 14 par 236.

<sup>509</sup> Nota op a 14 par 236.

<sup>510</sup> Nota op a 14 par 238.

<sup>511</sup> Nota op a 14 par 238.

<sup>512</sup> Nota op a 14 par 239.

<sup>513</sup> Nota op a 14 par 239.

<sup>514</sup> Nota op a 14 par 240.

<sup>515</sup> Nota op a 14 par 240.

<sup>516</sup> Nota op a 14 par 241.

<sup>517</sup> Nota op a 14 par 241.

<sup>518</sup> Nota op a 14 par 241.

dit onmoontlik om die kontrak te bepaal.<sup>519</sup> Die teenoorgestelde is ook waar, dat indien nie-wesenlike gedeelte onttrek word, die kontrak steeds bepaal kan word en voortgaan.<sup>520</sup>

#### 5.4.1.4 Vereistes om te onttrek uit elektroniese kommunikasie.

Paragrawe 1(a) en (b) van artikel 14 skryf die vereistes voor vir party om uit die foutiewe gedeelte te onttrek. Dit vereis om die ander party so gou as moontlik van die fout in kennis te stel en om nie enige wesenlike waarde of voordeel te verkry van die goedere of dienste wat ontvang is nie.<sup>521</sup>

Daar word gevoel dat paragrawe 1(a) en (b) baie nuttige remedie bied vir gevalle waar geautomatiseerde boodskapsisteem die goedere dadelik lewer (fisiële of elektronies) na die kontraksluiting en daar geen moontlikheid is om die proses te keer nie.<sup>522</sup> UNCITRAL het ook gevoel dat dit regverdig is in die geval waar slegs gedeelte van die kontrak onttrek word en dit behoort persone wat *mala fide* handel te beperk.<sup>523</sup>

Paragraaf 1(a) vereis dat die natuurlike persoon die ander party so gou as moontlik van die fout in kennis moet stel en dat hy nie die bedoeling moes gehad het om die foutiewe kommunikasie te stuur nie.<sup>524</sup> Die party wat die foutiewe kommunikasie ontvang, mag op die spesifieke boodskap steun tot op die punt dat hy die kennisgewing ontvang.<sup>525</sup>

Daar word ook geen tydsbeperkinge aan die onttrekking gestel nie, omdat dit kwessie van openbare beleid in baie regstelsels is.<sup>526</sup> Die artikel beperk nie die reg van party om te onttrek nie aangesien die persoon dalk eers later

---

<sup>519</sup> Nota op a 14 par 241.

<sup>520</sup> Nota op a 14 par 241.

<sup>521</sup> Connolly en Ravindra 2006 *CLSR* 37.

<sup>522</sup> Nota op a 14 par 242.

<sup>523</sup> Nota op a 14 par 242.

<sup>524</sup> Nota op a 14 par 244.

<sup>525</sup> Nota op a 14 par 244.

<sup>526</sup> Nota op a 14 par 246.

bewus mag word van die foutiewe kommunikasie wat hy gestuur het.<sup>527</sup> Die tydperk is egter nie oneindig nie en uit paragrawe 1(a) en (b) kan afgelei word dat dit sou gou as moontlik moet gebeur en dat dit moet geskied voordat die party enige wesenlike waarde of voordeel uit die goedere kan ontvang.<sup>528</sup>

Goedere en dienste sal gewoonlik verskaf of gelewer word voordat kennisgewing van die foutiewe kommunikasie ontvang sal word ingevolge paragraaf 1(a).<sup>529</sup> Waar dit gebeur en party reeds enige wesenlike voordeel of waarde weens die foutiewe kommunikasie ontvang het, verloor die party sy reg om uit die foutiewe gedeelte te onttrek.<sup>530</sup> Die meeste transaksies wat in e-handel gesluit word, het die gevolg dat die kontrak onmiddellik gesluit word en dat die goedere onmiddellik beskikbaar is om te gebruik.<sup>531</sup> In baie sulke gevalle is dit moontlik om die gelewerde inligting terug te stuur, maar onmoontlik om nie voordeel of waarde uit die goedere te kry nie. Blote toegang tot die inligting en die moontlikheid om kopieë daarvan te maak, geld reeds as voordeel wat nie teruggegee kan word nie.<sup>532</sup> In so geval is dit nie regverdig dat party uit die foutiewe kommunikasie kan onttrek en sodoende uit die hele transaksie tree terwyl hy reeds voordeel daaruit verkry het nie.<sup>533</sup>

Die artikel gee ook aan die party wat van die elektroniese agent gebruik maak die geleentheid om die fouterende party verantwoordelik te hou vir enige skade wat deur sy foutiewe kommunikasie veroorsaak is.<sup>534</sup> Die aanspreeklikheidsremedie sal afhang van die toepaslike nasionale regstelsel.<sup>535</sup>

---

<sup>527</sup> Nota op a 14 par 245.

<sup>528</sup> Nota op a 14 par 246.

<sup>529</sup> Nota op a 14 par 247.

<sup>530</sup> Nota op a 14 par 247.

<sup>531</sup> Nota op a 14 par 249.

<sup>532</sup> Nota op a 14 par 249.

<sup>533</sup> Nota op a 14 par 249.

<sup>534</sup> Eiselen 2007 PER 37.

<sup>535</sup> Eiselen 2007 PER 37.

## **5.5 Gevolgtrekking**

Die konvensie is spesifiek geskep vir e-handelsdoeleindes. Artikel 14 van die konvensie is spesifiek geskep om die aangeleentheid van foutiewe elektroniese kommunikasie te hanteer. Die artikel is egter slegs van toepassing op 'n baie spesifieke situasie, naamlik waar 'n fout deur 'n natuurlike persoon gemaak word, wat elektronies handel met die geautomatiseerde boodskapsisteem van 'n ander party, en waar die sisteem nie die persoon die geleentheid bied om sy fout reg te maak nie.

Hierdie insleutelfoute of foutiewe kommunikasie sluit wilsooreenstemming uit en veroorsaak 'n dwaling tussen die partye. Die konvensie hanteer net die spesifieke aangeleentheid en ander tipes dwaling en foute word aan die toepaslike nasionale regstelsel oorgelaat.

Waar die natuurlike persoon nie die kans gegee is om sy foutiewe kommunikasie te herstel nie, gee die konvensie aan die party die remedie om uit die foutiewe gedeelte van die kontrak te onttrek. Die reg om uit die foutiewe gedeelte te onttrek hang af van twee vereistes, naamlik om die ander party so gou as moontlik in kennis te stel van die foutiewe kommunikasie en om nie reeds enige wesenlike waarde of voordeel uit die ontvangde goedere of dienste te verkry nie.

## **6 Vergelyking**

Gevolgtreklik kan gesien word dat nie al die betrokke konvensies, modelwette en wetgewing die kwessie van dwaling weens foutiewe kommunikasie dieselfde benader of dieselfde remedies bied nie. Daar kan dus nou gekyk word hoe die kwessie van dwaling weens foutiewe kommunikasie by die elektroniese kontrakteringsproses deur elk van die instrumente hanteer word, en hoe dit met die Suid-Afrikaanse posisie vergelyk.

Die Suid-Afrikaanse reg dek 'n verskeidenheid gevalle waar dwaling weens foutiewe kommunikasie voorkom. Waar natuurlike persone elektronies

kontrakteer, is die gemeenregtelike bepalings van toepassing omrede die kontrak gesluit word tussen natuurlike persone. Waar dwaling weens foutiewe kommunikasie voorkom, moet die grondslag van die kontrak bepaal word. Deur die grondslag van die kontrak te bepaal kan die kontraktuele aanspreeklikheid wat daaruit voortvloeи bepaal word. Die wilsooreenstemming tussen die partye word in die algemeen as die grondslag van 'n kontrak beskou. Waar foutiewe kommunikasie voorkom en wilsooreenstemming uitsluit, staan dit bekend as wesenlike dwaling. Indien dwaling teenwoordig is wat die *consensus* uitsluit, maak die gemenerg van die vertrouensteorie gebruik om die kontrak te bepaal, hetsy watter vorm van die vertrouensteorie gebruik word. Waar die dwaling weens foutiewe kommunikasie bewys word, is die kontrak gevvolglik nietig of kan kanselleer word.

Waar twee natuurlike persone elektronies kontrakteer bied die EKT-wet ook addisionele beskerming aan 'n natuurlike persoon indien hy as verbruiker kwalificeer. Verbruikers het die remedie om elektroniese transaksies in geheel te hersien, foute reg te stel of om uit die transaksie te onttrek voor bestelling finaal gemaak word. Indien verbruiker nie die geleentheid gebied is nie, kan hy die transaksie kanselleer binne 14 dae na ontvangs van die goedere of dienste.<sup>536</sup> Waar dwaling dus hier voorkom, het die partye die gemeenregtelike bepalings tot hulle beskikking asook die addisionele beskerming wat die wet aan verbruikers bied.

By geautomatiseerde transaksies is die gemeenregtelike bepalings onduidelik en die EKT-wet is gevvolglik gepromulgeer om die aangeleentheid te reguleer. Waar natuurlike persoon handel met ander se elektroniese agent en die persoon wesenlike fout in sy kommunikasie begaan, sal die ooreenkoms slegs geldig wees indien die agent die persoon geleentheid bied om sy fout te voorkom of reg te stel. Dus, indien die party nie die geleentheid gebied is om sy wesenlike fout te hersien of reg te stel nie, is die kontrak nietig en bestaan daar gevvolglik geen ooreenkoms nie. Waar twee elektroniese agente kontrak sluit en wesenlike fout ontstaan, is die dwaling nie tussen die twee

---

<sup>536</sup> A 43(3).

agente nie, maar eerder tussen die agente se prinsipale wat hulle geprogrammeer het. Indien daar hier 'n dwaling sou voorkom kan die sluitingsgronde van die kontrak uitgedaag word op die gemeenregtelike beginsels van dwaling en gebrek aan wilsooreenstemming.<sup>537</sup>

Dus, hetsy daar elektronies met ander natuurlike persone, of hulle elektroniese agente gekontrakteer word, of waar twee partye se elektroniese agente kontrakteer, bied die Suid-Afrikaanse reg remedies om die kontrak te hersien, herstel, nietig te verklaar of die kontrak te kanselleer.

Die KIKG hanteer wel gevalle van dwaling weens foutiewe kommunikasie.<sup>538</sup> Die KIKG is egter lank voor die bestaan van elektroniese kommunikasie geskep en daar is nie vir die aangeleentheid voorsiening gemaak nie. Alhoewel die konvensie geen spesifieke bepalings vir dwaling weens foutiewe elektroniese kommunikasie bevat nie, word die kwessie tog deur interpretasie aangespreek. Die konvensie kyk na die foutiewe kommunikasie en probeer om die partye se bedoelings te bepaal. Daar word dus eerder gepoog om die kontrak lewendig te hou in plaas van om te kyk na remedies soos kanselliasie en nietigverklaring.

Daar word eerstens probeer om die partye se ware bedoelings te bepaal met subjektiewe benaderingstoets. Die toets is soortgelyk aan die Suid-Afrikaanse subjektiewe wilsteorie, waar die kontrak gegrond word op die werklike bedoelings tussen die partye. Indien dit nie moontlik is nie, word die partye se bedoelings objektief bepaal soos redelike persoon in dieselfde omstandighede dit sou verstaan.<sup>539</sup> Hierdie benadering is soortgelyk aan die Suid-Afrikaanse vertrouensteorie waar daar objektief na die verklarings en optredes van die verklarende party gekyk word en hoe redelike persoon in dieselfde omstandighede dit sou verstaan het.

---

<sup>537</sup> Eiselen 2007 *PER* 36; Pistorius 2008 *JILT* 13.

<sup>538</sup> Eiselen 2007 *PER* 29; Schlechtriem 1992 *JT* 14; Sekretariaat kommentaar 1978 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/text/secomm/secomm-08.html#1>.

<sup>539</sup> A 8(2) van die KIKG.

Waar die partye se bedoelings egter nie bepaal kan word nie, is die geldigheid van die kontrak in gedrang. Waar party kontrak weens dwaling wil kanselleer, is die geldigheid van die kontrak ook in gedrang. Waar die kontrak se geldigheid in gedrang is, word die aangeleentheid nie deur die konvensie aangespreek nie en word dit oorgelaat aan die nasionale regstelsels. Hieruit kan gesien word dat die konvensie nie enige spesifieke elektroniese bepalings het wat die kwessie aanspreek nie. Die konvensie bied ook verder geen remedies soos kansellasie en nietigverklaring waar dwaling weens foutiewe kommunikasie ontstaan het nie, en dit word gevvolglik aan die nasionale regstelsels oorgelaat.

Die UNIDROIT-beginsels hanteer kwessies rondom dwaling en die geldigheid van kontrakte. Volgens die beginsels waar kontrak gesluit word en foutiewe kommunikasie teenwoordig is, geld die gewone reëls van dwaling. Die reëls van dwaling bepaal wanneer die dwaling wesenlik sal wees en of dit wel invloed op die kontrak sal hê. Die reëls van dwaling is ook van toepassing by elektroniese aangeleenthede. Daar word na die dwaling se belangrikheid en gewig gekyk om te bepaal of dit wesenlik is of nie. Indien die dwaling as wesenlik en relevant beskou word, kan die kontrak gekanselleer word. Die artikel gee aan die party die geleentheid om die kontrak te kanselleer asook om moontlike skade en restitusie te eis. Die beginsels se reëls van dwaling is soortgelyk aan die Suid-Afrikaanse gemeenregtelike reëls rondom dwaling en wanneer die dwaling wesenlik sal wees.

Alhoewel die UNIDROIT-beginsels rekening hou met die bestaan van elektroniese boodskappe, maak dit nie spesifiek voorsiening vir dwaling of foutiewe boodskappe binne die elektroniese konteks nie. Daar is dus nie spesifieke bepalings rondom die aangeleentheid nie en die normale reëls van dwaling wat vir alle ander boodskappe geld is ook hier van toepassing. Die beginsels bied aan die dwalende party die remedie om die kontrak te kanselleer indien die dwaling wesenlik is. So 'n kansellasieremedie is altyd 'n handige remedie, maar volgens my mening is dit effens beperk. Die dwalende party kan dus wel die kontrak kanselleer, maar geen remedie is vir hom beskikbaar om sy foutiewe kommunikasie reg te stel of te hersien nie en

sodoende die kontrak lewendig te hou nie. By gevalle van geautomatiseerde transaksies, gee die beginsels ook nie duidelikheid nie. Volgens die VN se 2005-konvensiekomentaar, behandel die Unidroit-beginsels slegs in klein mate die gevolge en remedies van dwaling by elektroniese kontraksluiting.<sup>540</sup>

Die UNCITRAL se *Model Law on Electronic Commerce* van 1996 het glad nie geraak aan die gevolge van dwaling by elektroniese kontrakte nie. Gevolglik is die 2005-konvensie geskep vir e-handelsdoeleindes. Die 2005-konvensie bevat 'n spesifieke bepaling vir dwaling weens foutiewe elektroniese kommunikasie. Die bepaling is egter baie beperk en slegs van toepassing op spesifieke situasie, naamlik waar natuurlike persoon met ander party se geautomatiseerde boodskapsisteem handel. Hier moes die natuurlike persoon kommunikasiefout begaan het en die elektroniese sisteem nie die persoon die geleentheid bied om sy fout reg te maak nie. Waar die natuurlike persoon nie die kans gegee word om sy fout te herstel nie, gee die konvensie die remedie, naamlik om uit die foutiewe gedeelte van die kontrak te onttrek. Die reg om te onttrek is beperk tot net die foutiewe gedeelte van die elektroniese kommunikasie. Hierdie benadering is soortgelyk aan artikel 20(e) van die EKT-wet wat transaksies tussen natuurlike persone en elektroniese agente reguleer.

Waar natuurlike persoon elektronies kontrakteer met ander party se geautomatiseerde boodskapsisteem, is die konvensie se remedie voldoende. Elektroniese kontrakte in e-handel word egter nie net tussen natuurlike persone en elektroniese agente gesluit nie. Waar natuurlike persone met mekaar kontrakteer deur middel van e-pos, sms, of faks asook by EDU-transaksies, bied die konvensie geen oplossings nie.

---

<sup>540</sup> Nota op a 14 par 226.

## **7 Gevolgtrekking**

Deur na die vergelyking te kyk word gesien dat die Suid-Afrikaanse reg goed vergelyk met hierdie internasionale instrumente. Die Suid-Afrikaanse reg dek ‘n verskeidenheid gevalle van kontraksluiting en bied by almal remedies waar dwaling weens foutiewe kommunikasie voorkom. Die Suid-Afrikaanse reg dek gevalle waar daar elektronies met ander natuurlike persone, of hulle elektroniese agente gekontrakteer word, of waar twee partye se elektroniese agente kontrakteer. Remedies van nietigverklaring en kansellasie, asook die geleentheid om foutiewe kommunikasie te voorkom, reg te maak en om die transaksie te hersien, is ook aan die dwalende party beskikbaar. Nie een van hierdie internasionale instrumente dek die wye verskeidenheid gevalle van kontraksluiting of bied die verskeidenheid van remedies nie.

Alhoewel sekere gedeeltes van die EKT-wet verwarring kan skep en teenstrydig is, hanteer die Suid-Afrikaanse reg die aangeleentheid baie goed. Met die inagneming dat die Suid-Afrikaanse reg nie internasionale eenvormigheid hoef te skep nie en slegs nasionale aangeleenthede hoef te akkommodeer, hanteer die gemenereg saam met die EKT-wet volgens die skrywer die aangeleentheid die beste. Dit is omrede ‘n wye verskeidenheid gevalle van kontraksluiting gedek word en daar remedies vir die dwalende party by al die gevalle beskikbaar is.

Aanbevelings word egter gemaak dat die bestaande oorvleuelende en teenstrydige bepalings geharmoniseer moet word om moontlike verwarring te voorkom en sodoende die aangeleentheid nog beter aan te spreek.

## **“abstract”**

In the modern era of international trade most agreements are concluded by way of electronic means. This form of trade is better known as e-trading. This method of negotiating and concluding contracts are popular and the way of the future. With the use of electronic means faulty communications can occur and create legal uncertainty. Faulty communications can be a hindrance to international trade and legal certainty in this area is needed.

This study focuses on the legal position where a faulty electronic communication arises at the conclusion of an international contract. These faulty communications can cause a mistake/error between the contracting parties and can exclude the consent between the parties. If the consent between the parties is absent it can have an affect on the validity of the contract.

The South African legal position of mistake/error due to faulty electronic communications at the conclusion of a contract is analysed and compared to other international instruments. These international instruments include the 1980 United Nations Convention on Contracts for the International Sale of Goods (CISG), the 2004 UNIDROIT Principles of International Commercial Contracts and the 2005 United Nations Convention on the Use of Electronic Communications in International Contracts. These international instruments were specifically created for international trade and can be used to regulate the legal position of contracting parties.

Based on the above comparison the South African legal position is evaluated and some improvements are recommended.

## Bibliografie

### Boeke

#### B

Bernstein and Lookofsky *Understanding the CISG*

Bernstein H and Lookofsky J *Understanding the CISG in Europe* 2e uitgawe (Kluwer Law International The Hague 1997)

Buys *Cyberlaw*

Buys R *Cyberlaw@SA* 2e uitgawe (Van Schaik Publishers 2004)

#### C

Christie *The Law of Contract*

Christie RH *The Law of Contract in South Africa* 5e uitgawe (LexisNexis Butterworths Durban 2006)

#### D

De Wet en van Wyk *Kontraktereg en Handelsreg*

De Wet JC en van Wyk AH *Die Suid Afrikaanse Kontraktereg en Handelsreg* 5e uitgawe (Butterworths Durban 1992)

#### H

Honnold *Uniform Law for International Sales*

Honnold JO *Uniform Law for International Sales under the 1980 United Nations Convention* 3e uitgawe (Kluwer Law International 1999) 115-123

Uittreksel uit boek - Artikel 8 Interpretation of Statements or Conduct of a Party [beskikbaar op internet <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/biblio/ho8.html>]

Hutchison en Pretorius *The Law of Contract*

Hutchison D en Pretorius CJ (ed) *The Law of Contract in South Africa* 1e uitgawe (Oxford University Press 2009)

#### K

Kerr *The Law of Contracts*

Kerr AJ *The Principles of the Law of Contracts* 6e uitgawe (Butterworths Durban 2002)

**V**

Van der Merwe en Roos *Information Technology Law*

Van der Merwe D en Roos A (ed) *Information and Communications Technology Law* 1e uitgawe (LexisNexis Durban 2008)

Van der Merwe ea *Kontraktereg*

Van der Merwe S ea *Kontraktereg Algemene Beginsels* 3e uitgawe (Juta Kaapstad 2007)

**W**

Winn en Wright *Law of Electronic Commerce*

Winn JK en Wright B *Law of Electronic Commerce* 4e uitgawe (Aspen Publishers 2005)

**Hofsake**

*Benjamin v Gurewitz* 1973 1 SA 418 (A)

*Bird v Summerville* 1960 4 SA 395 (A)

*Cape Explosive Works Ltd v South African Oil & Fat Industries Ltd* 1921 CPD 244

*Cape Group Construction v Government of the United Kingdom* 2003 5 SA 180 (SCA)

*Collen v Rietfontein Engineering Works* 1948 1 SA 413 (A)

*Constantia Insurance Co Ltd v Compusource* 2005 4 SA 345 (SCA)

*Diamond v Kernick* 1947 3 SA 69 (A)

*Dickinson Motors (Pty) Ltd v Oberholzer* 1952 1 SA 443 (A)

*Jones v Anglo-African Shipping Co* 1972 2 SA 827 (A)

*Jafta v Ezemvelo Kzn Wildlife* 2008 KZN D204/07 ZALC 84

*Maresky v Morkel* 1994 1 SA 249 (A)

*Maritime Motors (Pty) Ltd v Von Steiger and another* 2001 2 SA 584 (A)

*Mondorp Eiendomsagentskap v Kemp en De Beer* 1979 4 SA 74 (SCA)

*Saambou-Nasionale Bouvereniging v Friedman* 1979 3 SA 978 (A)

*Smith v Hughes* LR 1870-1 6 QB 597 (Engelse saak)

*Sonap Petroleum (SA) (Pty) Ltd v Pappadogianis* 1992 3 SA 234 (A)

*South African Railways & Harbours v National Bank of South Africa Ltd* 1924  
AD 704

*Spes Bona Bank Ltd v Portals Water Treatment of South Africa (Pty) Ltd* 1983  
1 SA 978 (A)

*Steyn v LSA Motors Ltd* 1994 1 SA 167 (A)

*Tesven CC v South African Bank of Athens* 1999 4 SA 396 (A)

*Trollip v Jordaan* 1961 1 SA 238 (A)

*Van Aartsen v Van Aartsen* 2006 4 SA 131 (T)

*Van Ryn Wine and Spirit Co v Chandos Bar* 1928 417 (TPA)

*Venter v Credit Guarantee Insurance Corporation of Africa Ltd* 1996 3 SA 966  
(A)

*Weiler v Oppenheim* (1856)

## **Hofsake KIKG**

### **C**

*Chemical products* saak 5 April 2005 *Bundesgericht Hooggerechtshof*  
<http://cisgw3.law.pace.edu/cases/050405s1.html> [datum van gebruik 1  
Oktober 2010]

*Circut boards* saak 5 Oktober 1998 *Hamburg Appelhof*  
<http://cisgw3.law.pace.edu/cases/981005g1.html> [datum van gebruik 1  
Oktober 2010]

*Clothes* saak 15 Februarie 1996 *Kassel Streekshof* [11 O 4187/95]  
<http://cisgw3.law.pace.edu/cases/960215g2.html> [datum van gebruik 1  
Oktober 2010]

### **E**

*Egg* saak 28 February 1996 *Oldenburg Streekshof*  
<http://cisgw3.law.pace.edu/cases/960228g1.html> [datum van gebruik 1  
Oktober 2010]

### **M**

*MCC-Marble Ceramic Center Inc. v Ceramica Nuova D'Agostino*  
1998 saak no. S.p.A. 144 F.3d 1384 (11th Cir. ) (No. 97-4250).

<http://cisgw3.law.pace.edu/cases/020825u1.html> [datum van gebruik 1 Oktober 2010]

*Mono ammonium phosphate* saak 20 Maart 1997 Oostenryk Hooggereghof  
<http://cisgw3.law.pace.edu/cases/970320a3.html> [datum van gebruik 1 Oktober 2010]

### **Internasionale instrumente**

*Principles of the International Commercial Contracts of the International Institute for the Unification of Private Law (UNIDROIT) UNIDROIT Principles of International Commercial Contracts with Official Commentary* (2004)

*UNCITRAL Model Law on Electronic Commerce with Guide to Enactment*  
1996

*United Nations Convention on Contracts for the International Sale of Goods*  
1980

*United Nations Convention on the Use of Electronic Communications in International Contracts* of 2005

### **Internet**

#### **B**

Bar en Har-Sinay 2008 <http://www.articlesbase.com/law-articles/contract-validity-and-the-cisg-international-treaty-closing-the-loophole-315561.html>  
Bar N and Har-Sinay N 2008 Contract Validity and the CISG: Closing the Loophole <http://www.articlesbase.com/law-articles/contract-validity-and-the-cisg-international-treaty-closing-the-loophole-315561.html> [datum van gebruik 15 Junie 2009]

## C

Connolly en Ravindra 2005

[http://consult.galexia.com/public/research/assets/galexia\\_unicitral\\_draft\\_convention\\_v4\\_20050104.pdf](http://consult.galexia.com/public/research/assets/galexia_unicitral_draft_convention_v4_20050104.pdf)

Connolly C en Ravindra P UN Releases New International Convention on Electronic Contracting

[http://consult.galexia.com/public/research/assets/galexia\\_unicitral\\_draft\\_convention\\_v4\\_20050104.pdf](http://consult.galexia.com/public/research/assets/galexia_unicitral_draft_convention_v4_20050104.pdf) (datum van gebruik 19 Maart 2009)

## D

DOC 2000 <http://www.ecomm-debate.co.za>

Department of Communications 2000 Green Paper on Electronic Commerce for South Africa <http://www.ecomm-debate.co.za> [datum van gebruik 10 Mei 2010]

## F

Farnsworth 1987 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/biblio/farnsworth-bb8.html>

Farnsworth EA 1987 Commentary on the International Sales Law  
<http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/biblio/farnsworth-bb8.html> 95-102  
[datum van gebruik 24 Mei 2010]

## G

Gereda 2004 [www.mbendi.com/cliffedekker/literature/commentry/index.htm](http://www.mbendi.com/cliffedekker/literature/commentry/index.htm)

Gereda SL 2004 The Electronic Communications and Transactions Act  
[www.mbendi.com/cliffedekker/literature/commentry/index.htm](http://www.mbendi.com/cliffedekker/literature/commentry/index.htm) [datum van gebruik 10 Mei 2010]

## K

KIKG Advies Raad Opinie no.1 2003 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/CISG-AC-op1.html>

KIKG Advies Raad Opinie no.1 2003 Electronic Communications under CISG <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/CISG-AC-op1.html> [datum van gebruik 5 Januarie 2010]

## L

Leyens 2003 <http://cisgw3.law.pace.edu/cisg/biblio/leyens.html#con>

Leyens PC 2003 CISG and Mistake: Uniform Law vs. Domestic Law  
The Interpretative Challenge of Mistake and the Validity Loophole

<http://www.cisgw3.law.pace.edu/cisg/biblio/leyens.html#con> (datum van gebruik 29 November 2009)

## **U**

UNCITRAL 2011 <http://www.uncitral.org>

UNCITRAL 2011 <http://www.uncitral.org> (datum van gebruik 23 Maart 2011)

UNIDROIT 2011 <http://www.unidroit.org>

UNIDROIT 2011 <http://www.unidroit.org> (datum van gebruik 23 Maart 2011)

UNESCO 2011 <http://www.unesco.org>

UNESCO 2011 <http://www.unesco.org> (datum van gebruik 23 Maart 2011)

## **S**

Sekretariaat commentaar 1978

<http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/text/secomm/secomm-08.html#1>

Sekretariaat commentaar 1978 Guide to CISG Article 8

<http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/text/secomm/secomm-08.html#1>

[datum van gebruik 26 Mei 2010]

## **Z**

Ziegel 1981 <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/text/ziegel8.html>

Ziegel JS 1981 Report to the Uniform Law Conference of Canada on Convention on Contracts for the International Sale of Goods

<http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/text/ziegel8.html> [datum van gebruik 20 Mei 2010]

## **Proefskrifte en verhandelings**

## **M**

Malek *Electronic Commerce in International Trade Law*

Malek JR *Electronic Commerce in International Trade Law – Especially under the UN Convention on the Use of Electronic Communications in International Contracts 2005 and under the UN Convention on Contracts*

*for the International Sale of Goods 1980 (LLM mini skripsi Universiteit van Kaapstad 2007)*

**Marx E-Commerce**

*Marx FE E-Commerce – The Effect of the Electronic Communications and Transactions Act 25 of 2002 on e-commerce* (Proefskrif Universiteit van Port Elizabeth 2003)

**Tydskrifartikels**

**B**

Bonnell 1996 *ULR*

Bonnell MJ “The UNIDROIT Principles of International Commercial Contracts and the Principles of European Contract Law: Similar Rules for the Same Purposes?” 1996 *Uniform Law Review* 229-246.

**C**

Coetzee 2006 *SA Merc LJ*

Coetzee J “The Convention on the use of Electronic Communications in International Contracts: Creating An International Legal Framework for Electronic Contracting” 2006 *South African Mercantile Law Journal* vol 18 uitgawe 3 245 – 258.

Coetzee 2004 *Stell LR*

Coetzee J “The Electronic Communications and Transactions Act 25 of 2002: Facilitating Electronic Commerce” 2004 *Stellenbosch Law Review* vol 15 uitgawe 3 501-521.

Connolly en Ravindra 2006 *CLSR*

Connolly C en Ravindra P “First UN Convention on e-Commerce Finalised” 2006 *Computer Law & Security Report* 22 31-38 [beskikbaar op internet <http://www.sciencedirect.com>]

**E**

Eiselen 2002 *VJICLA*

Eiselen GTS “E-Commerce and the CISG; Formation, Formalities and Validity” 2002 *Vindobona Journal of International Commercial Law and Arbitration* vol 6 305-320.

Eiselen 1999 *EDI LR*

Eiselen GTS “Electronic commerce and the UN Convention on Contracts for the International Sale of Goods (CISG)” 1999 *EDI Law Review* 21-46.

Eiselen 1999 *SALJ*

Eiselen GTS “Adoption of the Vienna Convention for the International Sale of Goods in South Africa” 1999 *South African Law Journal* 323-370.

Eiselen 1995 *SA Merc LJ*

Eiselen GTS “The EDI Interchange Agreement” 1995 *SA Merc Law Journal* 1-18.

Eiselen 1992 *THRHR*

Eiselen GTS “EDV en die Bewysreg” 1992 *Tydskrif vir die Hedendaagse Romeins Hollandse Reg* 204-219.

Eiselen 2007 *PER*

Eiselen GTS “The UNECIC: International Trade in the Digital Era” 2007 *Potchefstroom Electronic Law Journal* vol 48 uitgawe 2 72-76.

**H**

Hartnell 1993 *YJIL*

Hartnell HE “Rousing the Sleeping Dog: The Validity Exception to the Convention on Contracts for the International Sale of Goods” 1993 *Yale Journal of International Law* 1-93 [beskikbaar op internet <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/biblio/hartnell.html#ii>]

Heiz 1987 *VJTL*

Heiz CR “Validity of Contracts Under the United Nations Convention on Contracts for the International Sale of Goods and Swiss Contract Law”

1987 *Vanderbilt Journal of Transnational Law* 639-663 [beskikbaar op internet <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/biblio/heiz.html#i>]

**H**uber 2006 *Int Handelsrecht*

Huber P "Some introductory remarks on the CISG" 2006 *Internationales Handelsrecht* 228-238 [beskikbaar op internet <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/biblio/huber-08.html>]

**L**

Lautenschlager 2007 *VJICLA*

Lautenschlager F "Current problems regarding the interpretation of statements and party conduct under the CISG" 2007 *Vindobona Journal of International Commercial Law & Arbitration* 259-290 [beskikbaar op internet <http://cisgw3.law.pace.edu/cisg/biblio/lautenschlager.html>]

**P**

Pistorius 2008 *JILT*

Pistorius T "The legal effect of input errors in automated transactions: the South African matrix" 2008 *Journal of Information, Law & Technology* [beskikbaar op internet [http://go.warwick.ac.uk/jilt/2008\\_2/pistorius2](http://go.warwick.ac.uk/jilt/2008_2/pistorius2)]

Polanski 2007 *JICLT*

Polanski PP "International electronic contracting in the newest UN Convention" 2007 *Journal of International Commercial Law and Technology* vol 2 uitgawe 3 112-120 [beskikbaar op internet [www.jiclt.com/index.php/jiclt/article/download/26/25](http://www.jiclt.com/index.php/jiclt/article/download/26/25)]

Pretorius 2004 *THRHR*

Pretorius CJ "The basis of contractual liability in South African Law (1)" 2004 *Tydskrif vir die Hedendaagse Romeins Hollandse Reg* vol 67 uitgawe 2 179-192.

Pretorius 2004 *THRHR*

Pretorius CJ "The basis of contractual liability in South African Law (2)" 2004 *Tydskrif vir die Hedendaagse Romeins Hollandse Reg* vol 67 uitgawe 3 383-393.

Pretorius 2004 *THRHR*

Pretorius CJ "The basis of contractual liability in South African Law (3)"  
2004 *Tydskrif vir die Hedendaagse Romeins Hollandse Reg* vol 67  
uitgawe 4 549-565.

Pretorius 2004 *CILSA*

Pretorius CJ "The basis of contractual liability in English law and its influence in the South African law of contract" 2004 *The Comparative and International Law Journal of South Africa* vol 37 uitgawe 1 96-128.

Pretorius 2004 *CILSA*

Pretorius CJ "The basis of contractual liability in Dutch law" 2004 *The Comparative and International Law Journal of South Africa* vol 37 uitgawe 3 337-403.

Pretorius 2005 *THRHR*

Pretorius CJ "The basis of contractual liability (1):Ideologies and approaches" 2005 *Tydskrif vir die Hedendaagse Romeins Hollandse Reg* vol 68 uitgawe 26 253-276.

Pretorius 2005 *THRHR*

Pretorius CJ "The basis of contractual liability (2): Theories of contract (will and declaration)" 2005 *Tydskrif vir die Hedendaagse Romeins Hollandse Reg* vol 68 uitgawe 3 441-460.

Pretorius 2006 *De Jure*

Pretorius CJ "Reliance, reasonableness and novel contracts:*Constantia Insurance Co Ltd v Compusource (Pty)Ltd* 2005 4 SA 345 (SCA)" 2006 *De Jure* vol 39 uitgawe 1 205-213.

**S**

Schlechtriem 1992 *JT*

Schlechtriem P "Uniform Sales Law - The Experience with Uniform Sales Laws in the Federal Republic of Germany" 1992 *Juridisk Tidskrift* 1-28

[beskikbaar op internet  
<http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/biblio/schlechtriem-08.html>]

## Snail 2008 *JILT*

Snail S "Electronic Contracts in South Africa – A Comparative Analysis"  
2008 *Journal of Information, Law & Technology* 1–28 [beskikbaar op internet [http://go.warwick.ac.uk/jilt/2008\\_2/snail](http://go.warwick.ac.uk/jilt/2008_2/snail)]

## W

### Weitzman 1997 *JLC*

Weitzman T "Validity and Excuse in the U.N Sales Convention" 1997  
*Journal of Law and Commerce* 265-290 [beskikbaar op internet <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/biblio/1weitzm.html#52>]

## Z

### Zeller 2002 *EJLR*

Zeller B "Determining the contractual intent of parties under the CISG and common law - a comparative analysis" 2002 *European Journal of Law Reform* vol 4 uitgawe 4 629-643 [beskikbaar op internet <http://www.cisg.law.pace.edu/cisg/biblio/zeller8.html>]

## **Wetgewing**

*Die Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies*, 25 van 2002

21 Mei 2011

## **WIE DIT MAG AANGAAN**

Ek, Elma de Kock, het die Navorsingsverslag van F.J. Coetzer (12795860), Dwaling weens foutiewe kommunikasie by die elektroniese kontrakteringsproses, se teksversorging hanteer.

Dankie

Elma de Kock

Sel: 083 302 5282 Dtg

Tel: 018 294 7417

e-pos: elma.dekock@gmail.com